

# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# NASIONALE KREDIETWET

## Wet 34 van 2005

[BEKRAGTIG: 10 MAART 2006]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 1 JUNIE 2006]  
(Tensy anders vermeld)

*(Engelse teks deur die President onderteken)*

**Belangrike voorbehoud:** In geval van enige onsekerheid, dispuut of verskil met betrekking tot uitleg, geld die Engelse teks van hierdie Wet.

### WET

Om 'n billike en nediskriminerende mark te bevorder vir toegang tot verbruikerskrediet en om met die oog daarop voorsiening te maak vir die algemene regulering van verbruikerskrediet en verbeterde standarde ten opsigte van verbruikersinligting; om swart ekonomiese bemagtiging en eiendomsreg binne die verbruikerskredietbedryf te bevorder; om sekere onbillike krediet- en kredietbemarkingspraktyke te verbied; om die verantwoordelike verlening en gebruik van krediet te bevorder en om met die oog daarop die roekelose verlening van krediet te verbied; om voorsiening te maak vir skuldherstrukturering in gevalle van oorverskuldigheid; om kredietinligting te reguleer; om voorsiening te maak vir die registrasie van kredietburo's, kredietverskaffers en skuldberadingsdienste; om nasionale norme en standarde met betrekking tot verbruikerskrediet te vestig; om 'n konsekwente afdwingingsraamwerk met betrekking tot verbruikerskrediet te bevorder; om die Nasionale Kredietreguleerder en Nasionale Verbruikerstribunaal in te stel; om die Woekerwet, 1968, en die Wet op Kredietooreenkomste, 1980, te herroep; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## INDELING VAN ARTIKELS

Artikels

### HOOFSTUK 1

#### UITLEG, DOEL EN TOEPASSING VAN WET

##### *Deel A*

##### *Uitleg*

1.	Woordomskrywing .....	8
2.	Uitleg.....	144

##### *Deel B*

##### *Doel en toepassing*

3.	Doel van Wet .....	166
4.	Toepassing van Wet .....	16
5.	Beperkte toepassing van Wet op insidentele kredietooreenkomste .....	18
6.	Beperkte toepassing van Wet wanneer verbruiker n regspersoon is .....	19
7.	Drempelbepaling en bedryfsvlakke .....	19

##### *Deel C*

##### *Klassifisering van en kategorieë kredietooreenkomste*

8.	Kredietooreenkomste .....	20
9.	Kategorieë kredietooreenkomste .....	21
10.	Ontwikkelingskredietooreenkomste .....	21
11.	Openbarebelang-kredietooreenkomste.....	22

### HOOFSTUK 2

#### VERBRUIKERSKREDIETINSTELLINGS

##### *Deel A*

##### *Nasionale Kredietreguleerder*

12.	Instelling van Nasionale Kredietreguleerder.....	23
13.	Ontwikkeling van toeganklike kredietmark .....	23
14.	Registrasiewerksaamhede van Nasionale Kredietreguleerder.....	24
15.	Afdwingingswerksaamhede van Nasionale Kredietreguleerder .....	24
16.	Navorsing en openbare inligting.....	25
17.	Betrekkinge met ander reguleringsowerhede.....	26
18.	Verslagdoeningsvereistes van Nasionale Kredietreguleerder .....	26
19.	Bestuur van Nasionale Kredietreguleerder .....	27
20.	Kwalifikasies vir lidmaatskap van Raad .....	28
21.	Botsende belange van lede van Raad .....	28
22.	Bedanking, verwydering uit amp en vakatures.....	29
23.	Aanstelling van Hoof- Uitvoerende Beampte .....	30
24.	Botsende belange .....	30
25.	Aanstelling van inspekteurs en ondersoekers.....	30

##### *Deel B*

##### *Nasionale Verbruikerstribunaal*

26.	Instelling en samestelling van Tribunaal .....	31
27.	Werksaamhede van Tribunaal .....	31
28.	Kwalifikasies van lede van Tribunaal .....	31
29.	Ampstermyn van lede van Tribunaal.....	32
30.	Adjunkvoorsitter van Tribunaal.....	32
31.	Tribunaalverrigtinge .....	32
32.	Botsings en openbaarmaking van belange .....	33

33.	Waarneming deur lid van Tribunaal ná verstryking van ampstermyn.....	33
34.	Vergoeding en voordele.....	33

*Deel C*

*Administratiewe aangeleenthede*

35.	Finansies.....	33
36.	Hersienings en verslae aan Minister .....	34

*Deel D*

*Nasionale en provinsiale samewerking*

37.	Samewerkende uitoefening van konkurrente jurisdiksie .....	34
38.	Deel van inligting.....	34

**HOOFSTUK 3**

**REGULERING VAN VERBRUIKERSKREDIETBEDRYF**

*Deel A*

*Registrasievereistes, -kriteria en -prosedures*

39.	Beperkte toepassing van hierdie Deel .....	36
40.	Registrasie van kredietverskaffers .....	36
41.	Aanvullende registrasie om ontwikkelingskrediet te verskaf .....	37
42.	Drempels op kredietverskaffers van toepassing .....	38
43.	Registrasie van kredietburo's.....	38
44.	Registrasie van skuldberaders.....	39
45.	Aansoek om registrasie.....	39
46.	Diskwalifikasie van natuurlike persone .....	40
47.	Diskwalifikasie van regspersone en assosiasies.....	41
48.	Voorwaardes vir registrasie.....	41
49.	Wysiging van voorwaardes vir registrasie.....	42
50.	Magtiging en standaardvoorwaardes vir registrasie.....	43
51.	Aansoek-, registrasie- en hernuwingsgelde .....	43
52.	Sertifikaat, geldigheid en openbare kennisgewing van registrasie.....	44
53.	Nasionale rekord van registrasies.....	45

*Deel B*

*Voldoeningsprosedures en kansellering van registrasie*

54.	Beperkte aktiwiteite deur ongeregistreerde persone.....	45
55.	Voldoeningskennisgewings.....	46
56.	Beswaar teen kennisgewings.....	47
57.	Kansellering van registrasie .....	47
58.	Vrywillige kansellering van registrasie .....	48
59.	Hersiening van of appèl teen besluite .....	48

**HOOFSTUK 4**

**VERBRUIKERSKREDIETBELEID**

*Deel A*

*Verbruikersregte*

60.	Reg om aansoek te doen om krediet .....	49
61.	Beskerming teen diskriminasie ten opsigte van krediet .....	49
62.	Reg op redes indien krediet geweier word.....	51
63.	Reg op inligting in amptelike taal .....	51
64.	Reg op inligting in eenvoudige en verstaanbare taal .....	52
65.	Reg om dokumente te ontvang.....	52
66.	Beskerming van verbruikerskredietregte.....	53

## Deel B

### *Vertroulikheid, persoonlike inligting en verbruikerskredietrekords*

67.	Teenstrydige wetgewing .....	54
68.	Reg op vertroulike behandeling .....	54
69.	Nasionale register van kredietooreenkomste .....	54
70.	Kredietburo-inligting .....	55
71.	Verwydering van rekord van skuldaanpassing of vonnis .....	57
72.	Reg om toegang tot kredietrekords en -inligting te verkry en om dit te betwis	57
73.	Verifiëring, hersiening en verwydering van verbruikerskredietinligting .....	59

## Deel C

### *Kredietbemarkingspraktyke*

74.	Negatiewe opsiebemaking en onttrekkingsvereistes .....	59
75.	Bemaking en verkope van krediet tuis of by werk .....	60
76.	Reklamepraktyke .....	60
77.	Vereiste bemarkingsinligting .....	61

## Deel D

### *Oorverskuldigheid en roekelose krediet*

78.	Toepassing en uitleg van hierdie Deel .....	62
79.	Oorverskuldigheid .....	62
80.	Roekelose krediet .....	63
81.	Voorkoming van roekelose krediet .....	64
82.	Beoordelingsmeganismes en -prosedures .....	64
83.	Hof kan roekelose kredietooreenkoms opskort .....	65
84.	Uitwerking van opskorting van kredietooreenkoms .....	65
85.	Hof kan oorverskuldigheid verklaar en verlig .....	66
86.	Aansoek om skuldher siening .....	66
87.	Landdroshof kan verbruiker se verpligtinge herstruktureer .....	67
88.	Uitwerking van skuldher sienings- of skuldherstruktureringsbevel of -ooreenkoms .....	68

## HOOFSUK 5

### VERBRUIKERSKREDIETOOREENKOMSTE

## Deel A

### *Onwettige ooreenkomste en bepalings*

89.	Onwettige kredietooreenkomste .....	69
90.	Onwettige bepalings van kredietooreenkoms .....	70
91.	Aanvullende vereistes en dokumente .....	72

## Deel B

### *Openbaarmaking, vorm en uitwerking van kredietooreenkomste*

92.	Voorooreenkomsopenbaarmaking .....	73
93.	Vorm van kredietooreenkomste .....	74
94.	Aanspreeklikheid vir verlore of gesteelde kaarte of ander identifiseringstoestelle .....	74
95.	Veranderinge, uitstel en kwyt skelding .....	74
96.	Adres vir kennisgewing .....	75
97.	Verbruiker moet plek van goedere openbaar maak .....	75
98.	Ooreenkoms van toepassing op vervangde goedere .....	75
99.	Verpligtinge van pandhouers .....	76

## Deel C

### *Verbruikersaanspreeklikheid, rente, heffings en gelde*

100.	Verbode heffings.....	76
101.	Koste van krediet .....	77
102.	Gelde of heffings.....	78
103.	Rente .....	78
104.	Veranderinge aan rente, kredietgelde of heffings .....	79
105.	Maksimum rentekoerse, gelde en heffings.....	79
106.	Kredietversekering .....	80

## Deel D

### *Rekeningstate*

107.	Beperkte toepassing van hierdie Deel .....	81
108.	Rekeningstaat.....	82
109.	Vorm en inhoud van rekeningstaat .....	82
110.	Staat van bedrag verskuldig en verwante sake.....	82
111.	Betwiste inskrywings in rekening .....	83
112.	Datering en aanpassing van debiete en krediete in rekening.....	83
113.	Staat van vereffeningsbedrag .....	84
114.	Tribunaal kan bevel gee dat staat verskaf word.....	84
115.	Geskille betreffende state .....	84

## Deel E

### *Wysiging van kredietooreenkoms*

116.	Wysiging van oorspronklike of gewysigde ooreenkomsdokument .....	84
117.	Veranderinge volgens ooreenkoms .....	85
118.	Verlagings in kredietperk kragtens kredietfasiliteit .....	85
119.	Verhogings in kredietperk kragtens kredietfasiliteit .....	85
120.	Eensydige veranderinge deur kredietverskaffer .....	87

## Deel F

### *Nietigverklaring en beëindiging van kredietooreenkomste*

121.	Verbruiker se reg om kredietooreenkoms nietig te verklaar herroep.....	87
122.	Wanneer verbruiker ooreenkoms kan beëindig.....	88
123.	Beëindiging van ooreenkoms deur kredietverskaffer .....	88

## HOOFSTUK 6

### INVORDERING, TERUGBETALING, TERUGGAWA EN SKULDAFDWINGING

#### Deel A

##### *Invorderings- en terugbetalingspraktyke*

124.	Heffings teen ander rekeninge .....	89
125.	Verbruiker of waarborggewer se reg om ooreenkoms te vereffen .....	89
126.	Vroeë betalings en kreditering van betalings .....	90

#### Deel B

##### *Teruggawe van goedere*

127.	Teruggawe van goedere .....	90
128.	Vergoeding vir verbruiker .....	92

#### Deel C

##### *Skuldafdwinging deur terugneming of vonnis*

129.	Vereiste prosedures voor skuldafdwinging.....	92
130.	Skuldprosedures in 'n hof.....	93

131.	Terugneming van goedere .....	94
132.	Vergoeding vir kredietverskaffer .....	95
133.	Verbode invorderings- en afdwingingspraktyke .....	95

## HOOFSTUK 7

### ANDER GESKILBESLEGTING AS SKULDAFDWINGING

#### *Deel A*

##### *Alternatiewe geskilbeslegting*

134.	Alternatiewe geskilbeslegting.....	96
135.	Geskilbeslegting kan toestemmingsbevel tot gevolg hê.....	97

#### *Deel B*

##### *Indiening van klagtes of aansoeke*

136.	Indiening van 'n klagte by Nasionale Kredietreguleerder .....	97
137.	Indiening van aansoeke by Tribunaal .....	97
138.	Toestemmingsbevele .....	98

#### *Deel C*

##### *Informele beslegting of ondersoek van klagtes*

139.	Ondersoek deur Nasionale Kredietreguleerder.....	98
140.	Uitslag van klagte.....	99
141.	Verwysing na Tribunaal.....	100

#### *Deel D*

##### *Oorweging deur Tribunaal van klagtes, aansoeke en verwysings*

142.	Verhore voor Tribunaal .....	101
143.	Reg om aan verhoor deel te neem.....	101
144.	Bevoegdhede van lid wat by verhoor voorsit.....	102
145.	Prosedurereëls.....	102
146.	Getuies.....	102
147.	Koste.....	102
148.	Appèlle en hersienings.....	102

#### *Deel E*

##### *Tribunaalbevele*

149.	Tussentydse regsmittele .....	103
150.	Bevele van Tribunaal .....	103
151.	Administratiewe boetes.....	104
152.	Regsposisie en afdwinging van bevele .....	104

## HOOFSTUK 8

### AFDWINGING VAN WET

#### *Deel A*

##### *Deursoekings*

153.	Magtiging om kragtens lasbrief te betree en te deursoek .....	105
154.	Bevoegdhede om te betree en te deursoek .....	105
155.	Uitvoering van betreding en deursoeking.....	106

#### *Deel B*

##### *Misdrywe*

156.	Vertrouensbreuk .....	107
157.	Belemmering van toepassing van Wet.....	107
158.	Versuim om teenwoordig te wees by verhoor indien gedagvaar.....	107

159.	Versuim om volledig of eerlik te antwoord.....	108
160.	Misdrywe in verband met reguleerder en Tribunaal .....	108
161.	Strawwe .....	108
162.	Landdroshof se jurisdiksie om strawwe op te lê.....	108

### *Deel C*

#### *Diverse aangeleenthede*

163.	Agente.....	109
164.	Siviele gedinge en jurisdiksie .....	109
165.	Wysiging van bevel .....	110
166.	Beperkings op instel van geding .....	110
167.	Bewysmaatstaf.....	111
168.	Betekening van dokumente.....	111
169.	Bewys van feite.....	111
170.	Kredietverskaffer moet rekords hou .....	111

### HOOFSTUK 9

#### ALGEMENE BEPALINGS

171.	Regulasies .....	112
172.	Teenstrydige wetgewing, gevolglike wysigings, herroeping van wette en oorgangsreëlings .....	112
173.	Kort titel en inwerkingtreding.....	113

#### Bylae 1

#### REËLS BETREFFENDE TEENSTRYDIGE WETGEWING

#### Bylae 2

#### WYSIGING VAN WETTE

#### Bylae 3

#### OORGANGSBEPALINGS

1.	Woordomskrywing .....	120
2.	Vertraagde toepassing van vereiste registrasie .....	120
3.	Nasionale register van kredietooreenkomste .....	120
4.	Toepassing van Wet op vooraf bestaande ooreenkomste .....	120
5.	Maksimum rentekoers.....	121
6.	Spesifieke behoud van regte, instruksies, registrasie en soortgelyke regsposisie .....	122
7.	Algemene behoud van regulasies, regte, pligte, kennisgewings en ander instrumente .....	122
8.	Nasionale Kredietreguleerder .....	122
9.	Provinsiale reguleringskapasiteit.....	122
10.	Voortgesette afdwinging van herroepe wette .....	123
11.	Regulasies .....	123

# HOOFSTUK 1

## UITLEG, DOEL EN TOEPASSING VAN WET

### Deel A

### Uitleg

#### 1. Woordomskrywing

In hierdie Wet beteken—

**“aanvangsgelde”** (“initiation fee”) gelde ten opsigte van die koste om ’n kredietooreenkoms in te stel, wat—

- (a) deur die kredietverskaffer teen die verbruiker gehef word; of
- (b) met die aangaan van die kredietooreenkoms deur die verbruiker aan die kredietverskaffer betaal word;

**“advertensie”** (“advertisement”) enige skriftelike, geïllustreerde, visuele of ander beskrywende materiaal, kommunikasie, voorstelling of verwysing deur middel waarvan n persoon probeer om die aard, eienskappe, voordele of gebruike van, voorwaardes ten opsigte van, of pryse van—

- (a) goedere wat aangekoop, gehuur of op ’n ander wyse bekom word;
- (b) ’n beskikbare diens; of
- (c) krediet wat verleen kan word,

onder die aandag van die hele publiek of ’n gedeelte van die publiek te bring;

**“afslagtransaksie”** (“discount transaction”) ’n ooreenkoms, ongeag die vorm daarvan, ingevolge waarvan—

- (a) goedere of dienste oor ’n tydperk aan ’n verbruiker gelewer moet word; en
- (b) meer as een prys vir die goedere of diens gekwoteer word, die laer prys synde toepaslik indien die rekening op of voor ’n vasgestelde datum betaal word, en ’n hoër prys of pryse synde toepaslik indien die rekening<sup>1</sup> ná daardie datum, of periodiek gedurende daardie tydperk, betaal word;

**“alternatiewegeskilbeslegtingsagent”** (“alternative dispute resolution agent”) ’n persoon wat dienste verskaf om hulp te verleen in die beslegting van verbruikerskredietgeskille deur versoening, bemiddeling of arbitrasie;

**“amptelike taal”** (“official language”) ’n amptelike taal gelys in artikel 6(1) van die Grondwet;

**“deurlopende diens”** (“continuous service”) die lewering teen vergoeding van ’n nuts- of ander diens, behalwe krediet of toegang tot krediet, of die lewering van so ’n nuts- of ander diens tesame met die verskaffing van enige goedere wat noodsaaklik is vir die gebruikmaking van daardie nuts- of ander diens deur die verbruiker, met die bedoeling dat, solank as wat die ooreenkoms om daardie nuts- of ander diens te lewer, van krag bly, die verskaffer moet toesien dat die diens deurlopend beskikbaar is sodat dit gebruik, toegang daartoe verkry of daaruit geput kan word—

- (a) van tyd tot tyd soos deur die verbruiker bepaal; en
- (b) met enige frekwensie of in enige hoeveelheid soos wat bepaal, benodig of aangevra word, of soos wat daartoe toegang verkry of daaruit geput word, deur die verbruiker, behoudens slegs die totale gebruike- of kosteperke uiteengesit in die ooreenkoms;

**“diensgeld”** (“service fee”) gelde wat periodiek deur ’n kredietverskaffer gevra kan word in verband met die roetineadministrasiekoste van die instandhouding van ’n kredietooreenkoms;

**“effektiewe datum”**, (“effective date”) met betrekking tot enige besondere bepaling van hierdie Wet, die datum waarop daardie bepaling in werking getree het;

---

<sup>1</sup> Engels: "price".

- “gelykheidshof”** (“equality court”) ’n gelykheidshof soos omskryf in die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie<sup>2</sup>;
- “geregistreerde”** (“registrant”) ’n persoon wat ingevolge hierdie Wet geregistreer is;
- “gereguleerde finansiële instelling”** (“regulated financial institution”) ’n bank soos omskryf in die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), ’n onderlinge bank soos omskryf in die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993), of enige ander finansiële instelling wat op soortgelyke wyse gelisensieer en gemagtig is om, ingevolge enige nasionale wetgewing, sake te doen en deposito’s van die publiek te neem;
- “gesekureerde lening”** (“secured loan”) ’n ooreenkoms, ongeag die vorm daarvan, maar nie ook ’n paaimentooreenkoms nie, ingevolge waarvan ’n persoon—
- (a) geld voorskiet of krediet verleen aan ’n ander; en
  - (b) ’n borg of sessie van die eiendomsreg op enige roerende eiendom of ander waarde-item as sekuriteit vir al die bedrae verskuldig kragtens daardie ooreenkoms behou of ontvang;
- “herroepe wet”** (“repealed law”) ’n Wet in artikel 172(4) vermeld, of ’n openbare regulasie ingevolge so ’n Wet uitgevaardig;
- “hierdie Wet”** (“this Act”) ook ’n Bylae by hierdie Wet of ’n regulasie uitgevaardig of kennisgewing uitgereik kragtens hierdie Wet;
- “hoofskuld”** (“principal debt”) die bedrag ooreenkomstig artikel 101(1)(a) bereken;
- “huurkontrak”** (“lease”) ’n ooreenkoms ingevolge waarvan—
- (a) tydelike besit van enige roerende eiendom gelewer is aan of volgens die voorskrifte van die verbruiker, of die reg om sodanige eiendom te gebruik, verleen is aan of volgens die voorskrifte van die verbruiker;
  - (b) betaling vir die besit of gebruik van daardie eiendom—
    - (i) gedoen word op ’n ooreengekome of vasgestelde periodieke grondslag terwyl die ooreenkoms geldig is; of
    - (ii) ten volle of gedeeltelik uitgestel word vir enige tydperk terwyl die ooreenkoms geldig is;
  - (c) rente, gelde of ander heffings aan die kredietverskaffer betaalbaar is ten opsigte van die ooreenkoms, of van die bedrag wat uitgestel is; en
  - (d) eiendomsreg op daardie eiendom aan die einde van die termyn van die ooreenkoms—
    - (i) óf ten volle op die verbruiker oorgaan;
    - (ii) óf by nakoming van spesifieke voorwaardes uiteengesit in die ooreenkoms op die verbruiker oorgaan;
- “insidentele kredietooreenkoms”** (“incidental credit agreement”) ’n ooreenkoms, ongeag die vorm daarvan, ingevolge waarvan ’n rekening gelewer is vir goedere of dienste wat aan die verbruiker gelewer is, of vir goedere of dienste wat oor ’n tydperk aan die verbruiker gelewer moet word, en ten opsigte waarvan een of albei van die volgende voorwaardes geld:
- (a) Gelde, ’n heffing of rente het betaalbaar geword toe betaling van ’n bedrag gehef ingevolge daardie rekening, nie gedurende, op of voor ’n vasgestelde tydperk of datum gedoen is nie; of
  - (b) twee pryse is gekwoteer vir die vereffening van die rekening, die laer prys synde toepaslik indien die rekening op of voor ’n vasgestelde datum betaal word, en die hoër prys synde toepaslik op grond daarvan dat die rekening nog nie teen daardie datum betaal is nie;
- “inspekteur”** (“inspector”) ’n persoon as sodanig ingevolge artikel 25(1)(a) aangestel;
- “invorderingskoste”** (“collection costs”) ’n bedrag wat deur ’n kredietverskaffer gevra kan word ten opsigte van die afdwinging van ’n verbruiker se geldelike verpligtinge kragtens ’n

---

<sup>2</sup> "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act" – Daar is nie ’n amptelike vertaling in Afrikaans van dié Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer nie.

kredietooreenkoms, maar nie ook 'n wanbetalingsadministrasieheffing nie;

**“Kabinet”** (“Cabinet”) die Kabinet bedoel in artikel 91 van die Grondwet;

**“klaer”** (“complainant”) 'n persoon wat 'n klagte ingevolge artikel 136(1) ingedien het;

**“kleinonderneming”** (“small business”) 'n kleinonderneming soos omskryf in die Nasionale Kleinondernemingswet, 1996 (Wet No. 102 van 1996);

**“kollektiewe ooreenkoms”** (“collective agreement”) 'n kollektiewe ooreenkoms soos omskryf in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995);

**“koöperasie”** (“co-operative”) 'n outonome assosiasie van persone vrywillig verenig om hul gemeenskaplike ekonomiese en maatskaplike behoeftes en aspirasies te bevredig by wyse van 'n demokraties beheerde onderneming wat in gesamentlike besit is en wat volgens koöperatiewe beginsels georganiseer en bedryf word;

**“krediet”** (“credit”)—

(a) 'n uitstel van betaling van geld aan 'n persoon verskuldig, of 'n verbintenis om so 'n betaling uit te stel; of

(b) 'n verbintenis om geld voor te skiet of te betaal aan, of volgens die voorskrif van, 'n ander persoon;

**“kredietagent”** (“credit agent”) 'n persoon aangestel om 'n kredietverskaffer te verteenwoordig soos beoog in artikel 163, behalwe 'n werknemer van daardie kredietverskaffer;

**“kredietburo”** (“credit bureau”) 'n persoon van wie vereis word om aansoek te doen om registrasie as sodanig ingevolge artikel 43(1);

**“kredietfasiliteit”** (“credit facility”) 'n ooreenkoms wat voldoen aan al die kriteria uiteengesit in artikel 8(3);

**“kredietkoöperasie”** (“credit co-operative”) 'n koöperasie waarvan die oorwegende oogmerk is om finansiële dienste aan sy lede te bied;

**“kredietlebensversekering”** (“credit life insurance”) ook dekking betaalbaar in die geval van 'n verbruiker se afsterwe, ongeskiktheid, terminale siekte, werkloosheid, of ander versekerbare risiko wat waarskynlik 'n negatiewe uitwerking sal hê op die verbruiker se vermoë om 'n inkomste te verdien of sy of haar verpligtinge kragtens 'n kredietooreenkoms na te kom;

**“kredietooreenkoms”** (“credit agreement”) 'n ooreenkoms wat voldoen aan al die kriteria uiteengesit in artikel 8;

**“kredietreguleerder”** (“credit regulator”) 'n provinsiale kredietreguleerder, of die Nasionale Kredietreguleerder ingestel by artikel 12;

**“krediettransaksie”** (“credit transaction”) 'n ooreenkoms wat voldoen aan die kriteria in artikel 8(4) uiteengesit;

**“kredietversekering”** (“credit insurance”) 'n ooreenkoms tussen 'n versekeraar, aan die een kant, en 'n kredietverskaffer of 'n verbruiker of albei, aan die ander kant, ingevolge waarvan die versekeraar instem om 'n voordeel te betaal met die plaasvind van 'n vermelde gebeurlikheid, primêr met die oog daarop om al die verpligtinge van die verbruiker teenoor die kredietverskaffer, of 'n gedeelte daarvan, kragtens 'n kredietooreenkoms na te kom soos op die tydstip waarop die vermelde gebeurlikheid plaasvind, en ook—

(a) 'n kredietlebensversekeringsooreenkoms;

(b) 'n ooreenkoms wat dekking bied teen verlies van of skade aan eiendom; of

(c) 'n ooreenkoms wat dekking bied teen—

(i) verlies of diefstal van 'n toegangskart, persoonlike inligtingsnommer of soortgelyke toestel; of

(ii) enige verlies of diefstal van krediet voortspruitend uit 'n verlies of diefstal beoog in subparagraaf (i);

**“kredietverskaffer”**, (“credit provider”) ten opsigte van 'n kredietooreenkoms waarop hierdie Wet van toepassing is—

(a) die party wat goedere of dienste kragtens 'n afslagtransaksie, insidentele kredietooreenkoms of paaiementooreenkoms verskaf;

(b) die party wat geld of krediet kragtens 'n pandtransaksie voorskiet;

- (c) die party wat krediet kragtens 'n kredietfasiliteit verleen;
- (d) die verbandhouer kragtens 'n verbandooreenkoms;
- (e) die uitlener kragtens 'n gesekureerde lening;
- (f) die verhuurder kragtens 'n huurkontrak;
- (g) die party aan wie 'n versekering of verbintenis kragtens 'n kredietwaarborg gegee word;
- (h) die party wat kragtens enige ander kredietooreenkoms geld of krediet aan 'n ander voorskiet; of
- (i) enige ander persoon wat die regte van 'n kredietverskaffer kragtens 'n kredietooreenkoms verkry nadat dit aangegaan is;

**“kredietwaarborg”** (“credit guarantee”) 'n ooreenkoms wat voldoen aan al die kriteria uiteengesit in artikel 8(5);

**“lae-inkomstebehuising”** (“low income housing”) ook enige behuising verskaf ingevolge 'n behuisingsontwikkelingsprogram, behuisingsbystandsmaatreël of enige ander maatreël of reëling wat ontwerp is om—

- (a) toegang tot behuising of die verskaffing van behuising te fasiliteer; of
- (b) bestaande behuisingsvoorraad, of verwante munisipale infrastruktuur en dienste te herstel of op te gradeer, tot voordeel van persone beoog in artikel 13(a), of ander persone wat nie onafhanklik in hul eie behuisingsbehoefte kan voorsien nie;

**“Land- en Landbou-ontwikkelingsbank”** (“Land and Agricultural Development Bank”) die Land- en Landbou-ontwikkelingsbank soos omskryf in die Wet op die Land- en Landbou-ontwikkelingsbank, 2002 (Wet No. 15 van 2002);

**“lid van die Raad”** (“member of the Board”) 'n persoon ingevolge artikel 19 aangewys of aangestel om in die Raad te dien;

**“lisensie”** (“licence”) die magtiging, ongeag die spesifieke titel of vorm daarvan, aan 'n gereguleerde finansiële instelling verleen ingevolge waarvan sodanige instelling gemagtig is om sy sake te bedryf;

**“LUR”** (“MEC”) 'n Lid van die Uitvoerende Raad;

**“Minister”** (“Minister”) die lid van die Kabinet verantwoordelik vir verbruikerskredietaanleenthede;

**“noodlening”** (“emergency loan”) 'n kredietooreenkoms deur 'n verbruiker aangegaan om koste te finansier wat voortspruit uit of verband hou met —

- (a) 'n sterfte, siekte of mediese toestand;
- (b) onverwagte verlies van of onderbreking in inkomste; of
- (c) katastrofiese verlies van of skade aan huis of eiendom as gevolg van brand, diefstal of 'n natuurramp,

wat die verbruiker, 'n persoon wat van die verbruiker afhanklik is of 'n persoon vir wie die verbruiker finansiël verantwoordelik is, raak;

**“nutsdiens”** (“utility”) die lewering aan die publiek van 'n noodsaaklike—

- (a) kommoditeit, soos elektrisiteit, water of gas; of
- (b) diens, soos afvalverwydering, of toegang tot rioleringsnetwerke, telekommunikasienetwerke of enige vervoerinfrastruktuur.

**“ombud met jurisdiksie”**, (“ombud with jurisdiction”) ten opsigte van enige bepaalde geskil voortspruitend uit 'n kredietooreenkoms ingevolge waarvan die kredietverskaffer 'n **“finansiële instelling”** is soos omskryf in die Wet op Finansiële Dienste Ombudskemas<sup>3</sup>, 2004 (Wet No. 37 van 2004), 'n **“ombud”**, of die **“statutêre ombud”**, soos wat daardie terme onderskeidelik in daardie Wet omskryf word, wat ingevolge daardie Wet jurisdiksie het om met 'n klagte teen daardie finansiële instelling te handel;

---

<sup>3</sup> "Financial Services Ombud Schemes Act" – Daar is nie 'n amptelike vertaling in Afrikaans van dié Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer nie.

**“onderwyslening”** (“educational loan”) —

- (a) ’n studentelening;
- (b) ’n skoolkening; of
- (c) ’n ander kredietooreenkoms deur ’n verbruiker aangegaan vir doeleindes wat verband hou met die verbruiker se volwasse onderwys, opleiding of vaardigheidsontwikkeling.

**“ontwikkelingskredietooreenkoms”** (“developmental credit agreement”) ’n kredietooreenkoms wat voldoen aan die kriteria uiteengesit in artikel 10;

**“ooreenkoms”** (“agreement”) ook ’n reëling of verstandhouding tussen twee of meer partye, wat voorgee ’n regsverhouding tussen daardie partye te vestig;

**“openbarebelang-kredietooreenkoms”** (“public interest credit agreement”) ’n kredietooreenkoms wat voldoen aan al die kriteria voorgeskryf ingevolge artikel 11, en wat derhalwe vrygestel is van die toepassing van bepalinge van hierdie Wet betreffende roekelose krediet;

**“openbare regulasie”** (“public regulation”) enige nasionale, provinsiale of plaaslikeregeringswetgewing of enige ondergeskikte wetgewing, of enige lisensie, tarief, aanwysing of soortgelyke magtiging uitgereik deur ’n reguleringsowerheid of ingevolge enige statutêre gesag;

**“paaientooreenkoms”** (“instalment agreement”) ’n verkoop van roerende eiendom ingevolge waarvan—

- (a) die volle of ’n gedeelte van die prys uitgestel word en by wyse van periodieke betalings betaalbaar is;
- (b) besit en gebruik van die eiendom aan die verbruiker oorgedra word;
- (c) eiendomsreg op die eiendom—
  - (i) óf slegs wanneer die ooreenkoms ten volle nagekom is, op die verbruiker oorgaan;
  - (ii) óf onmiddellik op die verbruiker oorgaan, behoudens ’n reg van die kredietverskaffer om die eiendom terug te neem indien die verbruiker versuim om al die verbruiker se finansiële verpligtinge kragtens die ooreenkoms na te kom; en
- (d) rente, gelde of ander heffings aan die kredietverskaffer betaalbaar is ten opsigte van die ooreenkoms, of die bedrag wat uitgestel is;

**“pandtransaksie”** (“pawn transaction”) ’n ooreenkoms, ongeag die vorm daarvan, ingevolge waarvan—

- (a) een party aan ’n ander geld voorskiet of krediet verleen en, wanneer dit geskied, besit neem van goedere as sekuriteit vir die geld voorgeskiet of krediet verleen; en
- (b)
  - (i) óf die geraamde herverkoopwaarde van die goedere die waarde oorskry van die geld wat verskaf of krediet wat verleen word;
  - (ii) óf ’n heffing, gelde of rente opgelê word ten opsigte van die ooreenkoms, of ten opsigte van die bedrag wat geleen of krediet wat verleen word; en
- (c) die party wat die geld voorgeskiet of krediet verleen het by die verstryking van ’n omskrewe tydperk geregtig is om die goedere te verkoop en die volle opbrengs van die verkoping te behou ter vereffening van die verbruiker se verpligtinge kragtens die ooreenkoms;

**“perseel”** (“premises”) ook grond, of enige gebou, struktuur, voertuig, skip, boot, vaartuig, vliegtuig of houer;

**“privaat woning”** (“private dwelling”) enige gedeelte van ’n formele of informele struktuur wat as woonplek beset word, of enige gedeelte van ’n struktuur of buitelugleefruimte wat bykomend is tot ’n woonplek en hoofsaaklik vir die doeleindes van ’n woonplek gebruik word;

**“provinsiale kredietreguleerder”** (“provincial credit regulator”) ’n liggaam binne die provinsiale regeringsfeer wat gemagtig is om verbruikerskredietaanleenthede binne ’n provinsie

te reguleer;

**“Raad”** (“Board”) die beherende liggaam van die Nasionale Kredietreguleerder, ingestel ooreenkomstig artikel 19;

**“regspersoon”** (“juristic person”) ook ’n vennootskap, assosiasie of ander liggaam van persone, hetsy met regs persoonlikheid beklee al dan nie, of ’n trust indien—

(a) daar drie of meer individuele trustees is; of

(b) die trustee sigself ’n regspersoon is,

maar nie ook ’n stokvel nie;

**“regulasie”** (“regulation”) ’n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig;

**“reguleringsowerheid”** (“regulatory authority”) ’n entiteit wat ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing ingestel is en wat vir die regulering van ’n bedryf, of sektor van ’n bedryf, verantwoordelik is.

**“respondent”** (“respondent”) ’n persoon teen wie ’n klagte of aansoek ingevolge hierdie Wet ingedien is;

**“roekelose krediet”** (“reckless credit”) die krediet verleen aan ’n verbruiker kragtens ’n kredietooreenkoms aangegaan in omstandighede beskryf in artikel 80;

**“skoolening”** (“school loan”) ’n kredietooreenkoms ingevolge waarvan—

(a) geld aan ’n primêre of sekondêre skool betaal word op rekening van skoolgelde of verwante koste vir die voordeel van die verbruiker se kind of ander afhanklike; of

(b) ’n primêre of sekondêre skool die betaling uitstel van al die skoolgeld of verwante koste of ’n gedeelte daarvan vir die verbruiker se kind of ander afhanklike;

**“sms”** (“sms” – “short message service”) ’n kortboodskapdiens (“kdb”) gelewer deur middel van ’n telekommunikasiestelsel;

**“staatsorgaan”** (“organ of state”) ’n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet;

**“statutêre uitsondering”** (“statutory exception”) ’n bepaling van hierdie Wet wat spesifiek voorsiening maak vir uitsonderlike behandeling van ontwikkelingskredietooreenkoms;

**“stokvel”** (“stokvel”) ’n formele of informele roterende finansiële skema met vermaaklikheids-, maatskaplike of ekonomiese werksaamhede, wat—

(a) bestaan uit twee of meer persone in ’n vrywillige assosiasie, elkeen van wie wedersydse ondersteuning aan die ander beloof het ter bereiking van spesifieke doelwitte;

(b) ’n onafgebroke kapitaalpoel vestig deur fondse in te samel by wyse van die subskripsies van die lede;

(c) krediet verleen aan en namens lede;

(d) voorsiening maak vir lede om in winste uit die skema te deel en die bestuur van die skema te benoem; en

(e) op selfopgelegde regulering staatmaak om die belange van sy lede te beskerm;

**“studentelening”** (“student loan”) ’n kredietooreenkoms ingevolge waarvan—

(a) geld deur die kredietverskaffer aan ’n tersiêre onderwysinstelling betaal word op rekening van onderwysgelde of verwante koste vir die voordeel van die verbruiker of ’n afhanklike van die verbruiker; of

(b) ’n tersiêre onderwysinstelling die betaling uitstel van al die onderwysgelde of verwante koste van die verbruiker of van ’n gedeelte daarvan;

**“Suid-Afrikaanse Reserwebank”** (“South African Reserve Bank”) die Suid-Afrikaanse Reserwebank soos omskryf in die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989 (Wet No. 90 van 1989);

**“toepaslike provinsiale wetgewing”** (“applicable provincial legislation”) wetgewing betreffende kredietooreenkoms deur ’n provinsie verorden;

**“Tribunaal”** (“Tribunal”) die Nasionale Verbruikerstribunaal ingestel by artikel 26;

**“tydelike verhoging”**, (“temporary increase”) met betrekking tot die kredietperk van toepassing

op 'n kredietfasiliteit, 'n verhoging in omstandighede beskryf in artikel 119(2);

**“verband”** (“mortgage”) 'n pand van onroerende eiendom wat as sekuriteit vir 'n verbandooreenkoms dien;

**“verbandooreenkoms”** (“mortgage agreement”) 'n kredietooreenkoms wat gesekureer word deur 'n pand van onroerende eiendom;

**“verbode optrede”** (“prohibited conduct”) 'n handeling of versuim in stryd met hierdie Wet, behalwe 'n handeling of versuim wat 'n misdryf kragtens hierdie Wet uitmaak, deur—

(a) 'n ongeregisteerde persoon van wie vereis word om geregistreer te wees om in sodanige handeling betrokke te wees; of

(b) 'n kredietverskaffer, kredietburo of skuldberader;

**“verbruiker”**, (“consumer”) ten opsigte van 'n kredietooreenkoms waarop hierdie Wet van toepassing is –

(a) die party aan wie goedere of dienste kragtens 'n afslagtransaksie, insidentele kredietooreenkoms of paaimentooreenkoms verkoop word;

(b) die party aan wie geld betaal word, of krediet verleen word, kragtens 'n pandtransaksie;

(c) die party aan wie krediet kragtens 'n kredietfasiliteit verleen word;

(d) die verbandgewer kragtens 'n verbandooreenkoms;

(e) die lener kragtens 'n gesekureerde lening;

(f) die huurder kragtens 'n huurkontrak;

(g) die waarborggewer kragtens 'n kredietwaarborg; of

(h) die party aan wie, of volgens wie se voorskrifte, geld voorgeskiet of krediet verleen word kragtens enige ander kredietooreenkoms;

**“verbruikershof”** (“consumer court”) 'n liggaam met daardie naam, of 'n verbruikerstribunaal, by provinsiale wetgewing ingestel;

**“vereffeningswaarde”** (“settlement value”) die bedrag ten opsigte van 'n kredietooreenkoms wat op 'n bepaalde datum betaal moet word om al die verbruiker se finansiële verpligtinge teenoor die kredietverskaffer na te kom, soos bereken ooreenkomstig artikel 125(2);

**“verteenwoordigende vakbond”** (“representative trade union”) 'n verteenwoordigende vakbond soos omskryf in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995);

**“vertroulike inligting”** (“confidential information”) persoonlike inligting wat aan 'n persoon behoort en nie algemeen vir ander beskikbaar of aan ander bekend is nie;

**“voorgeskryf”** (“prescribed”) by regulasie voorgeskryf;

**“wanbetalingsadministrasieheffing”** (“default administration charge”) 'n heffing wat deur 'n kredietverskaffer opgelê kan word om administrasiekoste te dek wat aangegaan is as gevolg van wanbetaling deur 'n verbruiker ten opsigte van 'n verpligting kragtens 'n kredietooreenkoms;

**“Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie”** (“Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”) die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie<sup>4</sup>, 2000 (Wet No. 4 van 2000); en

**“Wet op Landdroshowe”** (“Magistrates' Courts Act”) die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944).

## 2. Uitleg

(1) Hierdie Wet moet uitgelê word op 'n wyse wat uitvoering gee aan die doel van die Wet, wat in artikel 3 uiteengesit word.

(2) Enige persoon, hof of tribunaal wat hierdie Wet uitleê of toepas, kan die toepaslike buitelandse en internasionale reg oorweeg.

---

<sup>4</sup> Daar is nie 'n amptelike vertaling in Afrikaans van dié Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer nie.

(3) Indien 'n bepaling van hierdie Wet vereis dat 'n dokument deur 'n party tot 'n kredietooreenkoms onderteken of geparafeer word, kan daardie ondertekening of parafering aangebring word deur die gebruik van—

- (a) 'n gevorderde elektroniese handtekening, soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002); of
- (b) 'n elektroniese handtekening soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), met dien verstande dat—
  - (i) die elektroniese handtekening deur elke party in die fisiese teenwoordigheid van die ander party of 'n agent van die party aangebring word; en
  - (ii) die kredietverskaffer redelike maatreëls moet tref om die gebruik van die verbruiker se elektroniese handtekening te voorkom vir enige ander doel as die ondertekening of parafering van die bepaalde dokument wat die verbruiker voornemens was om te onderteken of te parafeer.

(4) Ondanks die tydperke uiteengesit in artikels 7(1) en 42(1) bly elke opeenvolgende drempel deur die Minister bepaal ingevolge enige van dié twee artikels van krag totdat 'n daaropvolgende drempel ingevolge daardie artikel van krag word.

(5) Wanneer vir 'n bepaalde getal besigheidsdae tussen die plaasvind van een gebeurtenis en 'n ander voorsiening gemaak word, moet die getal dae bereken word deur—

- (a) die dag waarop die eerste sodanige gebeurtenis plaasvind buite rekening te laat;
- (b) die dag waarop of waarteen die tweede gebeurtenis moet plaasvind in te sluit; en
- (c) enige openbare vakansiedag, Saterdag of Sondag wat val op of tussen die dae in onderskeidelik paragraawe (a) en (b) beoog, buite rekening te laat.

(6) By enige toepassing van hierdie Wet is 'n persoon 'n histories benadeelde persoon indien daardie persoon—

- (a) een van 'n kategorie natuurlike persone is wat, voordat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), in werking getree het, deur onbillike diskriminasie op grond van ras benadeel is;
- (b) 'n assosiasie is waarvan die meerderheid lede natuurlike persone is in paragraaf (a) bedoel;
- (c) 'n regspersoon is wat nie 'n assosiasie, is nie en indien natuurlike persone bedoel in paragraaf (a) 'n meerderheid van sy uitgereikte aandelekapitaal of ledebelange besit of beheer en in staat is om 'n meerderheid van sy stemme te beheer; of
- (d) 'n regspersoon of assosiasie is, en persone bedoel in paragraaf (a), (b) of (c) 'n meerderheid van sy uitgereikte aandelekapitaal of ledebelange besit of beheer en in staat is om 'n meerderheid van sy stemme te beheer.

(7) Behalwe soos spesifiek uiteengesit in, of noodwendig veronderstel deur, hierdie Wet, moet die bepalings van hierdie Wet nie uitgelê word as sou dit —

- (a) enige bepaling van enige ander Wet beperk, wysig, herroep of op 'n ander wyse verander nie;
- (b) enige persoon van enige plig of verpligting deur enige ander Wet opgelê, vrystel nie; of
- (c) enige persoon verbied om aan enige bepaling van 'n ander Wet te voldoen nie.

**Deel B**  
**Doel en toepassing**

**3. Doel van Wet**

Die doel van hierdie Wet is om die maatskaplike en ekonomiese welsyn van Suid Afrikaners te bevorder en te verbeter, 'n billike, deursigtige, mededingende, volhoubare, verantwoordelike, doeltreffende, doelmatige en toeganklike kredietmark en kredietbedryf te bevorder, en om verbruikers te beskerm, deur—

- (a) die ontwikkeling van 'n kredietmark wat vir alle Suid-Afrikaners toeganklik is, en in die besonder vir diegene wat histories nie in staat was om toegang tot krediet onder volhoubare marktoestande te verkry nie;
- (b) konsekwente behandeling van verskillende kredietprodukte en verskillende kredietverskaffers te verseker;
- (c) verantwoordelikheid in die kredietmark te bevorder deur—
  - (i) verantwoordelike leen aan te moedig, oorverskuldigdheid te vermy en die nakoming van finansiële verpligtinge deur verbruikers aan te moedig; en
  - (ii) roekelose kredietverlening deur kredietverskaffers en kontrakbreuk deur verbruikers te ontmoedig;
- (d) billikheid in die kredietmark te bevorder deur 'n ewewig te handhaaf tussen die onderskeie regte en verantwoordelikhede van kredietverskaffers en verbruikers;
- (e) die wanbalanse in onderhandelingsmag tussen verbruikers en kredietverskaffers aan te pak en reg te stel deur—
  - (i) opvoeding aan verbruikers te verskaf oor krediet en verbruikersregte;
  - (ii) verbruikers van genoegsame openbaarmaking van gestandaardiseerde inligting te voorsien ten einde ingeligte keuses uit te oefen; en
  - (iii) verbruikers te voorsien van beskerming teen misleiding, en teen onbillike en bedrieglike optrede deur kredietverskaffers en kredietburo's;
- (f) verbruikerskredietinligting en verslagdoening deur en die regulering van kredietburo's te verbeter;
- (g) oorverskuldigdheid van verbruikers aan te pak en te voorkom, en meganismes vir die oplossing van oorverskuldigdheid te verskaf gegrond op die beginsel dat die verbruiker alle verantwoordelike finansiële verpligtinge moet nakom;
- (h) voorsiening te maak vir 'n konsekwente en toeganklike stelsel vir die konsensuele beslegting van geskille wat uit kredietooreenkomste voortspuit; en
- (i) voorsiening te maak vir 'n konsekwente en geharmonieerde stelsel van skuldherstrukturering, afdwinging en vonnis, wat voorrang verleen aan die uiteindelijke nakoming van alle verantwoordelike verpligtinge van die verbruiker kragtens kredietooreenkomste.

**4. Toepassing van Wet**

(1) Behoudens artikels 5 en 6 is hierdie Wet van toepassing op elke kredietooreenkoms tussen partye wat sake op 'n armlengte-grondslag doen en wat binne die Republiek aangegaan of van krag is, behalwe—

- (a) 'n kredietooreenkoms ingevolge waarvan die verbruiker—

- (i) 'n regs persoon is wie se bate waarde of jaarlikse omset, tesame met die gesamentlike bate waarde of jaarlikse omset van alle verwante regs persone, ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms, gelykstaande is aan die drempelwaarde ingevolge artikel 7(1) deur die Minister bepaal of dié waarde oorskry;
- (ii) die staat is; of
- (iii) 'n staatsorgaan is;
- (b) 'n grootooreenkoms, soos in artikel 9(4) beskryf, ingevolge waarvan die verbruiker 'n regs persoon is wie se bate waarde of jaarlikse omset ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms onder die drempelwaarde is wat ingevolge artikel 7(1) deur die Minister bepaal is;
- (c) 'n kredietooreenkoms ingevolge waarvan die kredietverskaffer die Reserwebank van Suid-Afrika is; of
- (d) 'n kredietooreenkoms ingevolge waarvan die kredietverskaffer buite die Republiek geleë is, welke ooreenkoms deur die Minister goedgekeur is op aansoek deur die verbruiker op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm.

(2) Vir groter sekerheid in die toepassing van subartikel (1)—

- (a) is die bate waarde of die jaarlikse omset van 'n regs persoon ten tyde van die aangaan van 'n kredietooreenkoms, die waarde wat as sodanig deur daardie regs persoon verklaar word op die tydstip waarop om daardie ooreenkoms aansoek gedoen word of waarop daardie ooreenkoms aangegaan word;
- (b) doen die partye nie sake op 'n armlengte-grondslag in enige van die volgende situasies nie:
  - (i) 'n Aandeelhouderslening of ander kredietooreenkoms tussen 'n regs persoon, as verbruiker, en 'n persoon wat 'n beherende belang in daardie regs persoon het, as kredietverskaffer;
  - (ii) 'n lening aan 'n aandeelhouer of ander kredietooreenkoms tussen 'n regs persoon, as kredietverskaffer, en 'n persoon wat 'n beherende belang in daardie regs persoon het, as verbruiker;
  - (iii) 'n kredietooreenkoms tussen natuurlike persone wat in 'n familieverband met mekaar staan en—
    - (aa) interafhanklik is van mekaar; of
    - (bb) waar die een van die ander afhanklik is; en
  - (iv) enige ander situasie—
    - (aa) waarin elke party nie onafhanklik is van die ander nie en gevolglik nie noodwendig streef om die grootste moontlike voordeel uit die transaksie te verkry nie; of
    - (bb) wat van 'n tipe is wat regtens beskou word tussen partye te wees wat nie sake op 'n armlengte-grondslag doen nie; en
- (c) is hierdie Wet van toepassing op 'n kredietwaarborg slegs in die mate waarin hierdie Wet van toepassing is op 'n kredietfasiliteit of krediettransaksie ten opsigte waarvan die kredietwaarborg toegestaan word; en
- (d) is 'n regs persoon verwant aan 'n ander regs persoon indien—
  - (i) een van hulle 'n regstreekse of onregstreekse beheer oor die geheel of 'n gedeelte van die ander se besigheid het; of
  - (ii) 'n persoon 'n regstreekse of onregstreekse beheer oor hulle albei het.

(3) Die toepassing van hierdie Wet ingevolge subartikel (1) geskied ook ten opsigte van 'n kredietooreenkoms of voorgestelde kredietooreenkoms ongeag daarvan of die kredietverskaffer—

- (a) woonagtig is of sy hoofkantoor het binne of buite die Republiek; of
- (b) behoudens subartikel (1)(c) —
  - (i) 'n staatsorgaan is;
  - (ii) 'n entiteit is wat deur 'n staatsorgaan beheer word;

(iii) 'n entiteit is wat ingevolge enige openbare regulasie geskep is; of

(iv) die Land- en Landbou-ontwikkelingsbank is.

(4) Indien hierdie Wet op 'n kredietooreenkoms van toepassing is—

(a) gaan dit voort om op daardie ooreenkoms van toepassing te wees selfs indien 'n party tot daardie ooreenkoms ophou om woonagtig te wees of sy hoofkantoor te hê binne die Republiek van Suid-Afrika; en

(b) is dit van toepassing ten opsigte van elke transaksie, handeling of versuim kragtens daardie ooreenkoms, ongeag of daardie transaksie, handeling of versuim binne of buite die Republiek plaasvind.

(5) Indien 'n persoon enige goedere of dienste verkoop en—

(a) 'n tjek of soortgelyke instrument waarop betaling daarna om enige rede geweier word, as volle betaling vir daardie goedere of dienste aanvaar; of

(b) 'n heffing deur of namens die koper teen 'n kredietfasiliteit ingevolge waarvan 'n derde persoon die kredietverskaffer is, as volle betaling vir daardie goedere of dienste aanvaar en daardie kredietverskaffer daarna daardie heffing om enige rede weier,

maak die gevolglike skuld aan die verkoper verskuldig deur die uitreiker van daardie tjek of heffing nie vir enige doeleindes van hierdie Wet 'n kredietooreenkoms uit nie.

(6) Ondanks enige ander bepaling van hierdie Wet—

(a) indien 'n verbruiker ten volle of gedeeltelik betaal vir goedere of dienste deur 'n heffing teen 'n kredietfasiliteit wat deur 'n derde party gebied word, moet die persoon wat die goedere of dienste verkoop nie geag word 'n kredietooreenkoms met die verbruiker aan te gegaan het slegs op grond van daardie betaling nie; en

(b) indien 'n ooreenkoms bepaal dat 'n leweransier van 'n nuts- of ander deurlopende diens—

(i) betaling deur die verbruiker sal uitstel totdat die leweransier 'n periodieke rekeningstaat vir daardie nuts- of ander deurlopende diens gelewer het; en

(ii) nie enige heffing beoog in artikel 103 sal oplê ten opsigte van enige bedrag aldus uitgestel nie, tensy die verbruiker versuim om die volle bedrag verskuldig binne minstens 30 dae ná die datum waarop die periodieke rekeningstaat aan die verbruiker gelewer word, te betaal, is daardie ooreenkoms nie 'n kredietfasiliteit binne die betekenis van artikel 8(3) nie, maar enige agterstallige bedrag ingevolge daardie ooreenkoms, soos in subparagraaf (ii) beoog, is insidentele krediet waarop hierdie Wet van toepassing is in die mate in artikel 5 uiteengesit.

(7) Ten opsigte van 'n advertensie betreffende krediet, of ten opsigte van 'n kredietooreenkoms of voorgestelde kredietooreenkoms waarop hierdie Wet van toepassing is, indien daar 'n teenstrydigheid is tussen 'n bepaling van hierdie Wet, saamgelees met enige toepaslike woordoms krywing in artikel 1, en 'n bepaling van artikels 42 tot 51 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002)—

(a) geld die bepalings van beide Wette gelyklopend, in die mate waarin dit moontlik is om een van die teenstrydige bepalings toe te pas en daaraan te voldoen sonder om die tweede te oortree; en

(b) is die bepalings van hierdie Wet van krag in die mate waarin dit onmoontlik is om een van die teenstrydige bepalings toe te pas of daaraan te voldoen sonder om die tweede te oortree.

## **5. Bepaalde toepassing van Wet op insidentele kredietooreenkoms**

(1) Slegs die volgende bepalings van hierdie Wet is van toepassing op 'n insidentele kredietooreenkoms:

- (a) Hoofstukke 1, 2, 7, 8 en 9;
- (b) Hoofstuk 3, artikels 54 en 59;
- (c) Hoofstuk 4, Dele A en B;
- (d) Hoofstuk 4, Deel D, behalwe in die mate waarin dit met roekelose krediet handel;
- (e) Hoofstuk 5, Deel C, behoudens subartikel (3)(a);
- (f) Hoofstuk 5, Dele D en E, sodra die insidentele kredietooreenkoms geag word aangegaan te wees ingevolge subartikel (2); en
- (g) Hoofstuk 6, Dele A en C.

(2) Die partye tot 'n insidentele kredietooreenkoms word geag daardie ooreenkoms aan te gegaan het op die datum wat 20 besigheidsdae is nadat—

- (a) die verskaffer van die goedere of dienste wat die onderwerp van daardie rekening is die eerste maal gelde vir laat betaling of rente ten opsigte van daardie rekening hef; of
- (b) 'n vooraf bepaalde hoër prys vir volle vereffening van die rekening die eerste maal van toepassing word,

tensy die verbruiker die volle vereffeningswaarde voor daardie datum betaal het.

(3) 'n Persoon mag slegs gelde, 'n heffing of rente hef of verhaal—

- (a) ten opsigte van 'n uitgestelde bedrag kragtens 'n insidentele kredietooreenkoms soos bepaal in artikel 101(d),(f) en (g) behoudens enige maksimum rentekoerse of gelde opgelê ingevolge artikel 105; of
- (b) ten opsigte van 'n onbetaalde bedrag beoog in paragraaf (a) van die omskrywing van “insidentele kredietooreenkoms” indien die kredietverskaffer, op of voor die datum waarop die betrokke goedere of dienste gelewer is die bedrag van sodanige gelde, of so 'n heffing of rente, of die grondslag waarop dit betaalbaar kan word, openbaar het en die verbruiker dit aanvaar het.

## 6. Beperkte toepassing van Wet wanneer verbruiker 'n regs persoon is

Die volgende bepalings van hierdie Wet is nie van toepassing op 'n kredietooreenkoms of voorgestelde kredietooreenkoms ingevolge waarvan die verbruiker 'n regs persoon is nie:

- (a) Hoofstuk 4 – Dele C en D;
- (b) Hoofstuk 5 – Deel A – artikel 89(2)(b);
- (c) Hoofstuk 5 – Deel A – artikel 90(2)(o); en
- (d) Hoofstuk 5 – Deel C.

## 7. Drempelbepaling en bedryfsvlakke

(1) Op die effektiewe datum, en met intervale van hoogstens vyf jaar, moet die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

- (a) 'n monetêre batewaarde of jaarlikse omsetdrempel van hoogstens R1 000 000 vir die doeleindes van artikel 4(1) bepaal; en
- (b) twee verdere monetêre drempels bepaal met die oog daarop om die drie kategorieë kredietooreenkomste beoog in artikel 9 te bepaal.

(2) Met die oog daarop om 'n monetêre drempel ingevolge subartikel (1)(b) bepaal op 'n kredietfasiliteit toe te pas, is die hoofskuld van die kredietfasiliteit die kredietperk kragtens daardie fasiliteit.

(3) Die aanvanklike drempels ingevolge hierdie artikel deur die Minister bepaal, tree in werking op die effektiewe datum, en elke daaropvolgende drempel tree in werking ses maande ná die datum waarop dit in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

## Deel C

### Klassifisering van en kategorieë kredietooreenkomste

#### 8. Kredietooreenkomste

(1) Behoudens subartikel (2) maak 'n ooreenkoms by die toepassing van hierdie Wet 'n kredietooreenkoms uit indien dit—

- (a) 'n kredietfasiliteit is, soos in subartikel (3) beskryf;
- (b) 'n krediettransaksie is, soos in subartikel (4) beskryf;
- (c) 'n kredietwaarborg is, soos in subartikel (5) beskryf;
- (d) enige kombinasie van bogenoemde is.

(2) Ongeag die vorm van 'n ooreenkoms is dit nie 'n kredietooreenkoms nie indien dit—

- (a) 'n versekeringspolis is, of krediet is wat deur 'n versekeraar verleen word uitsluitlik om die betaling van premies op 'n versekeringspolis in stand te hou;
- (b) 'n huurkontrak van onroerende eiendom is; of
- (c) 'n transaksie is tussen 'n stokvel en 'n lid van daardie stokvel ooreenkomstig die reëls van die stokvel.

(3) 'n Ooreenkoms, ongeag die vorm daarvan maar nie ook 'n ooreenkoms beoog in subartikel (2) of artikel 4(6)(b) nie, maak 'n kredietfasiliteit uit indien—

- (a) 'n kredietverskaffer ingevolge daardie ooreenkoms onderneem—
  - (i) om, soos van tyd tot tyd deur die verbruiker bepaal, goedere of dienste te lewer, of 'n bedrag of bedrae te betaal, aan die verbruiker of namens, of volgens die voorskrifte van, die verbruiker; en
  - (ii) om—
    - (aa) óf die verbruiker se verpligting uit te stel om enige gedeelte van die koste van goedere of dienste te betaal of om aan die kredietverskaffer enige gedeelte van 'n bedrag in subparagraaf (i) beoog, terug te betaal;
    - (bb) óf die verbruiker periodiek te faktureer vir enige gedeelte van die koste van goedere of dienste, of enige gedeelte van 'n bedrag, in subparagraaf (i) beoog; en
- (b) enige heffing, gelde of rente ingevolge daardie ooreenkoms aan die kredietverskaffer betaalbaar is ten opsigte van—
  - (i) enige bedrag uitgestel soos in paragraaf (a)(ii)(aa) beoog; of
  - (ii) enige bedrag gefaktureer soos in paragraaf (a)(ii)(bb) beoog en nie betaal binne die tyd in die ooreenkoms bepaal nie.

(4) 'n Ooreenkoms, ongeag die vorm daarvan, maar nie ook 'n ooreenkoms in subartikel (2) beoog nie, maak 'n krediettransaksie uit indien dit—

- (a) 'n pandtransaksie of afslagtransaksie is;
- (b) behoudens artikel 5(2), 'n insidentele kredietooreenkoms is;
- (c) 'n paaimentooreenkoms is;
- (d) 'n verbandooreenkoms of gesekureerde lening is;
- (e) 'n huurkontrak is; of
- (f) enige ander ooreenkoms is, behalwe 'n kredietfasiliteit of kredietwaarborg, ingevolge waarvan betaling van 'n bedrag deur een persoon verskuldig aan 'n ander uitgestel word, en enige heffing, gelde of rente aan die kredietverskaffer betaalbaar is ten opsigte van—
  - (i) die ooreenkoms; of
  - (ii) die bedrag wat uitgestel is.

(5) 'n Ooreenkoms, ongeag die vorm daarvan, maar nie ook 'n ooreenkoms in subartikel (2) beoog nie, maak 'n kredietwaarborg uit indien 'n persoon, ingevolge daardie

ooreenkoms, onderneem of beloop om op aanvraag enige verpligting van 'n ander verbruiker ingevolge 'n kredietfasiliteit of 'n krediettransaksie waarop hierdie Wet betrekking het, na te kom.

(6) Indien, soos beoog in subartikel (1)(d), 'n bepaalde kredietooreenkoms 'n kredietfasiliteit soos beskryf in subartikel (3), sowel as 'n krediettransaksie ingevolge subartikel (4)(d), uitmaak—

- (a) is daardie ooreenkoms, behoudens paragraaf (b), in gelyke mate onderworpe aan enige bepaling van hierdie Wet wat spesifiek of uitsluitlik van toepassing is op—
  - (i) óf kredietfasiliteite;
  - (ii) óf verbandooreenkomste of gesekureerde lenings, na gelang van die geval; en
- (b) met die oog op die toepassing van—
  - (i) artikel 108, word daardie ooreenkoms as 'n kredietfasiliteit beskou; of
  - (ii) artikel 4(1)(b), saamgelees met artikel 9(4), word daardie ooreenkoms as 'n grootooreenkoms beskou indien dit 'n verbandooreenkoms is.

## 9. Kategorieë kredietooreenkomste

(1) By die toepassing van hierdie Wet word elke kredietooreenkoms beskryf as 'n kleinooreenkoms, 'n middelslagooreenkoms, of 'n grootooreenkoms, soos in onderskeidelik subartikels (2), (3) en (4) omskryf.

(2) 'n Kredietooreenkoms is 'n kleinooreenkoms indien dit—

- (a) 'n pandtransaksie is;
- (b) 'n kredietfasiliteit is en die kredietperk kragtens daardie fasiliteit op of laer as die laagste van die drempels val wat ingevolge artikel 7(1)(b) ingestel is; of
- (c) enige ander krediettransaksie is behalwe 'n verbandooreenkoms of 'n kredietwaarborg, en die hoofskuld kragtens daardie transaksie of waarborg op of laer as die laagste van die drempels val wat ingevolge artikel 7(1)(b) ingestel is.

(3) 'n Kredietooreenkoms is 'n middelslagooreenkoms indien dit—

- (a) 'n kredietfasiliteit is en die kredietperk kragtens daardie fasiliteit bo die laagste van die drempels val wat ingevolge artikel 7(1)(b) ingestel is; of
- (b) enige ander krediettransaksie is behalwe 'n pandtransaksie, 'n verbandooreenkoms of 'n kredietwaarborg, en die hoofskuld kragtens daardie transaksie of waarborg tussen die drempels val wat ingevolge artikel 7(1)(b) ingestel is.

(4) 'n Kredietooreenkoms is 'n grootooreenkoms indien dit—

- (a) 'n verbandooreenkoms is; of
- (b) enige ander krediettransaksie is, behalwe 'n pandtransaksie of 'n kredietwaarborg en die hoofskuld kragtens daardie transaksie of waarborg op of bo die hoogste van die drempels val wat ingevolge artikel 7(1)(b) ingestel is.

## 10. Ontwikkelingskredietooreenkomste

(1) Ongeag die vorm, soort of kategorie van 'n kredietooreenkoms is dit 'n ontwikkelingskredietooreenkoms indien—

- (a) die kredietverskaffer, op die tydstip waarop die ooreenkoms aangegaan is, beskik oor 'n aanvullende registrasiesertifikaat wat ingevolge 'n aansoek beoog in artikel 41 uitgereik is; en
- (b) die kredietooreenkoms—
  - (i) tussen 'n kredietkoöperasie as kredietverskaffer, en 'n lid van daardie koöperasie, as verbruiker, is, en indien wins nie die vernaamste

oogmerk met die aangaan van die ooreenkoms is nie, aan te gaan nie, en die hoofskuld kragtens daardie ooreenkoms nie die voorgeskrewe maksimum bedrag oorskry nie;

- (ii) 'n onderwyslening is; of
- (iii) om enige van die volgende redes aangegaan is:
  - (aa) Die ontwikkeling van 'n kleinonderneming;
  - (bb) die verkryging, herstel, bou of uitbreiding van lae-inkomstebehuising; of
  - (cc) enige ander oogmerk ingevolge subartikel (2)(a) voorgeskryf.

(2) Die Minister kan—

- (a) bykomende oogmerke, soos beoog in subartikel (1)(b)(iii)(cc), voorskryf wat bestem is om die sosio-ekonomiese ontwikkeling en welsyn van persone beoog in artikel 13(a), te bevorder;
- (b) 'n maksimum hoofskuld voorskryf waarbo 'n kredietooreenkoms in subartikel (1)(b)(i) beoog nie outomaties as 'n ontwikkelingskredietooreenkoms kwalifiseer nie; en
- (c) kriteria en standarde voorskryf wat deur die Nasionale Kredietreguleerder toegepas moet word in die oorweging van die vraag of 'n kredietverskaffer se vernaamste oogmerk met die aangaan van 'n ooreenkoms wins was, en of daar 'n ander doel as wins was, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die mate waarin die betrokke kredietooreenkoms bydra tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling en welsyn van persone beoog in artikel 13(a).

## 11. Openbarebelang-kredietooreenkoms

(1) Die Minister kan—

- (a) by wyse van 'n verklaring ooreenkomstig subartikel (2); of
- (b) by regulasie ooreenkomstig subartikel (3),

verklaar dat kredietooreenkoms wat in vermelde omstandighede of vir vermelde doeleindes aangegaan is, gedurende 'n spesifieke tydperk of totdat die verklaring of regulasie herroep word, openbarebelang-kredietooreenkoms is.

(2) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n verklaring beoog in subartikel (1)(a) doen—

- (a) ten einde die beskikbaarheid van krediet oral in die Republiek of in 'n gedeelte daarvan te bevorder in omstandighede van 'n natuurramp of van soortgelyke opkomende en ernstige openbare belang; en
- (b) met of sonder vooraf kennisgewing of oorlegpleging, soos die Minister, met inagneming van die omstandighede, besluit.

(3) Die Minister kan 'n regulasie beoog in subartikel (1)(b) uitvaardig—

- (a) ten einde die beskikbaarheid van krediet oral in of in 'n gedeelte van die Republiek te bevorder in enige omstandighede wat die Minister ag in die openbare belang te wees; en
- (b) ooreenkomstig die bepalings van artikel 171(2).

(4) Wanneer 'n verklaring of regulasie beoog in subartikel (1) gedoen of uitgevaardig word, moet die Minister die volgende kriteria voorskryf wat toepaslik is om te bepaal of 'n kredietooreenkoms kwalifiseer as 'n openbarebelang-kredietooreenkoms:

- (a) Die openbarebelang-omstandighede waarin krediet aan 'n verbruiker verleen of beskikbaar gestel kan word;
- (b) die maksimum toegelate hoofskuld;
- (c) die maksimum toegelate tydsduur van die kredietooreenkoms; en
- (d) die gebied binne die Republiek waarbinne die verbruiker kragtens so 'n ooreenkoms woonagtig moet wees of sake moet doen.

(5) 'n Openbarebelang-kredietooreenkoms word vrygestel van die toepassing van Deel D van Hoofstuk 4 in die mate waarin dit met roekelose krediet verband hou.

**HOOFSTUK 2**  
**VERBRUIKERSKREDIETINSTELLINGS**  
*Deel A*  
*Nasionale Kredietreguleerder*

**12. Instelling van Nasionale Kredietreguleerder**

(1) Daar word hierby 'n liggaam ingestel wat as die Nasionale Kredietreguleerder bekend staan en wat—

- (a) oral in die Republiek jurisdiksie het;
- (b) 'n regs persoon is;
- (c) onafhanklik is en aan die Grondwet en ander wette alleen onderworpe is;
- (d) sy werksaamhede ooreenkomstig hierdie Wet moet verrig; en
- (e) onpartydig moet wees; en
- (f) sy werksaamhede moet verrig—
  - (i) op so 'n deursigtige manier as wat toepaslik is met inagneming die aard van die bepaalde werksaamheid; en
  - (ii) sonder vrees, begunstiging of vooroordeel.

(2) Elke staatsorgaan moet die Nasionale Kredietreguleerder bystaan om sy onafhanklikheid en onpartydigheid te handhaaf en sy werksaamhede effektief te verrig.

(3) Die Nasionale Kredietreguleerder is verantwoordelik daarvoor om die werksaamhede te verrig en bevoegdhede uit te oefen wat—

- (a) in artikels 12 tot 18 uiteengesit word; of
- (b) by of ingevolge hierdie Wet, of enige ander nasionale wetgewing, aan hom opgedra word.

(4) In die verrigting van sy werksaamhede kan die Nasionale Kredietreguleerder—

- (a) internasionale ontwikkelinge op die terrein van verbruikerskrediet en -finansiering in aanmerking neem; of
- (b) met enige persoon, organisasie of instelling met betrekking tot enige aangeleentheid oorleg pleeg.

(5) Met betrekking tot 'n bepaalde aangeleentheid binne sy jurisdiksie of verantwoordelikheid kan die Nasionale Kredietreguleerder sy verantwoordelikhede by wyse van 'n ooreenkoms beoog in artikel 17(4)(b) uitoefen.

**13. Ontwikkeling van toeganklike kredietmark**

Die Nasionale Kredietreguleerder is verantwoordelik om—

- (a) waar daar 'n behoefte daaraan bestaan, die ontwikkeling van 'n billike, deursigtige, mededingende, volhoubare, verantwoordelike, doeltreffende, effektiewe en toeganklike kredietmark en -bedryf te bevorder en te ondersteun ten einde om te sien na die behoeftes van—
  - (i) histories benadeelde persone;
  - (ii) persone en gemeenskappe met 'n lae inkomste; en
  - (iii) afgeleë, geïsoleerde of laedigheidsbevolkings en -gemeenskappe, op 'n wyse wat met die oogmerke van hierdie Wet bestaanbaar is;
- (b) toepaslike voorwaardes te stel vir die aanvullende registrasie van kredietverskaffers wat graag ontwikkelingskredietooreenkomste wil aangaan, ten einde toegang tot krediet te bevorder, op die wyse, en vir persone, beoog in paragraaf (a);
- (c) die volgende aangeleenthede te monitor en jaarliks aan die Minister verslag te doen ten opsigte van –

- (i) die beskikbaarheid van krediet, prys- en marktoestande, gedrag en tendense;
  - (ii) markaandeel, markgedrag en mededinging binne die verbruikerskredietbedryf, die struktuur van die kredietbedryf, met inbegrip van die omvang van eiendomsreg, en beheer en deelname binne die bedryf deur histories benadeelde persone;
  - (iii) toegang tot verbruikerskrediet deur kleinondernemings of persone beoog in paragraaf (a)(i) tot (iii);
  - (iv) vlakke van verbruikerverskuldigheid en die omvang en maatskaplike uitwerking van oorverskuldigheid; en
  - (v) enige ander aangeleentheid betreffende die kredietbedryf; en
- (d) navorsing te doen en beleidsrigtings aan die Minister voor te stel met betrekking tot enige aangeleentheid wat die verbruikerskredietbedryf raak, met inbegrip van maar nie beperk nie tot voorstelle vir wetgewings-, regulerings- of beleidsinisiatiewe wat die toegang tot krediet sal verbeter vir persone beoog in paragraaf (a)(i) tot (iii).

#### **14. Registrasiewerksaamhede van die Nasionale Kredietreguleerder**

Die Nasionale Kredietreguleerder is verantwoordelik om die verbruikerskredietbedryf te reguleer deur —

- (a) kredietverskaffers, kredietburo's en skuldberaders te registreer;
- (b) behoudens artikel 57(2), enige registrasie ingevolge hierdie Wet uitgereik, op te skort of te kanselleer; en
- (c) die registers beoog in artikels 53 en 69(1) te vestig en in stand te hou deur inligting van daardie registrasies beskikbaar te stel aan—
  - (i) elke provinsiale kredietreguleerder; en
  - (ii) ander persone op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, behoudens Deel B van Hoofstuk 4.

#### **15. Afdwingingswerkzaamhede van Nasionale Kredietreguleerder**

Die Nasionale Kredietreguleerder moet hierdie Wet afdwing deur—

- (a) die informele beslegting van geskille te bevorder wat ingevolge hierdie Wet tussen verbruikers aan die een kant en 'n kredietverskaffer of kredietburo aan die ander kant ontstaan, sonder om tussenbeide te tree of te beslis in enige sodanige geskil;
- (b) klagtes te ontvang betreffende beweerde oortredings van hierdie Wet;
- (c) die verbruikerskredietmark en -bedryf te monitor om te verseker dat verbode optrede voorkom word, of dat dit opgespoor en vervolgd word;
- (d) ondersoek in te stel na nasionale en provinsiale geregistreerdes en te verseker dat hulle aan hierdie Wet en hul onderskeie registrasies voldoen;
- (e) voldoeningkennisgewings uit te reik en af te dwing;
- (f) beweerde oortredings van hierdie Wet te ondersoek en te evalueer;
- (g) te onderhandel oor ondernemings en toestemmingsbevele beoog in artikel 138(1)(b) en sodanige ondernemings en toestemmingsbevele te sluit;
- (h) enige kommer betreffende markaandeel, anti-mededingingsgedrag of optrede wat moontlik ingevolge die Wet op Mededinging 1998 (Wet No. 89 van 1998), verbode is, na die Mededingingskommissie te verwys;
- (i) aangeleenthede na die Tribunaal te verwys en voor die Tribunaal te verskyn soos deur hierdie Wet toegelaat of vereis; en
- (j) enige ander saak te hanteer wat deur die Tribunaal na hom verwys word.

## 16. Navorsing en openbare inligting

(1) Die Nasionale Kredietreguleerder is verantwoordelik daarvoor om kennis oor die aard en dinamika van die verbruikerskredietmark en -bedryf te vermeerder, en om openbare bewustheid van verbruikerskredietaanleenthede te bevorder, deur—

- (a) opvoedings- en inligtingsmaatreëls te implementeer om openbare bewustheid van die bepalings van hierdie Wet te ontwikkel;
- (b) leiding aan die kredietmark en -bedryf te verskaf deur—
  - (i) verklarende kennisgewings uit te reik wat sy prosedures of sy niebindende mening oor die uitleg van enige bepaling van hierdie Wet uiteensit; of
  - (ii) aansoek te doen by 'n hof om 'n verklarende bevel oor die uitleg of toepassing van enige bepaling van hierdie Wet;
- (c) sosio-ekonomiese patrone van verbruikerskredietaktiwiteite binne die Republiek te monitor, en in die besonder faktore te identifiseer wat verband hou met—
  - (i) oorverskuldigheid; en
  - (ii) patrone, oorsake en gevolge van oorverskuldigheid;
- (d) redelike periodieke oudits van geregistreerde kredietverskaffers uit te voer ten opsigte van historiese data wat verband hou met kredietaansoeke en kredietooreenkomste ten einde—
  - (i) demografiese patrone van die kredietmark te bepaal;
  - (ii) sosio-ekonomiese tendense in die kredietmark, veral onder persone beoog in artikel 13(a), te ondersoek; en
  - (iii) patrone van moontlike diskriminerende praktyke op te spoor;
- (e) tendense in die verbruikerskredietmark en -bedryf te monitor ten opsigte van—
  - (i) die behoeftes van persone beoog in artikel 13(a); en
  - (ii) die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging en eiendomsreg binne die bedryf;
- (f) tendense in die mark te monitor—
  - (i) vir kredietversekering, patrone van kredietversekeringsverkope, koste van kredietversekering, prestasie van kredietversekering om die verpligtinge van verbruikers na te kom, en verliesverhoudings van versekeraars ten opsigte van kredietversekering; en
  - (ii) vir alternatiewe geskilbeslegtingsagente, die patrone en koste van dienste, die onpartydigheid en neutraliteit van sodanige agente, en die impak van sodanige agente op die voorkoms en koste van skuldafdwinging en verbruikers se toegang tot regstelling in die mark; en
- (g) mettertyd wetgewing en openbare regulasies te hersien, en verslag te doen aan die Minister betreffende sake wat met verbruikerskrediet verband hou;

(2) Met die oog daarop om sy verantwoordelikhede ingevolge subartikel (1)(f)(i) na te kom, kan die Nasionale Kredietreguleerder—

- (a) van 'n versekeraar verlang om periodieke oorsigtelike verslae van saamgevoegde inligting in verband met kredietversekeringspolisse deur hom uitgereik, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm aan die Nasionale Kredietreguleerder te voorsien, maar enige sodanige verslag mag nie enige bepaalde verbruiker identifiseer of 'n bepaalde verbruiker verbind met enige inligting waarvoor aldus verslag gedoen word nie; en
- (b) verdere redelike versoeke rig vir inligting van 'n versekeraar wat verband hou met die inligting beoog in paragraaf (a).

## 17. Betrekkinge met ander reguleringsowerhede

(1) Op versoek van die toepaslike LUR van 'n provinsie, of 'n provinsiale kredietreguleerder, kan die Nasionale Kredietreguleerder—

- (a) by daardie provinsiale kredietreguleerder betrokke raak in samewerkingsaktiwiteite van navorsing, publisering, opvoeding, en personeelontwikkeling en -opleiding; en
- (b) in oorleg met die Minister—
  - (i) betrokke raak by daardie provinsiale kredietreguleerder in die uitruiling of afstaan van personeel; of
  - (ii) tegniese bystand of kundigheid aan daardie provinsiale kredietreguleerder verleen.

(2) Op versoek van die toepaslike LUR van 'n provinsie, of 'n provinsiale kredietreguleerder, kan die Nasionale Kredietreguleerder by daardie provinsiale kredietreguleerder in samewerkingsaktiwiteite betrokke raak om verbode optrede op te spoor en te onderdruk, indien daar redelike gronde is om van mening te wees dat enige sodanige optrede moontlik binne die provinsie of oor sy provinsiale grense heen plaasvind.

(3) Op die voorskrif van die Minister moet die Nasionale Kredietreguleerder by enige toepaslike provinsiale kredietreguleerder in samewerkingsaktiwiteite betrokke raak om verbode optrede wat binne die provinsie of oor sy provinsiale grense heen plaasvind, op te spoor en te onderdruk.

(4) Die Nasionale Kredietreguleerder kan—

- (a) met enige reguleringsowerheid skakel oor sake van gemeenskaplike belang;
- (b) oor ooreenkomste met enige reguleringsowerheid onderhandel om—
  - (i) die uitoefening van jurisdiksie oor verbruikerskredietaanleenthede binne die betrokke bedryf of sektor te koördineer en harmonieer; en
  - (ii) die konsekwente toepassing van hierdie Wet se beginsels te verseker;
- (c) deelneem aan die verrigtinge van enige reguleringsowerheid; en
- (d) enige reguleringsowerheid adviseer of advies van sodanige owerheid ontvang.

(5) 'n Reguleringsowerheid wat, ingevolge enige openbare regulasie, jurisdiksie oor verbruikerskredietaanleenthede binne 'n bepaalde bedryf of sektor uitoefen—

- (a) kan oor ooreenkomste met die Nasionale Kredietreguleerder onderhandel, soos in subartikel (4)(b) in die vooruitsig gestel; en
- (b) kan sy jurisdiksie uitoefen by wyse van so 'n ooreenkoms ten opsigte van 'n bepaalde aanleentheid binne sy jurisdiksie.

(6) Die Nasionale Kredietreguleerder kan 'n provinsiale kredietreguleerder versoek om enige verslag of inligting wat verband hou met die aktiwiteite van daardie provinsiale kredietreguleerder aan die Nasionale Kredietreguleerder voor te lê.

(7) Die President kan aan die Nasionale Kredietreguleerder enige plig opdra van die Republiek om inligting met 'n soortgelyke buitelandse agentskap ingevolge 'n internasionale ooreenkoms in verband met die doel van die Wet uit te ruil.

(8) Die Nasionale Kredietreguleerder kan met enige buitelandse of internasionale owerhede skakel wat enige oogmerke soortgelyk aan die werksaamhede en bevoegdhede van die Nasionale Kredietreguleerder het.

## 18. Verslagdoeningsvereistes van Nasionale Kredietreguleerder

(1) Benewens enige ander advies- of verslagdoeningsvereistes in hierdie Deel uiteengesit, is die Nasionale Kredietreguleerder verantwoordelik om—

- (a) die Minister te adviseer oor nasionale beleidsaanleenthede wat met verbruikerskrediet verband hou en oor die vasstelling van nasionale norme

en standarde betreffende verbruikersbeskerming ingevolge hierdie Wet wat oral in die Republiek algemeen behoort te geld;

- (b) veranderinge by die Minister aan te beveel om eenvormigheid in die wetgewing in die onderskeie provinsies met betrekking tot verbruikersbeskerming ingevolge hierdie Wet, teweeg te bring;
- (c) jaarliks aan die Minister verslag te doen oor—
  - (i) die volume en koste van verskillende soorte verbruikerskredietprodukte, en markpraktyke met betrekking tot hierdie produkte; en
  - (ii) die implikasies vir verbruikerskeuse en mededinging in die verbruikerskredietmark;
- (d) ondersoek in te stel na en verslag te doen aan die Minister oor enige aangeleentheid betreffende die oogmerke van hierdie Wet; en
- (e) die Minister te adviseer ten opsigte van enige aangeleentheid deur die Minister na die Nasionale Kredietreguleerder verwys.

(2) Die Minister moet enige verslag ingedien ingevolge—

- (a) artikel 13(c) of artikel 16(1)(g); of
- (b) enige ander bepaling van hierdie Deel, indien daardie verslag 'n wesentlike aangeleentheid met betrekking tot die oogmerke van hierdie Wet behandel,

in die Parlement ter tafel lê.

## 19. Bestuur van Nasionale Kredietreguleerder

(1) Die Nasionale Kredietreguleerder word bestuur deur 'n Raad, bestaande uit—

- (a) 'n lid aangewys deur die Kabinetslid verantwoordelik vir finansies, om te dien totdat deur daardie Kabinetslid vervang;
- (b) 'n lid aangewys deur die Kabinetslid verantwoordelik vir behuisingsaangeleenthede, om te dien totdat deur daardie Kabinetslid vervang;
- (c) 'n lid aangewys deur die Kabinetslid verantwoordelik vir maatskaplikeontwikkelingsaangeleenthede, om te dien totdat deur daardie Kabinetslid vervang;
- (d) 'n Voorsitter, deur die Minister aangestel;
- (e) 'n Adjunkvoorsitter, deur die Minister aangestel; en
- (f) hoogstens ses ander lede, van wie minstens twee oor kundigheid oor verbruikersake moet beskik, deur die Minister aangestel.

(2) Die Voorsitter, Adjunkvoorsitter en lede beoog in subartikel (1)(f) dien elk vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar in elke geval deur die Minister bepaal ten tyde van hul aanstelling.

(3) Die persone beoog in subartikel (2) moet elkeen toepaslike kennis of ondervinding hê van sake wat met die doel van hierdie Wet verband hou.

(4) Die Raad moet—

- (a) leiding gee ten opsigte van die strategiese ontwikkeling van die Nasionale Kredietreguleerder;
- (b) toesig hou oor die doeltreffende en effektiewe gebruik van die Nasionale Kredietreguleerder se hulpbronne en sodanige gebruik verseker;
- (c) verseker dat die Nasionale Kredietreguleerder voldoen aan al sy wetlike vereistes en verpligtinge ten opsigte van verslagdoening en finansiële rekenpligtigheid; en
- (d) advies gee aan die Hoof- Uitvoerende Beampste betreffende die verrigting van die werksaamhede en die uitoefening van die bevoegdhede van die Nasionale Kredietreguleerder.

(5) Die Raad kan enige aangeleentheid betreffende die funksionering van die Nasionale Kredietreguleerder na die Minister verwys.

## 20. Kwalifikasies vir lidmaatskap van Raad

(1) Om geskik te wees vir aanstelling of aanwysing as 'n lid van die Raad, en voort te gaan om daardie pos te beklee, moet 'n persoon—

- (a) nie onderworpe wees aan enige diskwalifikasie in subartikel (2) uiteengesit nie; en
  - (b) 'n skriftelike verklaring aan die Minister voorgelê het wat verklaar dat die persoon—
    - (i) nie ingevolge subartikel (2) gediskwalifiseer word nie; en
    - (ii) nie enige belange het in subartikel (2)(b) bedoel nie;
- (2) 'n Persoon mag nie 'n lid van die Raad wees nie indien daardie persoon—
- (a) 'n ampsbekleër is van enige party, beweging, organisasie of liggaam van 'n partydige politieke aard;
  - (b) persoonlik of deur 'n gade, vennoot of assosiaat—
    - (i) 'n regstreekse of onregstreekse finansiële belang in 'n geregistreerde het of verkry; of
    - (ii) 'n belang in 'n besigheid of onderneming het of verkry wat moontlik kan bots of inmeng met die behoorlike uitvoering van die pligte van 'n lid van die Raad;
  - (c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of insolvent word en die insolvensie tot die sekwestrasie van daardie persoon se boedel lei;
  - (d) al ooit uit 'n vertrouensamp verwyder is, of uit 'n vertrouensamp verwyder word, as gevolg van wangedrag ten opsigte van bedrog of die wanaanwending van geld;
  - (e) onderworpe is aan 'n bevel van 'n bevoegde hof wat beslis dat daardie persoon geestelik onbevoeg of versteurd is;
  - (f) in die Republiek of elders binne die voorafgaande 10 jaar skuldig bevind is aan, of skuldig bevind word aan, diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgee van 'n vervalste dokument, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), 'n misdryf kragtens die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001), of 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is; of
  - (g) skuldig bevind is aan enige ander misdryf gepleeg ná die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), in werking getree het, en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is.

(3) By die toepassing van subartikel (2)(b) sluit 'n finansiële belang nie 'n onregstreekse belang in wat in enige fonds of belegging gehou word indien die persoon beoog in daardie subartikel geen beheer oor die beleggingsbesluite van daardie fonds of belegging het nie.

## 21. Botsende belange van lede van Raad

(1) 'n Lid van die Raad moet die Minister onmiddellik skriftelik verwittig nadat hy of sy 'n belang verkry het wat 'n belang is, of waarskynlik 'n belang sal word, wat in artikel 20(2)(b) beoog word.

(2) 'n Lid van die Raad mag nie —

- (a) betrokke wees in enige aktiwiteit wat die integriteit van die Nasionale Kredietreguleerder moontlik kan ondermyn nie;
- (b) die verrigtinge gedurende 'n vergadering van die Raad bywoon, daaraan deelneem of dit beïnvloed nie, indien, met betrekking tot die saak voor die Raad, daardie lid 'n belang het—

- (i) in artikel 20(2)(b) beoog; of
- (ii) wat daardie lid verhinder om die werksaamhede van 'n lid van die Raad op 'n billike, onpartydige en behoorlike wyse te verrig;
- (c) stem by enige vergadering van die Raad in verband met 'n saak in paragraaf (b) beoog nie;
- (d) persoonlike gebruik maak van, of voordeel trek uit, enige vertroulike inligting bekom as gevolg van die verrigting deur daardie persoon van sy of haar werksaamhede as 'n lid van die Raad nie; of
- (e) enige inligting bedoel in paragraaf (d) aan enige derde party openbaar maak nie, tensy soos vereis as deel van daardie persoon se amptelike werksaamhede as 'n lid van die Raad.

(3) Indien dit te eniger tyd vir 'n lid van die Raad voorkom asof 'n aangeleentheid wat by 'n vergadering deur die Raad oorweeg word betrekking het op 'n belang van daardie lid bedoel in subartikel (2)(b), moet daardie lid—

- (a) die aard van daardie belang onmiddellik en volledig aan die vergadering verklaar; en
- (b) hom of haar aan die vergadering onttrek om die oorblywende lede die geleentheid te bied om die aangeleentheid te bespreek en te bepaal of die lid verbied moet word om aan enige verdere verrigtinge betreffende daardie aangeleentheid deel te neem.

(4) Die openbaarmaking deur 'n lid van die Raad ingevolge subartikel (3)(a) en die besluit van die Raad ingevolge subartikel (3)(b), moet uitdruklik in die notule van die betrokke vergadering opgeteken word.

(5) Verrigtinge van die Raad, en enige besluite geneem deur die meerderheid van die lede wat teenwoordig is en geregtig is om aan daardie besluite deel te neem, is geldig ondanks die feit dat—

- (a) 'n lid van die Raad versuim het om 'n belang openbaar te maak soos vereis deur subartikel (3); of
- (b) 'n lid van die Raad wat so 'n belang gehad het daardie verrigtinge bygewoon het, op enige wyse daaraan deelgeneem het, of daardie verrigtinge regstreeks of onregstreeks beïnvloed het.

## 22. Bedanking, verwydering uit amp en vakatures

(1) 'n Lid van die Raad aangestel ingevolge artikel 19(1)(d), (e) en (f) kan bedank deur—

- (a) een maand skriftelike kennis; of
- (b) met die goedkeuring van die Minister, minder as een maand skriftelike kennis,

aan die Minister te gee.

(2) 'n Lid van die Raad aangewys ingevolge artikel 19(1)(a), (b) en (c) kan bedank deur skriftelike kennis gesamentlik aan die Minister en die betrokke lid van die Kabinet verantwoordelik vir die aanwysing van daardie lid te gee.

(3) Nadat die Minister die stappe deur subartikel (4) vereis gedoen het, mag die Minister 'n lid van die Raad ingevolge artikel 19(1)(d) aangestel, uit die amp verwyder, slegs indien daardie lid—

- (a) ingevolge artikel 20(2) gediskwalifiseer geraak het;
- (b) strydig met artikel 21(2) opgetree het;
- (c) versuim het om 'n belang te verklaar of hom of haar aan 'n vergadering te onttrek soos deur artikel 21(3) vereis; of
- (d) nagelaat het om die werksaamhede van sy of haar amp behoorlik te verrig.

(4) Voordat 'n persoon ingevolge subartikel (3) uit die amp verwyder word, moet die Minister die persoon 'n geleentheid bied om 'n saak ter verdediging van sy of haar posisie te stel.

(5) By die verstryking van die eerste ampstermyn van 'n lid van die Raad aangestel ingevolge artikel 19(1)(d), (e) en (f), kan die lid, behoudens artikel 19, vir 'n verdere termyn heraan gestel word.

(6) 'n Persoon mag nie ingevolge artikel 19(1)(d), (e) en (f) aangestel word om meer as twee termyne lank as lid van die Raad te dien nie.

### **23. Aanstelling van Hoof- Uitvoerende Beampte**

(1) Die Minister moet 'n toepaslik gekwalifiseerde en ervare persoon as Hoof- Uitvoerende Beampte van die Nasionale Kredietreguleerder aanstel, wat—

- (a) met die advies, en onderworpe aan die toesig, van die Raad verantwoordelik is vir al die verantwoordelikhede met betrekking tot die werksaamhede van die Nasionale Kredietreguleerder; en
- (b) verantwoording verskuldig is aan die Raad.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte is *ex officio* 'n lid van die raad, maar mag nie by vergaderings van die raad stem nie.

### **24. Botsende belange**

Die Hoof- Uitvoerende Beampte, en elke ander werknemer van die Nasionale Kredietreguleerder mag nie—

- (a) betrokke wees in enige aktiwiteit wat die integriteit van die Nasionale Kredietreguleerder kan ondermyn nie;
- (b) deelneem aan enige ondersoek, verhoor, of besluit betreffende 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan daardie persoon 'n regstreekse finansiële belang of enige soortgelyke persoonlike belang het nie;
- (c) persoonlike gebruik maak van, of voordeel trek uit, enige vertroulike inligting bekom deurdat daardie persoon sy of haar amptelike werksaamhede in die Nasionale Kredietreguleerder verrig nie; of
- (d) enige inligting bedoel in paragraaf (c) aan enige derde party openbaar maak nie, behalwe soos vereis as deel van daardie persoon se amptelike werksaamhede binne die Nasionale Kredietreguleerder.

### **25. Aanstelling van inspekteurs en ondersoekers**

(1) Die Hoof- Uitvoerende Beampte—

- (a) kan enige geskikte werknemer van die Nasionale Kredietreguleerder, of enige ander geskikte persoon in diens van die Staat, as 'n inspekteur aanstel; en
- (b) moet elke inspekteur met 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik wat vermeld dat die persoon as 'n inspekteur ingevolge hierdie Wet aangestel is.

(2) Wanneer 'n inspekteur enige werksaamheid ingevolge artikel 139 of Hoofstuk 8 verrig, moet die inspekteur—

- (a) in besit wees van 'n aanstellingsertifikaat aan daardie inspekteur uitgereik ingevolge subartikel (1); en
- (b) daardie sertifikaat aan enige persoon toon wat—
  - (i) geraak word deur die inspekteur se handeling ingevolge hierdie Wet; en
  - (ii) versoek om die sertifikaat te sien.

(3) Wanneer 'n inspekteur bevoegdhede ingevolge hierdie Wet uitoefen, is die inspekteur 'n vredesbeampte soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), en kan hy of sy die bevoegdhede uitoefen wat volgens wet aan 'n vredesbeampte verleen word.

(4) Die Hoof- Uitvoerende Beamppte kan enige toepaslik gekwalifiseerde persoon aanstel of kontrakteer om navorsing, oudits, navrae of ander ondersoeke namens die Nasionale Kredietreguleerder uit te voer.

(5) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (4) aangestel word, is nie 'n inspekteur binne die betekenis van hierdie Wet nie.

## **Deel B**

### **Nasionale Verbruikerstribunaal**

#### **26. Instelling en samestelling van Tribunaal**

(1) Daar word hierby 'n liggaam ingestel wat as die Nasionale Verbruikerstribunaal bekend staan en wat—

- (a) oral in die Republiek jurisdiksie het;
- (b) 'n regspersoon is;
- (c) 'n notulerende tribunaal is; en
- (d) sy werksaamhede ooreenkomstig hierdie Wet of enige ander toepaslike wetgewing moet verrig.

(2) Die Tribunaal bestaan uit 'n Voorsitter en minstens 10 ander vroue of mans deur die President aangestel, op 'n heeltydse of deeltydse grondslag.

(3) Die President moet—

- (a) die Voorsitter en ander lede van die Tribunaal aanstel teen nie later nie as die datum waarop hierdie Wet in werking tree; en
- (b) 'n persoon aanstel om 'n vakature in die Tribunaal te vul.

(4) Artikels 20 en 21, elk saamgelees met die veranderinge deur die konteks vereis, is op die Tribunaal en elkeen van sy lede van toepassing.

#### **27. Werksaamhede van Tribunaal**

Die Tribunaal, of 'n lid van die Tribunaal wat alleen en in ooreenstemming met hierdie Wet handel, kan—

- (a) met betrekking tot enige—
  - (i) aansoek wat ingevolge hierdie Wet by hom gedoen word, bereg, en 'n bevel waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word ten opsigte van so 'n aansoek uitreik; of
  - (ii) bewerings van verbode optrede bereg deur te bepaal of verbode optrede plaasgevind het en, indien wel, deur 'n regsmiddel op te lê soos in hierdie Wet bepaal,
- (b) 'n bevel vir koste ingevolge artikel 147 toestaan; en
- (c) enige ander bevoegdheid uitoefen wat by wet aan hom verleen word.

#### **28. Kwalifikasies van lede van Tribunaal**

(1) Die lede van die Tribunaal, kollektief gesien—

- (a) moet 'n breë deursnit van die bevolking van die Republiek verteenwoordig; en
- (b) moet genoeg persone insluit met regsopleiding en -ondervinding om aan die vereistes van artikel 31(2)(a) te voldoen,

(2) Elke lid van die Tribunaal moet—

- (a) 'n Suid-Afrikaanse burger wees wat normaalweg in die Republiek woonagtig is;

- (b) oor gepaste kwalifikasies en ondervinding in die ekonomie, die reg, die handel, die nywerheid of in verbruikersake beskik; en
- (c) verbind wees tot die doelstellings van hierdie Wet.

## 29. Ampstermyn van lede van Tribunaal

- (1) Elke lid van die Tribunaal dien vir 'n termyn van vyf jaar.
- (2) Die President kan 'n lid van die tribunaal weer aanstel by die verstryking van daardie lid se ampstermyn, maar geen persoon mag in die amp van Voorsitter van die Tribunaal aangestel word vir meer as twee opeenvolgende termyne nie.
- (3) Die Voorsitter, kan met een maand skriftelike kennis gerig aan die Minister—
  - (a) uit die Tribunaal bedank; of
  - (b) as Voorsitter bedank, maar aanbly as lid van die Tribunaal.
- (4) 'n Ander lid van die Tribunaal as die Voorsitter kan bedank deur minstens een maand skriftelike kennis aan die Minister te gee.
- (5) Op aanbeveling van die Minister—
  - (a) moet die President die Voorsitter of enige ander lid van die Tribunaal van sy of haar amp onthef indien daardie persoon onderworpe raak aan enige van die diskwalifikasies bedoel in artikel 20(2); en
  - (b) kan die President, behalwe soos in paragraaf (a) bepaal, die Voorsitter of 'n lid van sy of haar amp onthef slegs—
    - (i) weens ernstige wangedrag;
    - (ii) weens permanente ongeskiktheid; of
    - (iii) indien die Voorsitter of lid in enige aktiwiteit betrokke is wat die integriteit van die Tribunaal kan ondermyn.

## 30. Adjunkvoorsitter van Tribunaal

- (1) Die President moet 'n lid van die Tribunaal as Adjunkvoorsitter van die Tribunaal aanwys.
- (2) Die Adjunkvoorsitter verrig die werksaamhede van die Voorsitter wanneer—
  - (a) die pos van Voorsitter vakant is; of
  - (b) die Voorsitter om enige ander rede tydelik nie in staat is om daardie werksaamhede te verrig nie.

## 31. Tribunaalverrigtinge

- (1) Die Voorsitter is verantwoordelik om die saaklading van die Tribunaal te bestuur, en moet elke saak wat na die Tribunaal verwys word, toewys aan—
  - (a) 'n lid van die Tribunaal, in die mate waarin hierdie Wet bepaal dat 'n aangeleentheid deur 'n enkele lid van die Tribunaal oorweeg kan word; of
  - (b) 'n paneel saamgestel uit enige drie lede van die Tribunaal, in enige ander geval.
- (2) Wanneer 'n aangeleentheid ingevolge subartikel (1)(b) aan 'n paneel toegewys word, moet die Voorsitter—
  - (a) toesien dat minstens een lid van die paneel 'n persoon is wat oor toepaslike regskwalifikasies en -ondervinding beskik; en
  - (b) 'n lid van die paneel aanwys om by die paneel se verrigtinge voor te sit.
- (3) Indien 'n lid van die paneel, op grond van bedanking, ongesteldheid, dood, of onttrekking aan 'n verhoor ingevolge artikel 29, nie in staat is om die verrigtinge af te handel in 'n aangeleentheid wat aan daardie paneel toegewys is nie, moet die Voorsitter—
  - (a) opdrag gee dat die verhoor van daardie aangeleentheid voortgaan voor die oorblywende lede van die paneel, behoudens die vereistes van subartikel (2)(a); of

- (b) die verrigtinge voor daardie paneel beëindig en 'n ander paneel saamstel wat enige lid van die oorspronklike paneel kan insluit, en opdrag gee aan daardie paneel om 'n nuwe verhoor te hou.

(4) Die beslissing van 'n paneel oor 'n aangeleentheid wat na hom verwys is, moet op skrif wees en redes vir daardie beslissing insluit.

(5) 'n Beslissing van 'n enkele lid van die Tribunaal wat 'n aangeleentheid aanhoor soos in subartikel (1)(a) beoog, of van 'n meerderheid van die lede van 'n paneel in enige ander geval, is die beslissing van die Tribunaal.

### **32. Botsings en openbaarmaking van belange**

(1) 'n Lid van die Tribunaal mag nie enige persoon voor die Tribunaal verteenwoordig nie.

(2) Indien dit, gedurende 'n verhoor waaraan 'n lid van die Tribunaal deelneem, vir daardie lid voorkom asof die aangeleentheid 'n finansiële of ander belang van daardie lid beoog in artikel 20(2)(b) aangaan, moet daardie lid—

- (a) die feit, en die aard van daardie belang, onmiddellik en volledig aan die Voorsitter en die voorsittende lid by daardie verhoor openbaar maak; en
- (b) hom of haar aan enige verdere betrokkenheid in daardie verhoor onttrek.

### **33. Waarneming deur lid van Tribunaal ná verstryking van ampstermyn**

Indien 'n lid van die Tribunaal, by die verstryking van sy of haar ampstermyn, nog besig is om 'n saak voor die Tribunaal te oorweeg, kan daardie lid voortgaan om as lid op te tree ten opsigte van daardie saak alleen.

### **34. Vergoeding en voordele**

'n Lid van die Tribunaal se salaris, toelaes of voordele mag nie gedurende die lid se ampstermyn verminder word nie.

## ***Deel C***

### ***Administratiewe aangeleenthede***

### **35. Finansies**

(1) Die Nasionale Kredietreguleerder en die Tribunaal word elk gefinansier uit—

- (a) geld deur die Parlement bewillig;
- (b) enige gelde ingevolge hierdie Wet betaalbaar;
- (c) inkomste verkry uit hul onderskeie belegging en deponering van surplus geld ingevolge subartikel (2); en
- (d) ander geld toegeval uit enige bron.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder of die Tribunaal kan geld belê of deponeer wat nie onmiddellik nodig is vir gebeurlikhede of om lopende uitgawes te dek nie—

- (a) in 'n daggelddeposito of 'n korttermyn- vaste deposito by enige geregistreerde bank of finansiële instelling in die Republiek; of
- (b) in 'n beleggingsrekening by die Korporasie vir Openbare Deposito's ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's, 1984 (Wet No. 46 van 1984).

### **36. Hersienings en verslae aan Minister**

(1) Minstens een keer elke vyf jaar moet die Minister 'n ouditoorsig van die verrigting van die werksaamhede en uitoefening van die bevoegdheid van die Nasionale Kredietreguleerder en die Tribunaal uitvoer.

(2) Benewens enige ander verslaggewingsvereiste in hierdie Wet uiteengesit, moet die Nasionale Kredietreguleerder en die Tribunaal elk jaarliks aan die Minister verslag doen oor sy aktiwiteite, soos vereis deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(3) So gou doenlik ná ontvangs van 'n verslag van 'n oorsig beoog in subartikel (1) , of ná ontvangs van 'n verslag beoog in subartikel (2) , moet die Minister—

- (a) 'n afskrif van die verslag aan die Premier van elke provinsie deurstuur; en
- (b) dit in die Parlement ter tafel lê.

### ***Deel D***

### ***Nasionale en provinsiale samewerking***

### **37. Samewerkende uitoefening van konkurrente jurisdiksie**

(1) Die Minister moet oorleg pleeg met die verantwoordelike LUR van enige betrokke provinsie—

- (a) om die werksaamhede in verband met verbruikerskrediet wat deur die Nasionale Kredietreguleerder en een of meer provinsiale kredietreguleerders verrig moet word te koördineer en harmonieer; en
- (b) om die beslegting van enige geskil tussen die Nasionale Kredietreguleerder en een of meer provinsiale kredietreguleerders te fasiliteer.

(2) Indien hierdie Wet van die provinsiale kredietreguleerders vereis om 'n bepaalde werksaamheid binne hul onderskeie provinsies te verrig, en—

- (a) geen kredietreguleerder binne 'n bepaalde provinsie ingestel is nie; of
- (b) die Minister op redelike gronde tot die gevolgtrekking kom dat die provinsiale kredietreguleerder binne 'n bepaalde provinsie nie in staat is om daardie werksaamheid effektief te verrig nie,

moet die Minister met die verantwoordelike LUR van daardie provinsie oorleg pleeg om die stappe te bepaal wat gedoen moet word om die nakoming van daardie statutêre verpligting te verseker.

### **38. Deel van inligting**

(1) 'n Provinsiale kredietreguleerder moet 'n register hou van elke persoon wat hy ingevolge toepaslike provinsiale wetgewing registreer.

(2) Die register moet voorgeskrewe inligting insluit met betrekking tot—

- (a) die aktiwiteite wat kragtens elke sodanige registrasie toegelaat word;
- (b) die adres van enige perseel waarbinne, waarop of vanwaar geregistreeerde aktiwiteite bedryf, uitgevoer of beskikbaar gestel kan word kragtens registrasies deur hom uitgereik; en
- (c) enige ander voorgeskrewe inligting<sup>5</sup>.

---

<sup>5</sup> Die herhaling van “voorgeskrewe inligting” lyk effens vreemd, maar dit is in ooreenstemming met die Engels en dus waarskynlik korrek.

(3) Elke provinsiale kredietreguleerder moet, met die voorgeskrewe tussenposes, aan die Nasionale Kredietreguleerder verslag doen oor die inligting ingevolge subartikel (1) deur die provinsiale kredietreguleerder gehou.

(4) 'n Kredietreguleerder moet, op versoek van 'n ander kredietreguleerder, 'n afskrif verskaf van alle voorgeskrewe inligting in sy besit betreffende 'n geregistreerde of aansoeker om registrasie.

(5) Die Minister kan, by regulasie ooreenkomstig artikel 171, die tydsreëling, wyse en vorm, en inhoud van inligting wat ingevolge hierdie artikel verskaf moet word, voorskryf.

## HOOFSTUK 3 REGULERING VAN VERBRUIKERSKREDIETBEDRYF

### *Deel A*

#### *Registrasievereistes, -kriteria en -prosedures*

#### **39. Beperkte toepassing van hierdie Deel**

(1) Artikels 40, 42, 45, 48, 49 en 51 is nie van toepassing nie op 'n kredietverskaffer wat—

- (a) slegs binne een provinsie werkzaam is; en
- (b) ingevolge toepaslike provinsiale wetgewing as 'n kredietverskaffer geregistreer, is, indien die Minister verklaar het dat die registrasievereistes ingevolge daardie provinsiale wetgewing vergelykbaar is met die registrasievereistes ingevolge hierdie Wet of dit oortref.

(2) Die Minister kan, ná oorleg met die toepaslike LUR van die betrokke provinsie by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n verklaring beoog in subartikel (1) doen.

#### **40. Registrasie van kredietverskaffers**

(1) 'n Persoon moet aansoek doen om as 'n kredietverskaffer geregistreer te word indien—

- (a) daardie persoon, alleen of tesame met enige geassosieerde persoon, die kredietverskaffer is kragtens minstens 100 kredietooreenkomste, behalwe insidentele kredietooreenkomste; of
- (b) die totale hoofskuld aan daardie kredietverskaffer verskuldig kragtens al die uitstaande kredietooreenkomste, behalwe insidentele kredietooreenkomste, die drempel oorskry wat ingevolge artikel 42(1) voorgeskryf word.

(2) Wanneer bepaal word of 'n persoon nodig het om as 'n kredietverskaffer te registreer—

- (a) is die bepalings van subartikel (1) van toepassing op die totale getal kredietooreenkomste, en gemiddelde hoofskuld van kredietooreenkomste, ten opsigte waarvan daardie persoon, of enige geassosieerde persoon, die kredietverskaffer is;
- (b) moet elke geassosieerde persoon wat 'n kredietverskaffer in eie naam is en binne die vereistes van subartikel (1) ressorteer, in eie naam om registrasie aansoek doen;
- (c) word daar vereis van 'n kredietverskaffer wat sake in eie naam by of van meer as een plek of perseel bedryf, om slegs een keer te registreer ten opsigte van al sodanige plekke of persele; en
- (d) beteken “geassosieerde persoon”—
  - (i) met betrekking tot 'n kredietverskaffer wat 'n natuurlike persoon is, ook die kredietverskaffer se gade of sakevennote; en
  - (ii) met betrekking tot 'n kredietverskaffer wat 'n regspersoon is, ook—
    - (aa) enige persoon wat regstreeks of onregstreeks 'n beherende belang in die kredietverskaffer het, of regstreeks of onregstreeks deur die kredietverskaffer beheer word;

- (bb) enige persoon wat regstreeks of onregstreeks 'n beherende belang het in, of regstreeks of onregstreeks beheer word deur, 'n persoon in item (aa)<sup>6</sup> beoog; of
- (cc) enige kredietverskaffer wat 'n vennoot in 'n gesamentlike onderneming is van 'n persoon in hierdie subparagraaf beoog.

(3) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (1) as 'n kredietverskaffer geregistreer moet word, maar nie aldus geregistreer is nie, mag nie krediet aanbied, beskikbaar stel, of verleen nie, of 'n kredietooreenkoms aangaan, of instem om enige van daardie dinge te doen nie.

(4) 'n Kredietooreenkoms aangegaan deur 'n kredietverskaffer wat ingevolge subartikel (1) geregistreer moet word, maar wat nie aldus geregistreer is nie, is 'n onwettige ooreenkoms en ongeldig in die mate waarin daar in artikel 89 bepaal word.

(5) 'n Persoon op wie hierdie artikel nie ingevolge artikel 39 van toepassing is nie, of van wie nie ingevolge hierdie artikel vereis word om as 'n kredietverskaffer geregistreer te word nie, kan te eniger tyd vrywilliglik by die Nasionale Kredietreguleerder aansoek doen om as 'n kredietverskaffer geregistreer te word.

(6) Wanneer bepaal word of daar ingevolge subartikel (1) van 'n kredietverskaffer vereis word om te registreer—

- (a) is die waarde van enige kredietfasiliteit deur daardie kredietverskaffer uitgereik die kredietperk kragtens daardie kredietfasiliteit; en
- (b) moet enige kredietwaarborg waartoe die kredietverskaffer 'n party is buite rekening gelaat word.

#### **41. Aanvullende registrasie om ontwikkelingskrediet te verskaf**

(1) 'n Geregistreeerde kredietverskaffer, of 'n kredietverskaffer wat aansoek gedoen het om ingevolge artikel 40 geregistreer te word, kan om aanvullende registrasie as 'n kredietverskaffer ten opsigte van ontwikkelingskredietooreenkomste aansoek doen indien die kredietverskaffer—

- (a) 'n beslote korporasie, maatskappy, kredietkoöperasie, trust, statutêre entiteit, onderlinge bank of bank is;
- (b) by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens geregistreer is; en
- (c) nie enige persoon in 'n beherende of bestuurshoedanigheid in diens het wat ingevolge artikel 46(3) van individuele registrasie gediskwalifiseer sou word nie.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder mag aanvullende registrasie aan 'n kredietverskaffer toestaan slegs indien die Nasionale Kredietreguleerder tot die gevolgtrekking kom dat die kredietverskaffer—

- (a) oor genoegsame mense-, finansiële en bedryfshulpbronne beskik om die kredietverskaffer in staat te stel om doeltreffend te funksioneer en sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet effektief te verrig, of indien die kredietverskaffer 'n geloofwaardige plan aan die Nasionale Kredietreguleerder voorlê om daardie hulpbronne te bekom of te ontwikkel; en
- (b) voldoende administratiewe prosedures en waarborge het om die toepassing van statutêre uitsonderings van hierdie Wet te regverdig, of indien die kredietverskaffer 'n geloofwaardige plan aan die Nasionale Kredietreguleerder voorlê om daardie prosedures en waarborge te ontwikkel voordat enige ontwikkelingskredietooreenkomste aangegaan word.

---

<sup>6</sup> Engels lui: “clause (aa)”, wat nie korrek is nie.

## 42. Drempels op kredietverskaffers van toepassing

(1) Op die effektiewe datum, en met tussenposes van hoogstens vyf jaar, moet die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n drempel bepaal van minstens R500 000, met die oog daarop om te bepaal of daar van 'n kredietverskaffer vereis word om ingevolge artikel 40(1) geregistreer te word.

(2) 'n Aanvanklike drempel deur die Minister ingevolge hierdie afdeling bepaal, word van krag op die effektiewe datum, en elke daaropvolgende drempel word van krag ses maande ná die datum waarop dit in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

(3) Indien, as 'n gevolg van 'n vasstelling deur die Minister ingevolge subartikel (1) ná die effektiewe datum gemaak —

- (a) van 'n kredietverskaffer vereis word om vir die eerste keer geregistreer te word, moet daardie kredietverskaffer om registrasie aansoek doen teen die tyd dat die drempel van krag word, en kan die kredietverskaffer daarna voortgaan om krediet te verleen totdat die Nasionale Kredietreguleerder 'n besluit neem ten opsigte van sy aansoek;
- (b) 'n kredietverskaffer van wie voorheen vereis is om geregistreer te wees onder die nuut bepaalde drempel val—
  - (i) kan daardie kredietverskaffer by die Nasionale Kredietreguleerder aansoek doen om 'n vrystellingsertifikaat ten einde kwytgeskeld te word van die verpligting om geregistreer te wees; en
  - (ii) moet daardie kredietverskaffer totdat die Nasionale Kredietreguleerder 'n besluit ten opsigte van so 'n aansoek neem, ondanks artikel 40(1) voortgaan om geregistreer te wees.

## 43. Registrasie van kredietburo's

(1) 'n Persoon moet aansoek doen om as 'n kredietburo geregistreer te word indien daardie persoon teen betaling betrokke raak, behalwe as 'n kredietverskaffer of 'n werknemer van 'n kredietverskaffer, in die besigheid om—

- (a) verslae te ontvang van, of om ondersoek te doen na—
  - (i) kredietaansoeke;
  - (ii) kredietooreenkomste;
  - (iii) betalingsgeskiedenis of -patrone; of
  - (iv) verbruikerskredietinligting soos in artikel 70(1) omskryf, wat verband hou met verbruikers of voornemende verbruikers, behalwe verslae van hofbevele of redes vir vonnis of soortgelyke inligting wat in die openbare domein is;
- (b) data uit verslae beoog in paragraaf (a)(i)<sup>7</sup> saam te stel en in stand te hou; en
- (c) verslae uit te reik betreffende verbruikers of ander natuurlike persone gebaseer op inligting of data bedoel in hierdie subartikel.<sup>8</sup>

(2) 'n Persoon mag nie besigheid as 'n kredietburo aanbied of bedryf, of homself of haarself aan die publiek uitgee as gemagtig te wees om enige diens aan te bied wat gewoonlik deur 'n kredietburo aangebied word nie, tensy daardie persoon ingevolge hierdie Hoofstuk as 'n kredietburo geregistreer is.

(3) Die Nasionale Kredietreguleerder mag nie 'n persoon as 'n kredietburo registreer nie tensy daardie persoon—

- (a) toepaslike kwalifikasie-, bevoegdheids-, kennis- en ondervindingsvereistes handhaaf en dit oplê vir sy werknemers of kontrakteurs wat gemagtig sal wees om hom in enige werksaamheid kragtens hierdie Wet te verteenwoordig;

---

<sup>7</sup> Engels lui: “subparagraaf (i)”, wat nie korrek is nie want paragraaf (b) het nie subparagraawe nie.

<sup>8</sup> Engels lui: “paragraph”, wat nie korrek is nie want die “inligting” en “data” verwys na paragraawe (a) en (b).

- (b) na die mening van die Nasionale Kredietreguleerder, oor genoegsame mense-, finansiële en bedryfshulpbronne beskik om hom in staat te stel om doeltreffend te funksioneer en sy werksaamhede effektief ingevolge hierdie Wet te verrig, of 'n geloofwaardige plan aan die Nasionale Kredietreguleerder voorlê om daardie bronne te bekom of te ontwikkel;
- (c) prosedures aanvaar het om te verseker dat vrae, kommer en klagtes van verbruikers of kredietverskaffers regverdig en konsekwent, en betyds, doeltreffend en op 'n hoflike manier, behandel word, of 'n geloofwaardige plan aan die Nasionale Kredietverskaffer voorlê om daardie prosedures te bekom of te ontwikkel; en
- (d) by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens geregistreer is.

(4) Benewens die vereistes van artikel 46 mag 'n persoon nie as 'n kredietburo geregistreer word nie, indien enige persoon wat 'n beherende belang in die aansoeker het—

- (a) 'n kredietverskaffer is;
- (b) 'n skuldinvorderingsagentskap is; of
- (c) 'n persoon is wat enige gediskwalifiseerde besigheid bedryf, soos ingevolge subartikel (5) bepaal.

(5) Die Minister kan, by regulasie, enige besigheidsaktiwiteit gediskwalifiseer verklaar soos beoog in subartikel (4)(c) indien daardie besigheidsaktiwiteit onbestaanbaar is met die werksaamheid om 'n onafhanklike en objektiewe kredietburo te bedryf.

#### **44. Registrasie van skuldberaders**

(1) 'n Natuurlike persoon kan aansoek doen om as 'n skuldberader geregistreer te word.

(2) 'n Persoon mag nie die dienste van 'n skuldberader ingevolge hierdie Wet aanbied of daarin betrokke wees, of hom- of haarself aan die publiek uitgee as gemagtig te wees om enige sodanige diens aan te bied nie, tensy daardie persoon as sodanig ingevolge hierdie Hoofstuk geregistreer is.

(3) Benewens die vereistes van artikel 46 moet 'n aansoeker om registrasie as 'n skuldberader—

- (a) voldoen aan enige voorgeskrewe opvoedkundige, ondervindings- of bevoegdheidsvereistes; of
- (b) in staat wees om binne 'n redelike tyd te voldoen aan die vereistes wat die Nasionale Kredietreguleerder bepaal as 'n voorwaarde van die aansoeker se registrasie.

#### **45. Aansoek om registrasie**

(1) 'n Persoon wat graag ingevolge hierdie Wet geregistreer wil word moet op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by die Nasionale Kredietreguleerder aansoek doen om registrasie.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder kan—

- (a) verdere inligting wat betrekking het op 'n aansoek beoog in subartikel (1) vereis; en
- (b) 'n aansoek weier indien die aansoeker enige inligting wat ingevolge paragraaf (a) vereis word, nie binne die voorgeskrewe tyd verskaf nie.

(3) Indien 'n aansoek aan die bepalings van hierdie Wet voldoen en die aansoeker aan die kriteria vir registrasie uiteengesit in hierdie Wet voldoen, moet die Nasionale Kredietreguleerder, ná oorweging van die aansoek, die aansoeker behoudens artikel 48 registreer.

## 46. Diskwalifikasie van natuurlike persone

(1) 'n Natuurlike persoon mag nie as 'n kredietburo geregistreer word nie.

(2) 'n Natuurlike persoon mag nie as 'n kredietverskaffer geregistreer word indien daardie persoon 'n ongerehabiliteerde insolvent is nie.

(3) 'n Natuurlike persoon mag nie as 'n kredietverskaffer of skuldberader geregistreer word nie indien daardie persoon—

(a) onder die ouderdom van 18 jaar is;

(b) as gevolg van 'n hofbevel, ingevolge artikel 14 van die Nasionale Dobbeltwet<sup>9</sup>, 2004 (Wet No. 7 van 2004), op die register van uitgeslote persone gelys is nie;

(c) onderworpe is aan 'n bevel van 'n bevoegde hof wat beslis dat daardie persoon geestelik onbevoeg of versteurd is;

(d) al ooit uit 'n vertrouensamp verwyder is op grond van wangedrag wat verband hou met bedrog of die wanaanwending van geld, hetsy in die Republiek of elders;

(e) al ooit 'n direkteur of lid van 'n beherende liggaam van 'n entiteit was op die tydstip waarop so 'n entiteit—

(i) se registrasie onvrywillig ingevolge 'n openbare regulasie ingetrek is;

(ii) die verbruikerskredietbedryf in diskrediet gebring het; of

(iii) met minagting vir verbruikersregte in die algemeen opgetree het;

(f) gedurende die vorige 10 jaar in die Republiek of elders skuldig bevind is aan—

(i) diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgee van 'n vervalste dokument, meened, of 'n misdryf kragtens die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), of vergelykbare wetgewing van 'n ander regsbevoegdheid;

(ii) 'n misdad wat geweld teen 'n ander natuurlike persoon behels; of

(iii) 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, 'n herroepe wet of vergelykbare provinsiale wetgewing,

en gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete tensy die persoon amnestie of algehele kwytskelding vir die misdryf toegestaan is.

(4) Benewens die diskwalifikasies in subartikel (3) uiteengesit, mag 'n natuurlike persoon nie as 'n skuldberader geregistreer word nie indien daardie persoon—

(a) onderworpe is aan 'n administrasiebevel soos beoog in artikel 74 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944);

(b) onderworpe is aan skuldherstrukturering soos beoog in artikels 86 en 87; of

(c) betrokke is by, in diens is van of optree as 'n agent vir 'n persoon wat betrokke is in—

(i) skuldinvordering;

(ii) die bedryf van 'n kredietburo;

(iii) kredietverskaffing; of

(iv) enige ander aktiwiteit deur die Minister voorgeskryf op grond daarvan dat daar 'n inherente botsing van belange is tussen daardie aktiwiteit en skuldberading.

(5) Die Nasionale Kredietreguleerder moet 'n natuurlike persoon se registrasie intrek indien die geregistreerde te eniger tyd ná registrasie ingevolge hierdie artikel gediskwalifiseer raak.

---

<sup>9</sup> "National Gambling Act" – Daar is nie 'n amptelike vertaling in Afrikaans van dié Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer nie.

## 47. Diskwalifikasie van regs persone en assosiasies

(1) 'n Geregistreeerde kredietverskaffer, 'n regs persoon of 'n assosiasie van persone mag nie as skuldberader geregistreer word nie.

(2) Behoudens subartikel (4) mag 'n regs persoon of 'n assosiasie van persone nie as 'n kredietverskaffer of kredietburo geregistreer word nie indien enige natuurlike persoon wat ingevolge artikel 46(3) van individuele registrasie gediskwalifiseer sou wees, algemene bestuur of beheer van daardie regs persoon of assosiasie uitoefen, alleen of tesame met ander.

(3) Behoudens subartikel (4), indien 'n natuurlike persoon beoog in subartikel (2) ingevolge artikel 46(3) gediskwalifiseer raak van individuele registrasie nadat die betrokke besigheid ingevolge hierdie Wet geregistreer is—

- (a) moet daardie natuurlike persoon die geregistreeerde, en die Nasionale Kredietreguleerder, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm daarvan in kennis stel; en
- (b) indien daardie natuurlike persoon—
  - (i) 'n belang in daardie besigheid het, moet daardie belang vervreem word binne 'n redelike tydperk van hoogstens drie jaar, wat deur die Nasionale Kredietreguleerder bepaal word ná oorweging van die omstandighede en die aard van die diskwalifikasie; of
  - (ii) 'n bestuurder van die besigheid is of beheer daarvoor uitoefen, kan die Nasionale Kredietreguleerder redelike voorwaardes oplê op die voortsetting van die registrasie met die oog daarop om voortgesette nakoming van hierdie Wet se beginsels te verseker.

(4) Subartikels (2) en (3) is nie op 'n geregleerde finansiële instelling van toepassing nie.

(5) Die bepalings van subartikel (3), saamgelees met die veranderinge deur die konteks vereis, is van toepassing op 'n natuurlike persoon wat—

- (a) 'n finansiële belang in 'n geregistreeerde verkry; of
- (b) 'n bestuurs- of beheerfunksie by 'n geregistreeerde aanvaar.

(6) Die Nasionale Kredietreguleerder moet 'n regs persoon se registrasie intrek indien die geregistreeerde te eniger tyd ná registrasie ingevolge hierdie artikel gediskwalifiseer raak.

## 48. Voorwaardes vir registrasie

(1) Indien 'n persoon kwalifiseer om as 'n kredietverskaffer geregistreer te word, moet die Nasionale Kredietreguleerder die aansoek verder oorweeg, met inagneming van die volgende kriteria:

- (a) In die mate waarin dit toepaslik is en met inagneming van die aansoeker se aard, die verbintnisse, indien enige, deur die aansoeker of enige geassosieerde persoon ingevolge swart ekonomiese bemagtiging gemaak met inagneming van die doel, oogmerke en bepalings van die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging<sup>10</sup> (Wet No. 53 van 2003);
- (b) die verbintnisse, indien enige, deur die aansoeker of enige geassosieerde persoon gemaak in verband met die bekamping van oorverskuldigheid, met inbegrip daarvan of die aansoeker of enige geassosieerde persoon enige toepaslike bedryfsgedragskode, deur 'n reguleerder of reguleringsowerheid goedgekeur, onderskryf; en
- (c) registrasie by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

---

<sup>10</sup> "Broad-Based Black Economic Empowerment Act" – Daar is nie 'n amptelike vertaling in Afrikaans van dié Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer nie.

(2) Indien die Nasionale Kredietreguleerder bepaal het dat 'n aansoeker kwalifiseer vir registrasie as 'n skuldberader, moet die Nasionale Kredietreguleerder die aansoek verder oorweeg, met inagneming van die aansoeker se opleiding, ondervinding en bevoegdheid met betrekking tot enige voorgeskrewe standaarde.

(3) Die Nasionale Kredietreguleerder kan, met inagneming van die oogmerke en doelstellings van hierdie Wet, die omstandighede van die aansoek en die toepaslike kriteria uiteengesit in subartikels (1) en (2), enige voorwaardes vir die registrasie van 'n aansoeker voorstel deur 'n skriftelike kennisgewing op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm te bestel waarin die voorgestelde voorwaardes en die redes daarvoor uiteengesit word.

(4) Voorwaardes beoog in subartikel (3) kan op 'n geassosieerde persoon van toepassing wees, en moet in ieder geval—

- (a) redelik en regverdigbaar in die omstandighede wees; en
- (b) in die geval van 'n gereguleerde finansiële instelling, bestaanbaar met sy lisensie wees.

(5) 'n Aansoeker wat 'n voorstel oor voorwaardes ontvang het, moet aan die Nasionale Kredietreguleerder antwoord binne—

- (a) 20 besigheidsdae ná die datum waarop die aansoeker die voorstel ontvang het; of
- (b) die langer tydperk deur die Nasionale Kredietreguleerder toegelaat, by aanvoering van gegronde redes.

(6) Indien 'n aansoeker wat 'n voorstel oor voorwaardes ontvang het—

- (a) instem tot die voorwaardes wat opgelê word, moet die Nasionale Kredietreguleerder die aansoeker registreer, onderworpe slegs aan die voorwaardes soos voorgestel; of
- (b) nie reageer nie, of reageer maar nie tot die voorgestelde voorwaardes instem nie, moet die Nasionale Kredietreguleerder enige antwoord deur die aansoeker voorgelê oorweeg en kan die Nasionale Kredietreguleerder die voorwaardes wat opgelê moet word finaal bepaal en die aansoeker registreer.

(7) Die Nasionale Kredietreguleerder moet—

- (a) 'n aansoeker skriftelik van 'n besluit ingevolge subartikel (6) verwittig; en
- (b) skriftelike redes vir daardie besluit verstrek indien die Nasionale Kredietreguleerder 'n voorwaarde wat voorheen voorgestel is, gewysig het.

#### **49. Wysiging van voorwaardes vir registrasie**

(1) Die Nasionale Kredietreguleerder kan enige registrasie hersien en nuwe voorwaardes daarvoor stel—

- (a) op versoek van die geregistreeerde aan die Nasionale Kredietreguleerder voorgelê op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm;
- (b) indien minstens vyf jaar verloop het sedert die Nasionale Kredietreguleerder die voorwaardes vir registrasie die vorige keer hersien of gewysig het;
- (c) indien die geregistreeerde hierdie Wet oortree het; of
- (d) indien die geregistreeerde—
  - (i) nie voldoen het aan enige voorwaardes verbonde aan sy registrasie nie;
  - (ii) enige verbintenis of onderneming deur hom gemaak met betrekking tot sy registrasie nie nagekom nie; of
  - (iii) enige goedgekeurde gedragskode op hom van toepassing oortree het,

en nie voldoende redes vir sodanige optrede kan verstrek nie.

(2) Voordat 'n voorwaarde ingevolge subartikel (1)(c) of (d) opgelê word, moet die Nasionale Kredietreguleerder die geregistreerde 'n redelike geleentheid bied om die tekortkoming in sy gedrag reg te stel.

(3) Die Nasionale Kredietreguleerder kan nuwe of alternatiewe voorwaardes oplê—

- (a) in die geval van 'n geregleerde finansiële instelling—
  - (i) slegs in die mate waarin die voorwaardes met sy lisensie bestaanbaar is; en
  - (ii) indien die hersiening kragtens subartikel (1)(c) of (d) geskied, slegs in die mate waarin die voorwaardes redelik en regverdigbaar is in die omstandighede wat tot die hersiening aanleiding gegee het; of
- (b) in die geval van enige ander geregistreerde, indien die hersiening kragtens subartikel (1)(c) of (d) geskied, slegs in die mate waarin die voorwaardes redelik en regverdigbaar is in die omstandighede wat tot die hersiening aanleiding gegee het.

## 50. Magtiging en standaardvoorwaardes vir registrasie

(1) 'n Registrasie ingevolge hierdie Wet uitgereik is oral in die Republiek geldig en magtig die geregistreerde om op enige plek binne die Republiek die geregistreerde aktiwiteite te bedryf, daarin betrokke te wees, of dit beskikbaar te stel.

(2) Dit is 'n voorwaarde van elke registrasie ingevolge hierdie Wet uitgereik dat die geregistreerde—

- (a) die Nasionale Kredietreguleerder of enige persoon deur die Nasionale Kredietreguleerder gemagtig, toelaat om enige perseel waar of vanwaar die geregistreerde die geregistreerde aktiwiteite bedryf, gedurende normale sake-ure te betree, en om redelike ondersoeke uit te voer vir voldoeningdoeleindes, met inbegrip van enige handeling beoog in artikel 154(1)(d) tot (h);
- (b) voldoen aan elke toepaslike bepaling van—
  - (i) hierdie Wet;
  - (ii) die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001); en
  - (iii) toepaslike provinsiale wetgewing binne enige provinsie waarbinne die geregistreerde die geregistreerde aktiwiteite bedryf, daarin betrokke is, of dit beskikbaar te stel.

## 51. Aansoek-, registrasie- en hernuwingsgelde

(1) Die Minister kan—

- (a) aansoekgelde voorskryf wat betaal moet word in verband met enige aansoek ingevolge hierdie Hoofstuk;
- (b) 'n aanvanklike registrasiebedrag voorskryf wat by registrasie betaal moet word; en
- (c) jaarlikse registrasiehernuwingsgelde voorskryf wat deur geregistreerdes betaal moet word;

(2) Die Minister kan ingevolge subartikel (1) verskillende gelde vir verskillende kategorieë aansoekers of geregistreerdes voorskryf, met inbegrip van maar nie beperk nie tot groepsregistrasie- en registrasiehernuwingsgelde gebaseer op die getal plekke waar of vanwaar persone geregistreerde aktiwiteite in hul eie name bedryf soos beoog in artikel 40(2)(c).

## 52. Sertifikaat, geldigheid en openbare kennisgewing van registrasie

- (1) By die registrasie van 'n aansoeker moet die Nasionale Kredietreguleerder—
  - (a) 'n voorgeskrewe registrasiesertifikaat aan die aansoeker uitreik en, in die geval van persone beoog in artikel 40(2)(c), 'n duplikaatafskrif van die registrasiesertifikaat vir elke geregistreerde plek waar of vanwaar daardie persoon die geregistreerde aktiwiteite bedryf;
  - (b) die registrasie in die register aanteken; en
  - (c) 'n unieke registrasienommer aan daardie geregistreerde toeken.
- (2) 'n Registrasiesertifikaat of duplikaatregistrasiesertifikaat ingevolge hierdie artikel uitgereik moet—
  - (a) die identiteit van die geregistreerde vermeld;
  - (b) die aktiwiteite vermeld waarin die registrasie die geregistreerde toelaat om betrokke te wees of wat die registrasie die geregistreerde toelaat om te bedryf of aan die publiek beskikbaar te stel; en
  - (c) enige ander voorgeskrewe inligting vermeld.
- (3) 'n Geldige registrasiesertifikaat of duplikaatregistrasiesertifikaat, of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, is *prima facie*-bewys dat die geregistreerde ingevolge hierdie Wet geregistreer is.
- (4) 'n Registrasie—
  - (a) word van krag op die datum waarop die registrasiesertifikaat of duplikaatregistrasiesertifikaat uitgereik word; en
  - (b) bly van krag, behoudens die tydige betaling van die voorgeskrewe registrasiehernuwingsgelde, totdat—
    - (i) die geregistreerde se registrasie ingetrek word; of
    - (ii) die registrasie ingevolge hierdie Wet gekanselleer word.
- (5) 'n Geregistreerde moet—
  - (a) die registrasiesertifikaat of duplikaatregistrasiesertifikaat vertoon in enige perseel waar of vanwaar hy sy geregistreerde aktiwiteite bedryf;
  - (b) sy status as geregistreerde en sy registrasienommer, in 'n leesbare lettertipe, op al sy kredietooreenkomste en in alle kommunikasie met 'n verbruiker weergee;
  - (c) aan sy registrasievoorwaardes en die bepalinge van hierdie Wet voldoen;
  - (d) die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsgelde binne die voorgeskrewe tyd betaal;
  - (e) enige voorgeskrewe rekords in verband met sy geregistreerde aktiwiteite op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm hou; en
  - (f) enige voorgeskrewe verslae op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by die Nasionale Kredietreguleerder indien.
- (6) Benewens die vereistes van subartikel (5) moet 'n geregistreerde kredietburo 'n jaarlikse voldoeningsverslag, deur 'n onafhanklike ouditeur gewaarmerk, aan die Nasionale Kredietreguleerder voorlê, en dit moet die volgende sake aanraak:
  - (a) Die akkuraatheid van data wat deur hom ontvang is en waaroor hy verslag gedoen het;
  - (b) die voorkoms van klagtes en die oplossing van klagtes;
  - (c) die geskiktheid van prosedures deur hom gebruik om—
    - (i) die akkuraatheid te verseker van data wat deur hom ontvang is en waaroor hy verslag gedoen het;
    - (ii) te verseker dat vertroulikheid van data gehandhaaf word en alle toepaslike wetgewing betreffende die privaatheid en vertroulikheid van inligting nagekom word; en
    - (iii) te verseker dat klagtes opgelos word; en
  - (d) enige ander verwante of soortgelyke sake by regulasie voorgeskryf.

### **53. Nasionale rekord van registrasies**

(1) Die Nasionale Kredietreguleerder moet 'n register in die voorgeskrewe vorm vestig en in stand hou van alle persone wat geregistreer is—

(a) kragtens hierdie Wet; of

(b) ingevolge toepaslike provinsiale wetgewing, soos daar ingevolge artikel 38 deur provinsiale kredietreguleerders verslag gedoen is,

met inbegrip van diegene wie se registrasie verander of gekanselleer is.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder moet die inligting beoog in subartikel (1) op versoek aan 'n provinsiale kredietreguleerder beskikbaar stel.

(3) Die Nasionale Kredietreguleerder moet—

(a) enige persoon toelaat om die register ingevolge subartikel (1) gevestig gedurende normale sake-ure, en teen betaling van die voorgeskrewe gelde, te besigtig;

(b) die register op 'n webtuiste publiseer en in stand hou; en

(c) te eniger tyd 'n gedrukte afskrif van die register, of 'n uittreksel daaruit, teen betaling van die voorgeskrewe gelde, voorsien aan 'n persoon wat dit versoek.

(4) Enige persoon kan—

(a) 'n afskrif besigtig van 'n registrasiesertifikaat ingevolge hierdie Wet uitgereik; en

(b) teen betaling van die voorgeskrewe gelde 'n afskrif van die registrasiesertifikaat verkry.

### ***Deel B***

#### ***Voldoeningsprosedures en kansellering van registrasie***

### **54. Beperkte aktiwiteite deur ongeregisteerde persone**

(1) Behoudens subartikel (2) kan die Nasionale Kredietreguleerder 'n kennisgewing in die voorgeskrewe vorm uitreik aan enige persoon, of assosiasie van persone, wat—

(a) betrokke is in 'n aktiwiteit wat ingevolge hierdie Wet registrasie vereis, of aanbied om in so 'n aktiwiteit betrokke te wees, of hulle uitgee as gemagtig te wees om in so 'n aktiwiteit betrokke te wees; en

(b) nie ingevolge hierdie Wet geregistreer is om in daardie aktiwiteit betrokke te wees nie,

en van daardie persoon of assosiasie vereis om op te hou om in daardie aktiwiteit betrokke te wees, om aan te bied om daarin betrokke te wees of om hulle uit te gee as gemagtig te wees om daarin betrokke te wees.

(2) Voordat 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) aan 'n gereguleerde finansiële instelling uitgereik word, moet die Nasionale Kredietreguleerder oorleg pleeg met die reguleringsowerheid wat 'n lisensie aan daardie gereguleerde finansiële instelling uitgereik het.

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet—

(a) die naam vermeld van die persoon of assosiasie op wie die kennisgewing van toepassing is;

(b) besonderhede vermeld van die aard en omvang van die betrokke aktiwiteit;

(c) die datum vermeld met ingang waarvan die ongeregisteerde persoon moet ophou om in daardie aktiwiteit betrokke te wees;

(d) die grondslag uiteensit van die mening dat van die persoon wat in daardie aktiwiteit betrokke is, vereis word om geregistreer te word; en

- (e) enige straf vermeld wat ingevolge hierdie Wet opgelê kan word indien die persoon versuim om daardie aktiwiteit te beëindig.
- (4) Behoudens artikel 59 bly 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel uitgereik van krag totdat—
  - (a) 'n registrasiesertifikaat uitgereik word aan die persoon aan wie die kennisgewing uitgereik is; of
  - (b) die kennisgewing deur die Tribunaal, of deur 'n hof by appèl of hersiening van 'n Tribunaal se besluit betreffende die kennisgewing, tersyde gestel word.
- (5) Versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel uitgereik is 'n misdryf.

## 55. Voldoeningskennisgewings

- (1) Behoudens subartikel (2) kan die Nasionale Kredietreguleerder 'n voldoeningskennisgewing in die voorgeskrewe vorm uitreik aan—
  - (a) 'n persoon of assosiasie van persone wat die Nasionale Kredietreguleerder op redelike gronde glo—
    - (i) versuim het om te voldoen aan 'n bepaling van hierdie Wet; of
    - (ii) betrokke is in 'n aktiwiteit op 'n wyse wat nie met hierdie Wet bestaanbaar is nie; of
  - (b) 'n geregistreerde wat, volgens wat die Nasionale Kredietreguleerder glo, versuim het om te voldoen aan 'n voorwaarde van sy registrasie.
- (2) Voordat 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1)(a) aan 'n geregleerde finansiële instelling uitgereik word, moet die Nasionale Kredietreguleerder oorleg pleeg met die reguleringsowerheid wat 'n lisensie aan daardie geregleerde finansiële instelling uitgereik het.
- (3) 'n Voldoeningskennisgewing beoog in subartikel (1) moet—
  - (a) die persoon of assosiasie vermeld op wie die kennisgewing van toepassing is;
  - (b) die bepaling of voorwaarde vermeld waaraan nie voldoen is nie;
  - (c) besonderhede vermeld van die aard en omvang van die nievoldoening;
  - (d) enige stappe vermeld wat volgens vereiste gedoen moet word en die tydperk waarbinne daardie stappe gedoen moet word; en
  - (e) enige straf vermeld wat ingevolge hierdie Wet opgelê kan word indien daardie stappe nie gedoen word nie.
- (4) Behoudens artikel 59 bly 'n voldoeningskennisgewing ingevolge hierdie artikel uitgereik van krag totdat—
  - (a) dit deur die Tribunaal, of deur 'n hof by appèl of hersiening van 'n Tribunaal se besluit betreffende die kennisgewing, tersyde gestel word; of
  - (b) die Nasionale Kredietreguleerder 'n voldoeningcertifikaat beoog in subartikel (5) uitreik.
- (5) Indien voldoen word aan die vereistes van 'n voldoeningskennisgewing ingevolge subartikel (1) uitgereik, moet die Nasionale Kredietreguleerder 'n voldoeningcertifikaat uitreik.
- (6) Indien 'n persoon versuim om aan 'n voldoeningskennisgewing soos beoog in hierdie artikel te voldoen sonder om ingevolge artikel 56 'n beswaar aan te teken, kan die Nasionale Kredietreguleerder—
  - (a) die saak na die Nasionale Vervolgingsgesag verwys indien die versuim om te voldoen 'n misdryf ingevolge hierdie Wet uitmaak; of
  - (b) in enige ander geval, die saak vir 'n gepaste bevel na die Tribunaal verwys.

## 56. Beswaar teen kennisgewings

(1) Enige persoon aan wie 'n kennisgewing ingevolge artikel 54 of 55 uitgereik word, kan op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by die Tribunaal aansoek doen om die kennisgewing te hersien binne—

- (a) 15 besigheidsdae ná ontvangs van daardie kennisgewing; of
- (b) die langer tydperk wat deur die Tribunaal toegelaat word by aanvoering van gegronde redes.

(2) Na oorweging van enige verhoë deur die aansoeker en enige ander toepaslike inligting, kan die Tribunaal 'n kennisgewing in die geheel of 'n gedeelte daarvan bekragtig, wysig of kanselleer.

(3) Indien die Tribunaal 'n kennisgewing in die geheel of 'n gedeelte daarvan bekragtig of wysig, moet die aansoeker binne die tydperk daarin vermeld voldoen aan daardie kennisgewing soos bekragtig of gewysig.

## 57. Kansellering van registrasie

(1) Behoudens subartikel (2) kan 'n registrasie ingevolge hierdie Wet deur die Tribunaal op versoek deur die Nasionale Kredietreguleerder gekanselleer word indien die geregistreerde herhaaldelik—

- (a) versuim om te voldoen aan enige voorwaarde van sy registrasie;
- (b) versuim om 'n verpligting beoog in artikel 48(1) na te kom; of
- (c) hierdie Wet oortree.

(2) In enige omstandighede beoog in subartikel (1) betreffende 'n geregistreerde wat 'n geregleerde finansiële instelling is, kan die Nasionale Kredietreguleerder—

- (a) voorwaardes op die registrasie van daardie persoon oplaê wat bestaanbaar is met sy lisensie;
- (b) die aangeleentheid verwys na die reguleringsowerheid wat daardie geregleerde finansiële instelling gelisensieer het, met 'n versoek dat die reguleringsowerheid daardie lisensie in die omstandighede hersien; of
- (c) op die versoek, of met die toestemming, van die reguleringsowerheid wat daardie geregleerde finansiële instelling gelisensieer het, die Tribunaal versoek om die registrasie te kanselleer.

(3) 'n Reguleringsowerheid aan wie 'n aangeleentheid ingevolge subartikel (2)(b) verwys word of verwys kan word —

- (a) moet 'n formele hersiening van die geregistreerde se lisensie uitvoer;
- (b) kan daardie lisensie, in die mate toegelaat deur die wetgewing ingevolge waarvan die geregistreerde gelisensieer is, opskort hangende die uitslag van daardie hersiening; en
- (c) kan versoek, of instem daartoe, dat die Nasionale Kredietreguleerder, soos beoog in subartikel (2)(c), 'n versoek by die Tribunaal indien.

(4) Die Nasionale Kredietreguleerder moet poog om, soos beoog in artikel 17(4), 'n ooreenkoms te bereik met enige reguleringsowerheid wat lisensies aan geregleerde finansiële instellings uitreik, ten einde die prosedures te koördineer wat gevolg moet word wanneer enige stappe ingevolge subartikels (2) en (3) gedoen word.

(5) Indien die Tribunaal 'n registrasie gekanselleer het, moet die Nasionale Kredietreguleerder die geregistreerde skriftelik inlig oor—

- (a) die kansellering;
- (b) die redes vir die kansellering; en
- (c) die datum van kansellering.

(6) Indien 'n registrasie ingevolge hierdie artikel of artikel 58 gekanselleer word, moet die Nasionale Kredietreguleerder—

- (a) die registrasiesertifikaat kanselleer; en
- (b) die register dienooreenkomstig wysig.

(7) 'n Registrasie word gekanselleer vanaf—

- (a) die datum waarop die Tribunaal 'n bevel uitreik; of
- (b) in die geval van 'n kansellering ingevolge artikel 58, die datum deur die geregistreerde vermeld in die kennisgewing van vrywillige kansellering.

(8) 'n Geregistreerde wie se registrasie gekanselleer word, mag nie ná die datum waarop die kansellering van krag word, betrokke wees in enige voorheen geregistreerde aktiwiteite nie.

(9) Die verpligtinge van—

- (a) 'n geregistreerde kragtens hierdie Wet, of kragtens enige kredietooreenkoms ten opsigte waarvan hy die kredietverskaffer is, oorleef enige opskorting of kansellering van sy registrasie; en
- (b) 'n verbruiker kragtens 'n kredietooreenkoms oorleef die kansellering van die kredietverskaffer se registrasie.

## **58. Vrywillige kansellering van registrasie**

'n Geregistreerde kan sy registrasie kanselleer deur op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm skriftelike kennis aan die Nasionale Kredietreguleerder te gee, met vermelding van—

- (a) die geregistreerde se voorneme om die registrasie vrywillig te kanselleer; en
- (b) 'n datum, minstens vyf besigheidsdae ná die datum van die kennisgewing, waarop die kansellering van krag staan te word.

## **59. Hersiening van of appèl teen besluite**

(1) 'n Persoon geraak deur 'n besluit van die Nasionale Kredietreguleerder kragtens hierdie Hoofstuk kan by die Tribunaal aansoek doen om daardie besluit te hersien, en die Tribunaal kan 'n bevel uitreik wat die besluit in die geheel of gedeeltelik bevestig of tersyde stel.

(2) 'n Bevel beoog in subartikel (1) kan 'n bevel insluit wat enige voorwaarde verbonde aan 'n registrasie tersyde stel indien die Tribunaal nie oortuig is dat die voorwaarde redelik en geregverdig is nie, met inagneming van die oogmerke en doelstellings van hierdie Wet, die omstandighede van die aansoek of hersiening, na gelang van die geval, en die bepalinge van artikel 48.

(3) 'n Besluit deur die Tribunaal ingevolge hierdie artikel is onderworpe aan appèl by, of hersiening deur, die Hoë Hof in die mate deur artikel 148 toegelaat.

**HOOFSTUK 4**  
**VERBRUIKERSKREDIETBELEID**  
*Deel A*  
**Verbruikersregte**

**60. Reg om aansoek te doen om krediet**

(1) Elke volwasse natuurlike persoon, en elke regspersoon of assosiasie van persone, het die reg om by 'n kredietverskaffer om krediet aansoek te doen.

(2) Behoudens artikels 61 en 66 het 'n kredietverskaffer die reg om te weier om 'n kredietooreenkoms met enige voornemende verbruiker aan te gaan op redelike handelsgronde wat in ooreenstemming met sy gebruikelike risikobestuurs- en onderskrywingspraktyke is.

(3) Behoudens artikels 61 en 92(3) vestig niks in hierdie Wet 'n reg van enige persoon om van 'n kredietverskaffer te vereis om 'n kredietooreenkoms met daardie persoon aan te gaan nie.

**61. Beskerming teen diskriminasie ten opsigte van krediet**

(1) Vergeleke met die behandeling van enige ander verbruiker of voornemende verbruiker, mag 'n kredietverskaffer nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen enige natuurlike persoon, regspersoon of assosiasie van persone diskrimineer op een of meer gronde uiteengesit in artikel 9(3) van die Grondwet, of een of meer gronde uiteengesit in Hoofstuk 2 van Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie<sup>11</sup> nie, wanneer—

- (a) die vermoë van die persoon beoordeel word om die verpligtinge van 'n voorgestelde kredietooreenkoms na te kom;
- (b) besluit word om 'n aansoek om 'n kredietooreenkoms aan te gaan te weier, of om aan te bied om 'n kredietooreenkoms aan te gaan of om 'n kredietooreenkoms aan te gaan;
- (c) enige aspek van die koste van 'n kredietooreenkoms vir die verbruiker bepaal word;
- (d) die bepalings en voorwaardes van 'n kredietooreenkoms voorgestel of daarvoor ooreengekom word;
- (e) voldoening deur die persoon aan die bepalings van 'n kredietooreenkoms beoordeel word of wanneer sodanige voldoening van die persoon vereis word;
- (f) enige reg van die kredietverskaffer kragtens 'n kredietooreenkoms, hierdie Wet of toepaslike provinsiale wetgewing uitgeoefen word;
- (g) bepaal word of daar met 'n kredietooreenkoms voortgegaan moet word, en of dit afgedwing, 'n vonnis ten opsigte daarvan verkry en of dit beëindig moet word; of
- (h) daar besluit word of oor enige kredietinligting of -rekord verslag gedoen gaan word, of wanneer daar oor enige kredietinligting of -rekord verslag gedoen word.

(2) Subartikel (1), saamgelees met die veranderinge deur die konteks vereis, is in gelyke mate van toepassing op—

- (a) 'n kredietburo, wanneer hy sy dienste aan die publiek aanbied, en wanneer enige kredietinligting of -rekord deur hom aanvaar, saamgestel, ontleed of gewysig word of wanneer daarvoor verslag gedoen word;

---

<sup>11</sup> "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act" – Daar is nie 'n amptelike vertaling in Afrikaans van dié Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer nie.

- (b) die ombud met jurisdiksie of alternatiewe geskilbeslegtingsagent, wanneer die vermoë om 'n geskil te besleg of om bystand te verleen in die beslegting van 'n geskil tussen 'n kredietverskaffer en 'n verbruiker ingevolge hierdie Wet, aangebied word of wanneer sodanige ombud of agent hom of haar uitgee vir iemand wat oor sodanige vermoë beskik, of met die aanvaarding of weiering van 'n verwysing van so 'n aangeleentheid, of met die lewering van enige sodanige diens aan kredietverskaffers en verbruikers;
- (c) 'n skuldberader, wanneer die vermoë om as 'n skuldberader ingevolge hierdie Wet op te tree, aangebied word of wanneer sodanige skuldberader hom of haar uitgee vir iemand wat oor sodanige vermoë beskik, of met die aanvaarding of weiering van 'n verwysing van so 'n aangeleentheid, of met die lewering van enige sodanige diens aan verbruikers; en
- (d) 'n werkgewer of vakbond, wanneer ingevolge artikel 75(3) of (4) opgetree word.

(3) Subartikels (1) en (2) is van toepassing ten opsigte van 'n verbruiker of voornemende verbruiker wat 'n assosiasie of regs persoon is om onbillike diskriminasie teen daardie assosiasie of regs persoon te verbied gegrond op die kenmerke van enige natuurlike persoon wat 'n lid, assosiaat, eenaar, bestuurder, werknemer, kliënt of verbruiker van daardie assosiasie of regs persoon is.

(4) Dit is nie diskriminasie op grond van ouderdom om—

- (a) te weier om 'n aansoek om krediet te ontvang of te oorweeg van 'n minderjarige wat nie mondig verklaar is nie; of
- (b) te weier om 'n onwettige kredietooreenkoms aan 'n minderjarige wat nie mondig verklaar is nie, aan te bied, of om so 'n ooreenkoms met 'n minderjarige wat nie mondig verklaar is nie, aan te gaan nie.

(5) 'n Kredietverskaffer kan vir homself enige punte- of ander evalueringsmeganisme of -model bepaal om gebruik te word in die bestuur, onderskrywing en prysvasstelling van kredietrisiko's, op voorwaarde dat enige sodanige meganisme of model nie gegrond of gestruktureer word op 'n statistiese of ander ontleding waarin die grondslag van risikokategorisering, -differensiering of -bepaling 'n grond van onbillike diskriminasie is wat in artikel 9(3) van die Grondwet verbied word nie.

(6) Ten opsigte van 'n beweerde oortreding van hierdie artikel kan enige persoon beoog in artikel 20(1) van die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie<sup>12</sup>—

- (a) regstappe instel voor 'n gelykheidshof, ingevolge Hoofstuk 4 van die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie; of
- (b) 'n klagte by die Nasionale Kredietreguleerder indien ingevolge artikel 136, wat die klagte na die gelykheidshof moet verwys, indien die klagte geldig voorkom.

(7) 'n Hof kan 'n gevolgtrekking maak dat 'n kredietverskaffer onbillik teen 'n verbruiker of voornemende verbruiker gediskrimineer het indien daardie kredietverskaffer—

- (a) geweet het of redelikerwys kon geweet het dat die verbruiker of voornemende verbruiker, of 'n natuurlike persoon beoog in subartikel (3), 'n histories benadeelde persoon was;
- (b) 'n besluit beoog in artikel 62(1)(a) tot (d), met betrekking tot daardie verbruiker of voornemende verbruiker geneem het; en
- (c) geweier het, of sonder redelike oorsaak versuim het, om te reageer op 'n versoek wat ingevolge artikel 62 ten opsigte van daardie besluit gerig is.

---

<sup>12</sup> "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act" – Daar is nie 'n amptelike vertaling in Afrikaans van dié Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer nie.

## 62. Reg op redes indien krediet geweier word

(1) Op versoek van 'n verbruiker moet 'n kredietverskaffer daardie verbruiker skriftelik in kennis stel van die vernaamste rede vir die—

- (a) weiering om 'n kredietooreenkoms met daardie verbruiker aan te gaan;
- (b) aanbied aan daardie verbruiker van 'n laer kredietperk kragtens daardie kredietooreenkoms as dié waarom die verbruiker aansoek gedoen het, of vir die vermindering van die kredietperk kragtens 'n bestaande kredietfasiliteit;
- (c) weiering van 'n versoek deur die verbruiker om 'n kredietperk kragtens 'n bestaande kredietfasiliteit te verhoog; of
- (d) weiering om 'n kredietkaart of soortgelyke hernubare kredietfasiliteit wat verstryk met daardie verbruiker te hernu.

(2) Wanneer op 'n versoek ingevolge subartikel (1) gereageer word, moet 'n kredietverskaffer wat sy besluit gebaseer het op 'n ongunstige kredietverslag van 'n kredietburo ontvang, die verbruiker skriftelik van die naam, adres en ander kontakbesonderhede van daardie kredietburo in kennis stel.

(3) Op aansoek deur 'n kredietverskaffer kan die Tribunaal 'n bevel uitreik wat die kredietverskaffer se verpligting ingevolge hierdie artikel beperk indien die Tribunaal oortuig is dat die verbruiker se versoeke vir inligting beuselagtig of kwelsugtig is.

## 63. Reg op inligting in amptelike taal

(1) 'n Verbruiker het die reg om enige dokument wat ingevolge hierdie Wet vereis word te ontvang in 'n amptelike taal wat die verbruiker lees of verstaan, in die mate waarin dit redelik is met inagneming van gebruik, uitvoerbaarheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking wat gewoonlik bedien word deur die persoon van wie verlang word om daardie dokument te lewer.

(2) Indien die opsteller van 'n dokument wat ingevolge hierdie Wet aan 'n verbruiker gelewer moet word, 'n geregistreerde is, of indien daar van sodanige opsteller vereis word om 'n geregistreerde te wees, moet daardie persoon—

- (a) 'n voorlegging aan die Nasionale Kredietreguleerder doen wat voorstel dat sodanige dokumente in minstens twee amptelike tale beskikbaar gestel word; en
- (b) elke verbruiker die geleentheid bied om 'n amptelike taal te kies waarin die verbruiker enige dokument wil ontvang, vanuit minstens twee amptelike tale soos bepaal ooreenkomstig 'n voorstel wat deur die Nasionale Kredietreguleerder goedgekeur is.

(3) 'n Voorstel ingevolge subartikel (2) kan voorstel dat—

- (a) dieselfde amptelike tale oral in die Republiek gebruik word; of
- (b) verskillende amptelike tale in verskillende dele van die Republiek gebruik word.

(4) Die Nasionale Kredietreguleerder moet –

- (a) elke voorstel ingevolge subartikel (2) oorweeg met inagneming van gebruik, uitvoerbaarheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking wat gewoonlik bedien word deur die persoon wat die voorstel doen; en
- (b) (i) óf die voorstel goedkeur;  
(ii) óf van die persoon wat die voorstel doen vereis om 'n nuwe voorstel voor te lê, indien die Nasionale Kredietreguleerder tot die gevolgtrekking kom dat die voorstel nie genoegsaam voorsiening maak vir die maksimum praktiese uitoefening van die reg in subartikel (1) uiteengesit nie.

(5) Die persoon wat 'n voorstel gedoen het wat die onderwerp is van 'n besluit van die Nasionale Kredietreguleerder ingevolge subartikel (4)(b)(ii) kan by die Tribunaal aansoek doen om daardie besluit te hersien, en die Tribunaal kan 'n bevel uitreik wat die besluit bevestig of tersyde stel.

(6) Indien die opsteller van 'n dokument wat ingevolge hierdie Wet aan 'n verbruiker gelewer moet word, nie 'n geregistreerde is nie, en daar nie van hom of haar verlang word om te registreer nie, moet daardie persoon 'n geleentheid aan die verbruiker bied om 'n amptelike taal te kies waarin hy of sy daardie dokument wil ontvang vanuit minstens twee amptelike tale deur die opsteller van die dokument gekies, met inagneming van die gebruik, uitvoerbaarheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van behoeftes en voorkeure van die bevolking wat gewoonlik deur daardie persoon bedien word.

(7) Die opsteller van 'n dokument wat ingevolge hierdie Wet aan 'n verbruiker gelewer moet word, moet elke sodanige dokument aan die verbruiker voorsien in die amptelike taal wat die verbruiker ingevolge hierdie artikel gekies het.

(8) Die Minister kan minstens twee amptelike tale voorskryf wat deur die Nasionale Kredietreguleerder gebruik moet word in enige dokumente wat ingevolge hierdie Wet deur die Nasionale Kredietreguleerder gelewer moet word, vir die hele Republiek of bepaalde gedeeltes daarvan, ten einde die beste moontlike uitvoering te gee aan die reg uiteengesit in subartikel (1).

#### **64. Reg op inligting in eenvoudige en verstaanbare taal**

(1) Die opsteller van 'n dokument wat ingevolge hierdie Wet aan 'n verbruiker gelewer moet word, moet daardie dokument voorsien—

- (a) in die voorgeskrewe vorm, indien enige, vir daardie dokument; of
- (b) in eenvoudige taal, indien geen vorm vir daardie dokument voorgeskryf is nie.

(2) By die toepassing van hierdie Wet is 'n dokument in eenvoudige taal indien dit redelik is om tot die gevolgtrekking te kom dat van 'n gewone verbruiker van die klas persone vir wie die dokument bedoel is, met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale kredietondervinding, verwag kan word om die inhoud, betekenis en belang van die dokument sonder buitensporige inspanning te verstaan, met inagneming van—

- (a) die konteks, omvattendheid en konsekwentheid van die dokument;
- (b) die samestelling, vorm en styl van die dokument;
- (c) die woordeskat, gebruik en sinstruktuur van die teks; en
- (d) die gebruik van enige illustrasies, voorbeelde, opskrifte, of ander hulpmiddels vir lees en begrip.

(3) Die Nasionale Kredietreguleerder kan riglyne publiseer vir metodes om te bepaal of 'n dokument aan die vereistes van subartikel (1)(b) voldoen.

(4) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n ontwikkelingskredietooreenkoms nie indien—

- (a) die Nasionale Kredietreguleerder vooraf die vorm goedgekeur het van al die dokumente wat ingevolge hierdie Wet deur die kredietverskaffer vir sodanige kredietooreenkomste gebruik moet word; en
- (b) die kredietverskaffer slegs daardie vooraf goedgekeurde vorms gebruik het in sy handeling met die bepaalde verbruiker.

(5) Wanneer enige vorm van dokumente soos beoog in subartikel (4) vooraf goedgekeur word, moet die Nasionale Kredietreguleerder die noodsaaklikheid vir doeltreffendheid van die kredietverskaffer teen die beginsels van subartikel (1)(b) opweeg.

#### **65. Reg om dokumente te ontvang**

(1) Elke dokument wat ingevolge hierdie Wet aan 'n verbruiker gelewer moet word, moet op die voorgeskrewe wyse, indien enige, gelewer word.

(2) Indien geen metode vir die lewering van 'n bepaalde dokument aan 'n verbruiker voorgeskryf is nie, moet die persoon wat daardie dokument moet lewer—

- (a) die dokument aan die verbruiker beskikbaar stel deur een of meer van die volgende meganismes:
  - (i) Persoonlik by die sakeperseel van die kredietverskaffer, of by enige ander plek deur die verbruiker aangewys maar teen die verbruiker se koste, of met gewone pos;
  - (ii) per faks;
  - (iii) per e-pos; of
  - (iv) per drukbare webblad; en
- (b) dit aan die verbruiker lewer op die wyse deur die verbruiker gekies vanuit die keuses beskikbaar gestel ingevolge paragraaf (a).

(3) 'n Kredietverskaffer mag nie enige gelde hef vir die oorspronklike kopie van enige dokument wat ingevolge hierdie Wet aan 'n verbruiker gelewer moet word nie.

(4) Op skriftelike versoek van die verbruiker moet die kredietverskaffer die verbruiker voorsien van—

- (a) 'n enkele vervangingskopie van 'n dokument wat ingevolge hierdie Wet benodig word, sonder enige koste vir die verbruiker, te eniger tyd binne 'n jaar ná die datum vir die oorspronklike lewering van daardie dokument; en
- (b) enige ander vervangingskopie, behoudens enige soek- en produksiegelde by regulasie toegelaat.

(5) Op aansoek deur 'n kredietverskaffer kan die Tribunaal 'n bevel uitreik wat die kredietverskaffer se verpligting ingevolge subartikel (4) beperk indien die Tribunaal oortuig is dat die verbruiker se versoeke vir inligting beuselagtig of kwelsugtig is.

(6) Subartikels (3), (4) en (5) is nie van toepassing op 'n ontwikkelingskredietooreenkoms nie indien—

- (a) die Nasionale Kredietreguleerder vooraf goedgekeurde prosedures het wat deur die kredietverskaffer gevolg moet word met die lewering van dokumente ten opsigte van sodanige kredietooreenkoms ingevolge hierdie Wet; en
- (b) die kredietverskaffer aan daardie vooraf goedgekeurde prosedures voldoen het in sy handeling met die bepaalde verbruiker.

(7) Wanneer enige prosedure, soos beoog in subartikel (6), vooraf goedgekeur word, moet die Nasionale Kredietreguleerder die behoefte aan doeltreffendheid van die kredietverskaffer teen die beginsels van subartikels (1) tot (5) opweeg.

## **66. Beskerming van verbruikerskredietregte**

(1) 'n Kredietverskaffer mag nie, in reaksie op 'n verbruiker wat enige reg in hierdie Wet of in 'n kredietooreenkoms uiteengesit, uitoefen, of daarop aanspraak maak of probeer om dit te handhaaf—

- (a) regstreeks of onregstreeks teen die verbruiker diskrimineer, vergeleke met die kredietverskaffer se behandeling van enige ander verbruiker wat nie sodanige regte uitgeoefen, of daarop aanspraak gemaak of probeer het om dit te handhaaf nie;
- (b) die verbruiker penaliseer nie;
- (c) die bepalinge of voorwaardes van 'n kredietooreenkoms met die verbruiker tot die nadeel van die verbruiker verander, of voorstel om dit te verander, nie; of
- (d) enige stappe doen om 'n kredietooreenkoms met die verbruiker te versnel, af te dwing, op te skort of te beëindig nie.

(2) Indien 'n kredietooreenkoms, of enige bepaling van so 'n ooreenkoms, ingevolge hierdie Wet as onwettig verklaar word of uit die ooreenkoms geskrap word, mag die kredietverskaffer wat 'n party tot daardie ooreenkoms is, nie in reaksie op daardie besluit—

- (a) 'n ander party tot daardie ooreenkoms regstreeks of onregstreeks penaliseer wanneer enige stappe beoog in artikel 61(1), gedoen word nie;
- (b) die bepalings of voorwaardes van enige ander kredietooreenkoms met 'n ander party tot die betwiste ooreenkoms wysig nie, behalwe in die mate waarin dit nodig is om 'n soortgelyk onwettige bepaling reg te stel; of
- (c) enige stappe doen om 'n ander kredietooreenkoms met 'n ander party tot die betwiste ooreenkoms te versnel, af te dwing, op te skort of te beëindig nie.

## **Deel B**

### **Vertroulikheid, persoonlike inligting en verbruikerskredietrekords**

#### **67. Teenstrydige wetgewing**

In die geval van 'n teenstrydigheid tussen 'n bepaling van hierdie Deel, saamgelees met enige toepaslike omskrywing in artikel 1, en 'n bepaling van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet No. 2 van 2000), geld die bepalings van hierdie Deel en daardie Wet gelyktydig, in die mate waarin die bepalings van hierdie Deel nie ingevolge artikel 5 van daardie Wet uitgesluit word nie.

#### **68. Reg op vertroulike behandeling**

(1) Enige persoon wat, ingevolge hierdie Wet, enige vertroulike inligting wat betrekking het op 'n verbruiker of voornemende verbruiker ontvang, saamstel, hou of daarvoor verslag doen, moet die vertroulikheid van daardie inligting beskerm, en, in die besonder—

- (a) daardie inligting gebruik slegs vir 'n doel ingevolge hierdie Wet, ander nasionale wetgewing of toepaslike provinsiale wetgewing toegelaat of vereis; en
- (b) oor daardie inligting verslag doen of dit vrystel slegs aan die verbruiker of voornemende verbruiker, of aan 'n ander persoon —
  - (i) in die mate waarin dit deur hierdie Wet, ander nasionale wetgewing of toepaslike provinsiale wetgewing toegelaat of vereis word; of
  - (ii) soos voorgeskryf deur—
    - (aa) die instruksies van die verbruiker of voornemende verbruiker; of
    - (bb) 'n bevel van 'n hof of die Tribunaal.

(2) Versuim deur 'n kredietburo om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 55 met betrekking tot hierdie artikel, is 'n misdryf.

#### **69. Nasionale register van kredietooreenkomste**

(1) Die Minister kan van die Nasionale Kredietreguleerder vereis om 'n enkele nasionale register van uitstaande kredietooreenkomste op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, gebaseer op die inligting ingevolge hierdie artikel aan hom verskaf, te vestig en in stand te hou.

(2) Wanneer 'n kredietooreenkoms, behalwe 'n pandtransaksie of 'n insidentele kredietooreenkoms, aangegaan of gewysig word, moet die kredietverskaffer, óf regstreeks aan die nasionale register ingevolge hierdie artikel gevestig, óf aan 'n kredietburo, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, en binne die voorgeskrewe tyd, behoudens subartikel (6), oor die volgende inligting verslag doen:

- (a) Die kredietverskaffer se naam, hoofsaakelike adres, en registrasienommer, indien enige;
- (b) die naam en adres van die verbruiker;
- (c) indien die verbruiker—
  - (i) 'n natuurlike persoon is, sy of haar identiteitsnommer, of in die geval van 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie en nie 'n identiteitsnommer het nie, so iemand se paspoortnommer;
  - (ii) 'n regs persoon is, sy registrasienommer;
- (d) indien die ooreenkoms 'n kredietfasiliteit is, die kredietperk kragtens daardie fasiliteit, en die vervaldatum van die ooreenkoms, indien enige; en
- (e) indien die ooreenkoms 'n krediettransaksie of kredietwaarborg is—
  - (i) die hoofskuld kragtens die ooreenkoms;
  - (ii) die besonderhede van enige kredietooreenkoms wat voorheen bestaan het, en wat beëindig is of waaraan voldoen is in verband met die aangaan van die nuwe ooreenkoms;
  - (iii) die bedrag en tydrooster ten opsigte van elke betaling wat kragtens die ooreenkoms betaalbaar is; en
  - (iv) die datum waarop die verbruiker se verpligtinge ten volle nagekom sal word indien ten volle aan die ooreenkoms voldoen word;

(3) 'n Kredietverskaffer moet, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, óf regstreeks aan die nasionale register ingevolge hierdie artikel gevestig, óf aan 'n kredietburo, verslag doen oor die besonderhede van die beëindiging van of voldoening aan enige kredietooreenkoms waarvoor ingevolge subartikel (2) verslag gedoen is.

(4) Indien 'n persoon die regte van 'n kredietverskaffer kragtens 'n kredietooreenkoms bedoel in subartikel (2), aan 'n ander persoon oordra—

- (a) moet die persoon wat daardie regte oordra, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm aan die nasionale register ingevolge hierdie artikel gevestig verslag doen oor die besonderhede van daardie oordrag; en
- (b) moet die persoon aan wie daardie regte oorgedra word, enige verdere verpligtinge van die kredietverskaffer kragtens hierdie artikel nakom.

(5) 'n Kredietburo moet enige inligting waarvoor ingevolge hierdie artikel deur 'n kredietverskaffer aan hom verslag gedoen is, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm deurstuur na die nasionale register wat ingevolge hierdie artikel gevestig is.

(6) Die Minister kan alternatiewe vereistes, in plaas van enige van dié in subartikel (2) uiteengesit, ten opsigte van ontwikkelingskredietooreenkoms voorskryf.

## 70. Kredietburo-inligting

(1) In hierdie artikel beteken **“verbruikerskredietinligting”** inligting betreffende—

- (a) 'n persoon se kredietgeskiedenis, met inbegrip van aansoeke om krediet, kredietooreenkoms waartoe die persoon 'n party is of was, die patroon van betaling of wanbetaling kragtens enige sodanige kredietooreenkoms, skuldherstrukturering ingevolge hierdie Wet, voorkoms van afdwingingstappe ten opsigte van enige sodanige kredietooreenkoms, die omstandighede van beëindiging van enige sodanige kredietooreenkoms en verwante aangeleenthede;
- (b) 'n persoon se finansiële geskiedenis, met inbegrip van die persoon se vorige en huidige inkomste, bates en skuld, en ander aangeleenthede binne die bestek van daardie persoon se finansiële vermoëns, vooruitsigte en verpligtinge, soos omskryf in artikel 78(3), en verwante sake;
- (c) 'n persoon se opleiding, indiensneming, loopbaan, professionele of sakegeskiedenis, met inbegrip van omstandighede met betrekking tot die beëindiging van enige diens-, loopbaan-, professionele of sakeverhouding

en verwante sake; of

- (d) 'n persoon se identiteit, met inbegrip van die persoon se naam, geboortedatum, identiteitsnommer, huwelikstaat en familieverwantskappe, vorige en huidige adresse en ander kontakbesonderhede, en verwante sake.

(2) 'n Geregistreeerde kredietburo—

- (a) moet die indiening van verbruikerskredietinligting van enige kredietverskaffer by betaling van die kredietburo se indieningsgelde, indien enige, aanvaar;
- (b) moet die indiening van verbruikerskredietinligting van die betrokke verbruiker sonder koste aanvaar met die oog daarop om inligting wat op 'n ander wyse deur daardie kredietburo betreffende die verbruiker gehou word, reg te stel of te betwis;
- (c) moet redelike stappe doen om die korrektheid te verifieer van enige verbruikerskredietinligting waarvoor aan hom verslag gedoen is.
- (d) moet enige verbruikerskredietinligting waarvoor aan hom verslag gedoen is vir die voorgeskrewe tydperk hou, ongeag of daardie inligting positief of negatief op die verbruiker reflekteer al dan nie;
- (e) moet sy rekords van verbruikerskredietinligting op 'n wyse in stand hou wat aan die voorgeskrewe standaard voldoen;
- (f) moet onmiddellik enige voorgeskrewe verbruikerskredietinligting uit sy rekords skrap wat ingevolge die regulasies nie op sy rekords aangeteken mag word nie of wat, volgens wat van hom vereis word, uit sy rekords verwyder moet word;
- (g) moet, teen betaling van die kredietburo se gelde, behalwe waar die Wet uitdruklik bepaal dat geen gelde gevra mag word nie, 'n verslag aan enige persoon uitreik wat dit benodig vir 'n voorgeskrewe doel of 'n doel beoog in hierdie Wet;
- (h) mag nie 'n negatiewe gevolgtrekking maak oor, of 'n negatiewe waardebeoordeling uitreik van, 'n persoon se kredietwaardigheid slegs op grond daarvan dat die kredietburo geen verbruikerskredietinligting rakende daardie persoon het nie; en
- (i) mag nie wetens of op 'n nalatige wyse 'n verslag aan 'n persoon verskaf wat onjuiste inligting bevat nie.

(3) Benewens—

- (a) die verbruikerskredietinligting beoog in subartikel (2) mag 'n kredietburo slegs ander voorgeskrewe inligting met betrekking tot 'n verbruiker ontvang en saamstel en daarvoor verslag doen; en
- (b) die bronne van verbruikerskredietinligting beoog in subartikel (2), mag 'n kredietburo verbruikerskredietinligting rakende 'n verbruiker slegs van ander voorgeskrewe persone ontvang.

(4) Die Minister kan—

- (a) standaard voorskryf vir die indiening en bewaring van en verslagdoening oor verbruikerskredietinligting deur kredietburo's, benewens, of ter bevordering van, die vereistes in hierdie artikel uiteengesit; en
- (b) die maksimum gelde voorskryf wat 'n verbruiker gevra kan word vir toegang tot verbruikerskredietinligting rakende daardie persoon.

(5) Met die oog daarop om die verbruikerskredietmark te moniteer om klaarblyklike patrone van die roekelose verlening van krediet en oorverskuldigheid op te spoor, navorsing te doen oor die toeganklikheid en gebruik van krediet deur persone beoog in artikel 13(a), en om op 'n ander wyse sy mandaat uit te oefen om navorsing te doen oor verbruikerskredietaanleenthede en om nakoming van hierdie Wet te ondersoek en af te dwing, kan die Nasionale Kredietreguleerder—

- (a) van enige kredietburo vereis om periodieke oorsigtelike verslae van saamgestelde verbruikerskredietinligting op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm aan die Nasionale Kredietreguleerder te voorsien, maar

geen sodanige verslag mag 'n bepaalde verbruiker identifiseer of 'n bepaalde verbruiker in verband bring met enige inligting waaroor aldus verslag gedoen is nie; en

(b) verdere redelike versoeke rig vir inligting van 'n kredietburo wat verband hou met die inligting beoog in paragraaf (a); en

(c) inligting ontleed wat kragtens hierdie artikel of artikel 69 aan hom verskaf is.

(6) Versuim deur 'n kredietburo om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge artikel 55 uitgereik, met betrekking tot hierdie artikel, is 'n misdryf.

## **71. Verwydering van rekord van skuldaanpassing of vonnis**

(1) 'n Verbruiker wie se skuld herstruktureer is ingevolge Deel D van hierdie Hoofstuk, kan te eniger tyd by 'n skuldberader aansoek doen om 'n klaringsertifikaat wat met daardie skuldherstrukturering verband hou.

(2) 'n Skuldberader wat 'n aansoek ingevolge subartikel (1) ontvang, moet—

(a) die omstandighede van die skuldherstrukturering ondersoek; en

(b) (i) óf 'n klaringsertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik indien die verbruiker al die verpligtinge kragtens elke kredietooreenkoms wat aan die skuldherstruktureringsbevel of -ooreenkoms, onderworpe was, ten volle nagekom het ooreenkomstig daardie bevel of ooreenkoms;

(ii) óf weier om 'n klaringsertifikaat uit te reik, in enige ander geval.

(3) Indien 'n skuldberader weier om 'n klaringsertifikaat beoog in subartikel (2)(b)(i) uit te reik, kan die verbruiker by die Tribunaal aansoek doen om daardie besluit te hersien, en indien die Tribunaal oortuig is dat die verbruiker ingevolge subartikel (2)(b)(i) op die klaringsertifikaat geregtig is, kan die Tribunaal opdrag aan die skuldberader gee om 'n klaringsertifikaat aan die verbruiker uit te reik.

(4) 'n Verbruiker aan wie 'n klaringsertifikaat ingevolge hierdie artikel uitgereik word, kan 'n gewaarmerkte afskrif van daardie klaringsertifikaat indien by die nasionale register ingevolge artikel 69 gevestig of by enige kredietburo.

(5) By ontvangs van 'n afskrif van 'n klaringsertifikaat moet 'n kredietburo, of die nasionale kredietregister—

(a) die feit dat die verbruiker onderworpe was aan die tersaaklike skuldherstruktureringsbevel of -ooreenkoms;

(b) enige inligting in verband met enige wanbetaling deur die verbruiker wat moontlik—

(i) die skuldherstrukturering bespoedig het; of

(ii) oorweeg is in die uitreiking of aangaan van die skuldherstruktureringsbevel of -ooreenkoms; en

(c) enige rekord dat 'n bepaalde kredietooreenkoms onderworpe was aan die betrokke skuldherstruktureringsbevel of -ooreenkoms,

uit sy rekords skrap.

(6) By ontvangs van 'n afskrif van 'n hofbevel wat enige vonnis nietig verklaar, moet 'n kredietburo alle inligting wat met daardie vonnis verband hou uit sy rekords skrap.

(7) Versuim deur 'n kredietburo om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge artikel 55 uitgereik, met betrekking tot hierdie artikel, is 'n misdryf.

## **72. Reg om toegang tot kredietrekords en -inligting te verkry en om dit te betwis**

(1) Elke persoon het die reg om—

(a) binne die voorgeskrewe tyd deur 'n kredietverskaffer in kennis gestel te word voordat deur die kredietverskaffer aan 'n kredietburo verslag gedoen word oor enige voorgeskrewe ongunstige inligting betreffende die persoon, en om, op versoek, 'n afskrif van daardie inligting te ontvang;

(b) enige kredietburo, of nasionale kredietregister, lêer of inligting betreffende

daardie persoon te ondersoek—

- (i) sonder koste—
    - (aa) as 'n reg een keer binne enige tydperk van twaalf maande;
    - (bb) indien aldus beveel deur 'n hof of die Tribunaal; en
    - (cc) een keer binne 'n redelike tydperk nadat enige inligting ingevolge hierdie artikel suksesvol betwis is, met die oog daarop om te verifieer of die inligting reggestel is; en
  - (ii) op enige ander tydstip, by betaling van die inspeksiegelde van die kredietburo of nasionale kredietregister, indien enige;
- (c) die korrektheid van enige inligting betreffende daardie persoon te betwis—
- (i) wat die onderwerp van 'n voorgestelde verslag beoog in paragraaf (a) is; of
  - (ii) wat deur die kredietburo of nasionale kredietregister, na gelang van die geval, gehou word,  
en van die kredietburo of Nasionale Kredietreguleerder<sup>13</sup>, na gelang van die geval, vereis om die korrektheid van enige betwiste inligting, sonder koste vir die verbruiker, te ondersoek; en
- (d) vergoed te word deur enige persoon wat onjuiste inligting aan 'n geregistreerde kredietburo of aan die nasionale kredietregister<sup>14</sup> gerapporteer het, vir die koste om daardie inligting reg te stel.

(2) 'n Kredietverskaffer mag nie van 'n voornemende verbruiker vereis of hom of haar oorhaal om 'n verslag van 'n kredietburo te verkry of aan te vra in verband met 'n aansoek om krediet of 'n beoordeling kragtens artikel 81 nie.

(3) Indien 'n persoon die korrektheid van inligting betwis waaroor daar, volgens wat voorgestel word, aan 'n kredietburo of die nasionale kredietregister verslag gedoen moet word, of wat deur 'n kredietburo of die nasionale kredietregister gehou word, moet die kredietverskaffer, kredietburo of nasionale kredietregister, na gelang van die geval, redelike stappe doen om bewyse te soek ter stawing van die betwiste inligting, en, behoudens subartikel (6), binne die voorgeskrewe tydperk nadat die betwisting ingedien is—

- (a) 'n afskrif van sodanige geloofwaardige bewyse voorsien aan die persoon wat die betwisting aanhangig gemaak het; en
- (b) die inligting, en alle rekords daarvan, uit sy lêers verwyder indien hy nie geloofwaardige bewyse ter stawing van die inligting kan opspoor nie;

(4) Binne 20 besigheidsdae ná ontvangs van 'n afskrif van bewyse ingevolge subartikel (3)(a), kan die persoon wat die inligting gehou deur 'n kredietverskaffer, kredietburo of nasionale kredietregister betwis het, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by die Nasionale Kredietreguleerder aansoek doen om die betwiste inligting as 'n klagte kragtens artikel 136 te ondersoek.

(5) 'n Kredietburo of die Nasionale Kredietregister mag nie verslag doen oor inligting wat betwis word nie totdat die betwisting opgelos is ingevolge subartikel (3)(a) of (b).

(6) By aansoek deur 'n kredietverskaffer, 'n kredietburo of die Nasionale Kredietreguleerder, na gelang van die geval, kan die Tribunaal 'n bevel uitreik wat die aansoeker se verpligtinge teenoor 'n verbruiker ingevolge hierdie artikel beperk indien die Tribunaal oortuig is dat die verbruiker se—

- (a) bepaalde versoek of vereiste beuselagtig, ongegrond of totaal onredelik is; of
- (b) geskiedenis en patroon ten opsigte van sodanige versoeke of vereistes beuselagtig of kwelsugtig is.

---

<sup>13</sup> Die Engels lui: “National Credit Regulator”. Vergelyk voetnoot by paragraaf (d).

<sup>14</sup> Die Engels lui: “National Credit Register”. Moes dit kleinletters wees of miskien “National Credit Regulator” (“Nasionale Kredietreguleerder”)?

(7) Versuim deur 'n kredietburo om te voldoen aan 'n kennisgewing met betrekking tot hierdie artikel wat ingevolge artikel 55 uitgereik is, is 'n misdryf.

### **73. Verifiëring, hersiening en verwydering van verbruikerskredietinligting**

- (1) Die Minister moet, binne 'n tydperk van ses maande ná die effektiewe datum—
- (a) die tydraamwerk waarbinne, vorm waarin en wyse waarop verbruikerskredietinligting wat deur 'n kredietburo gehou word, hersien, geverifieer, reggestel of verwyder moet word, asook die aard van die hersiening, verifiëring, regstelling of verwydering, voorskryf; en
  - (b) die tydraamwerk en skedule voorskryf vir die uitoefening deur verbruikers van hul regte ingevolge artikel 72(1),

binne 'n tydperk van een jaar nadat die regulasies afgekondig is.<sup>15</sup>

- (2) Wanneer 'n saak beoog in subartikel (1) voorgeskryf word, moet die Minister—

- (a) onder meer—
  - (i) die voorspellende aard van sodanige inligting oorweeg; en
  - (ii) die sosio-ekonomiese uitwerking op verbruikers van die verwydering van sodanige inligting oorweeg; en
- (b) oorleg pleeg met belanghebbendes wat geraak word.

(3) Enige regulasies wat ingevolge hierdie artikel uitgevaardig staan te word, moet, voor die afkondiging daarvan, vir die nodige oorlegpleging aan die toepaslike parlementêre komitee voorgelê word.

## **Deel C**

### **Kredietbemarkingspraktyke**

### **74. Negatiewe opsiebemaking en onttrekkingsvereistes**

(1) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n aanbod maak om 'n kredietooreenkoms aan te gaan, of 'n persoon oorhaal om 'n kredietooreenkoms aan te gaan, op die grondslag dat die ooreenkoms outomaties tot stand sal kom tensy die verbruiker die aanbod van die hand wys nie.

(2) Behoudens artikel 119(4) mag 'n kredietverskaffer nie 'n aanbod maak om 'n kredietperk kragtens 'n kredietfasiliteit te verhoog, of 'n persoon oorhaal om sodanige verhoging te aanvaar, op die grondslag dat die perk outomaties verhoog sal word tensy die verbruiker die aanbod van die hand wys nie.

(3) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n voorstel doen om 'n kredietooreenkoms te verander of te wysig, of 'n persoon oorhaal om so 'n verandering of wysiging te aanvaar nie, op die grondslag dat die verandering of wysiging outomaties in werking sal tree tensy die verbruiker die voorstel verwerp, behalwe in die mate beoog in artikel 104, 116(a), 118(3) of 119(4).

(4) 'n Kredietooreenkoms na bewering aangegaan as gevolg van 'n aanbod beoog in subartikel (1), is 'n onwettige ooreenkoms en ongeldig in die mate in artikel 89 bepaal.

(5) 'n Bepaling van 'n kredietooreenkoms na bewering aangegaan as gevolg van 'n aanbod of voorstel beoog in subartikel (2) of (3), is 'n onwettige bepaling en ongeldig in die mate in artikel 90 bepaal.

(6) Wanneer 'n kredietooreenkoms aangegaan word, moet die kredietverskaffer 'n uiteensetting van die volgende opsies aan die verbruiker verskaf en die verbruiker die geleentheid bied om enige van daardie opsies te kies:

---

<sup>15</sup> In subartikel (1) word, na aanleiding van die Engelse teks, na sowel 'n tydperk van een jaar ("nadat die regulasies afgekondig is") as 'n tydperk van ses maande ("na die effektiewe datum") verwys. Is dit definitief korrek?

- (a) Om die opsie van vooraf goedgekeurde jaarlikse kredietperkverhogings soos bepaal in artikel 119(4) van die hand te wys, indien die ooreenkoms 'n kredietfasiliteit is; en
  - (b) om uitgesluit te word van enige—
    - (i) telebemarkingsveldtog wat moontlik deur of namens die kredietverskaffer onderneem kan word;
    - (ii) bemarkings- of kliëntelys wat moontlik deur die kredietverskaffer verkoop of versprei kan word, behalwe soos vereis deur hierdie Wet; of
    - (iii) enige massaverspreiding of e-pos- of sms-boodskappe.
- (7) 'n Kredietverskaffer—
- (a) moet 'n register byhou op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm van al die opsies deur verbruikers ingevolge subartikel (6) gekies; en
  - (b) mag nie op 'n wyse optree teenstrydig met 'n opsie deur 'n verbruiker ingevolge subartikel (6) gekies nie.

## 75. Bemarking en verkope van krediet tuis of by werk

(1) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n persoon teister in 'n poging om daardie persoon te oorreed om aansoek te doen om krediet of om 'n kredietooreenkoms of verwante transaksie aan te gaan nie.

(2) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n kredietooreenkoms by 'n privaat woning aangaan nie behalwe—

- (a) gedurende 'n besoek vooraf deur die verbruiker met die oog daarop gereël;
- (b) indien 'n kredietverskaffer die privaat woning besoek het met die oog daarop om goedere of dienste te koop aan te bied, en toevallig aangebied het om krediet te verskaf of te reël om die aankoop van daardie goedere of dienste te finansier; of
- (c) indien die kredietooreenkoms van 'n voorgeskrewe kategorie is wat wel gedurende 'n besoek aan 'n privaat woning aangegaan mag word.

(3) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n persoon se werkplek besoek met die oog daarop om daardie persoon oor te haal om aansoek te doen om krediet of om dit te verkry nie, of om by so 'n plek 'n kredietooreenkoms aan te gaan nie, behalwe—

- (a) om 'n kredietooreenkoms met die werkgewer aan te gaan; of
- (b) indien die besoek voortspruit uit—
  - (i) 'n formele ooreenkoms tussen die kredietverskaffer aan die een kant, en die werkgewer en enige verteenwoordigende vakbond of werknemer, aan die ander kant; of
  - (ii) 'n uitnodiging waarvoor daar geen aansporing was nie, deur die persoon wat besoek word.

(4) 'n Werkgewer of verteenwoordigende vakbond wat 'n ooreenkoms met 'n kredietverskaffer aangaan soos beoog in subartikel (3)(b)(i) mag nie enige gelde, kommissie, betaling, vergoeding of ander geldelike voordeel ontvang in ruil vir die tref van daardie reëling nie, of as 'n gevolg van 'n kredietooreenkoms aangegaan gedurende of as 'n gevolg van daardie reëling nie.

(5) Subartikels (2) tot (4) is nie van toepassing op ontwikkelingskredietooreenkomste nie.

## 76. Reklamepraktyke

(1) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op 'n advertensie—

- (a) wat nie na 'n spesifieke kredietproduk of kredietverskaffer verwys nie, en waarvan die oorheersende doel die bevordering is van —

- (i) verantwoordelike kredietpraktyke; of
- (ii) die gebruik van krediet in die algemeen;
- (b) wat in die algemeen 'n spesifieke kredietverskaffer, handelsmerk of soort kredietooreenkoms adverteer, maar nie 'n spesifieke verwysing na die produkprys, koste of beskikbaarheid van krediet bevat nie; of
- (c) deur die verkoper van goedere of dienste, of op die perseel van so 'n persoon, indien daardie kennisgewing of advertensie slegs aandui dat die persoon gewillig is om betaling deur 'n kredietfasiliteit te aanvaar ten opsigte waarvan 'n ander persoon die kredietverskaffer is.

(2) Hierdie artikel is van toepassing op die verskaffer van krediet wat geadverteer word, of die verkoper van enige goedere of dienste wat geadverteer word vir aankoop op krediet.

(3) 'n Persoon wat vereis word om as 'n kredietverskaffer geregistreer te wees, maar wat nie aldus geregistreer is nie, mag nie die beskikbaarheid van krediet, of van goedere of dienste wat op krediet gekoop kan word, adverteer nie

(4) 'n Advertensie oor die beskikbaarheid van krediet, of oor goedere of dienste wat op krediet gekoop kan word—

- (a) moet aan hierdie artikel voldoen;
- (b) moet enige uiteensetting bevat wat by regulasie vereis word;
- (c) mag nie—
  - (i) 'n vorm van krediet wat onwettig is, adverteer nie;
  - (ii) misleidend, bedrieglik of oneerlik wees nie; of
  - (iii) enige uiteensetting bevat wat by regulasie verbied word nie; en
- (d) kan 'n uiteensetting van vergelykende kredietkoste bevat in die mate toegelaat deur enige toepaslike wet of bedryfsgedragskode, maar enige sodanige uiteensetting moet—
  - (i) die koste aandui vir elke alternatief wat vergelyk word;
  - (ii) rentekoerse en alle ander koste van krediet vir elke alternatief aandui;
  - (iii) op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm uiteengesit word; en
  - (iv) vergesel gaan van die voorgeskrewe vermanings of waarskuwings betreffende die gebruik van sodanige vergelykende uiteensettings.

(5) In enige advertensie betreffende die verlening van krediet moet 'n kredietverskaffer die rentekoerse en ander kredietkoste op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm vermeld of uiteensit.

(6) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op ontwikkelingskredietooreenkomste indien—

- (a) die Nasionale Kredietreguleerder 'n vorm van advertering wat deur die betrokke kredietverskaffer gebruik kan word, vooraf goedgekeur het; en
- (b) die kredietverskaffer slegs daardie vooraf goedgekeurde vorm van advertering gebruik in die advertering of bemarking van goedere, dienste of krediet aan die bepaalde verbruiker.

(7) Wanneer enige vorm van advertering soos beoog in subartikel (6) vooraf goedgekeur word, moet die Nasionale Kredietreguleerder die noodigheid vir doeltreffendheid van die kredietverskaffer teen die beginsels van hierdie artikel opweeg.

## **77. Vereiste bemarkingsinligting**

Enige werwing deur of namens 'n kredietverskaffer met die oog daarop om 'n persoon oor te haal om aansoek te doen om krediet of om krediet te verkry, moet 'n uiteensetting insluit met die voorgeskrewe inligting vir die bepaalde soort werwing.

## Deel D

### Oorverskuldigheid en roekelose krediet

#### 78. Toepassing en uitleg van hierdie Deel

(1) Hierdie Deel is nie van toepassing op 'n kredietooreenkoms ten opsigte waarvan die verbruiker 'n regspersoon is nie.

(2) Artikels 81 tot 84, en enige ander bepalings van hierdie Deel in die mate waarin hulle met roekelose krediet verband hou, is nie van toepassing nie op—

- (a) 'n skoollening of 'n studentelening;
- (b) 'n noodlening;
- (c) 'n openbarebelang-kredietooreenkoms;
- (d) 'n pandtransaksie;
- (e) 'n insidentele kredietooreenkoms; of
- (f) 'n tydelike verhoging in die kredietperk kragtens 'n kredietfasiliteit,

met dien verstande dat oor enige krediet ingevolge paragrawe (a) tot (c) verleen aan die Nasionale Kredietregister verslag gedoen word op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, en met dien verstande voorts dat ten opsigte van enige krediet ingevolge paragraaf (b) verleen, redelike bewys van die bestaan van 'n noodlening<sup>16</sup> soos omskryf in artikel 1 deur die kredietverskaffer verkry is en gehou word.

(3) In hierdie Deel sluit “finansiële middele, vooruitsigte en verpligtinge” met betrekking tot 'n verbruiker of voornemende verbruiker, in—

- (a) inkomste, of enige reg om inkomste te ontvang, ongeag die bron, frekwensie of gereeldheid van daardie inkomste, behalwe inkomste wat die verbruiker of voornemende verbruiker ontvang, 'n reg het om te ontvang, of in trust hou, vir 'n ander persoon;
- (b) die finansiële middele, vooruitsigte en verpligtinge van enige ander volwasse persoon binne die verbruiker se onmiddellike familie of huishouding, in die mate waarin die verbruiker, of voornemende verbruiker, en daardie ander persoon gewoonlik—
  - (i) hulle onderskeie finansiële middele deel; en
  - (ii) hulle onderskeie finansiële verpligtinge gesamentlik dra; en
- (c) indien die verbruiker 'n handelsdoel het of gehad het toe die verbruiker om 'n bepaalde kredietooreenkoms aansoek gedoen het of toe die ooreenkoms aangegaan is, die toekomstige inkomstevloei uit daardie besigheidsdoel soos redelikerwys geraam.

#### 79. Oorverskuldigheid

(1) 'n Verbruiker is oorverskuldig indien die oorwig van beskikbare inligting, op die tydstip waarop 'n bepaling gedoen word, daarop dui dat die bepaalde verbruiker nie in staat is, of sal wees, om al die verpligtinge kragtens al die kredietooreenkoms waartoe die verbruiker 'n party is, betyds na te kom nie, met inagneming van daardie verbruiker se—

- (a) finansiële middele, vooruitsigte en verpligtinge; en
- (b) waarskynlike geneigdheid om al die verpligtinge kragtens al die kredietooreenkoms waartoe die verbruiker 'n party is, soos aangedui deur die verbruiker se geskiedenis van skuldterugbetaling, betyds na te kom.

(2) Wanneer daar bepaal moet word of 'n verbruiker oorverskuldig is al dan nie, moet die persoon wat daardie bepaling doen, die kriteria uiteengesit in subartikel (1) toepas soos dit bestaan op die tydstip waarop die bepaling gedoen word.

---

<sup>16</sup> Engels lui (verkeerdelik?) slegs: “emergency”.

- (3) Wanneer 'n bepaling ingevolge hierdie artikel gedoen word, is die waarde van—
- (a) enige kredietfasiliteit die vereffeningswaarde op daardie tydstip kragtens daardie kredietfasiliteit;
  - (b) enige kredietwaarborg—
    - (i) die vereffeningswaarde van die kredietooreenkoms wat dit waarborg, indien die borg opgeroep word om daardie waarborg gestand te doen; of
    - (ii) die vereffeningswaarde van die kredietooreenkoms wat dit waarborg, gediskonteer met 'n voorgeskrewe faktor.

## 80. Roekelose krediet

(1) 'n Kredietooreenkoms is roekeloos indien, op die tydstip waarop die ooreenkoms aangegaan is, of op die tydstip waarop die bedrag wat ingevolge die ooreenkoms goedgekeur is, verhoog is, behalwe 'n verhoging ingevolge artikel 119(4)—

- (a) die kredietverskaffer versuim het om 'n beoordeling te doen soos deur artikel 81(2) vereis, ongeag wat die uitslag van so 'n beoordeling op daardie tydstip moontlik kon opgelewer het;
- (b) die kredietverskaffer, nadat 'n beoordeling gedoen is soos deur artikel 81(2) vereis, 'n kredietooreenkoms met die verbruiker aangegaan het ondanks die feit dat die oorwig van inligting aan die kredietverskaffer beskikbaar aangedui het dat—
  - (i) die verbruiker in die algemeen nie die risiko's, koste of verpligtinge van die verbruiker kragtens die voorgestelde kredietooreenkoms verstaan of waardeer het nie; of
  - (ii) die aangaan van daardie kredietooreenkoms die verbruiker oorverskuldig sou laat.

(2) Wanneer 'n bepaling gedoen moet word of 'n kredietooreenkoms roekeloos is al dan nie, moet die persoon wat daardie bepaling doen die kriteria uiteengesit in subartikel (1) toepas soos hulle bestaan het op die tydstip waarop die ooreenkoms aangegaan is en sonder inagneming van die vermoë van die verbruiker om—

- (a) die verpligtinge kragtens daardie kredietooreenkoms na te kom; of
- (b) die risiko's, koste en verpligtinge kragtens die voorgestelde kredietooreenkoms te verstaan of te waardeer,

op die tydstip waarop die bepaling gedoen word.

(3) Wanneer 'n bepaling ingevolge hierdie artikel gedoen word, is die waarde van—

- (a) enige kredietfasiliteit die kredietperk op daardie tydstip kragtens daardie kredietfasiliteit;
- (b) enige reeds bestaande kredietwaarborg—
  - (i) die vereffeningswaarde van die kredietooreenkoms wat deur hom gewaarborg word, indien die borg opgeroep word om daardie waarborg gestand te doen; of
  - (ii) die vereffeningswaarde van die kredietooreenkoms wat deur hom gewaarborg word, gediskonteer met 'n voorgeskrewe faktor; en
- (c) enige nuwe kredietwaarborg die vereffeningswaarde van die kredietooreenkoms wat deur hom gewaarborg word, gediskonteer met 'n voorgeskrewe faktor.

## 81. Voorkoming van roekelose krediet

(1) Wanneer om 'n kredietooreenkoms aansoek gedoen word, en terwyl daardie aansoek deur die kredietverskaffer oorweeg word, moet die voornemende verbruiker alle versoeke vir inligting deur die kredietverskaffer gerig volledig en eerlik beantwoord as deel van die beoordeling deur hierdie artikel vereis.

(2) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n kredietooreenkoms aangaan sonder om eers redelike stappe te doen om 'n beoordeling te doen van—

- (a) die voornemende verbruiker se—
  - (i) algemene begrip en waardering van die risiko's en koste van die voorgestelde krediet en van die regte en verpligtinge van 'n verbruiker kragtens 'n kredietooreenkoms;
  - (ii) skuldterugbetalingsgeskiedenis as 'n verbruiker kragtens kredietooreenkoms;
  - (iii) bestaande finansiële middele, vooruitsigte en verpligtinge; en
- (b) die vraag of daar redelike gronde bestaan om tot die gevolgtrekking te kom dat enige handelsdoel suksesvol sal kan blyk te wees, indien die verbruiker so 'n doel het wanneer om daardie kredietooreenkoms aansoek gedoen word.

(3) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n roekelose kredietooreenkoms met 'n voornemende verbruiker aangaan nie.

(4) By die toepassing van hierdie Wet is dit 'n volledige verweer teen 'n bewering dat 'n kredietooreenkoms roekeloos is indien—

- (a) die kredietverskaffer vasstel dat die verbruiker versuim het om enige versoeke vir inligting deur die kredietverskaffer gerig as deel van die beoordeling deur hierdie artikel vereis, volledig en eerlik te beantwoord; en
- (b) 'n hof of die Tribunaal bepaal dat die verbruiker se versuim om dit te doen die vermoë van die kredietverskaffer om 'n behoorlike beoordeling te doen, wesenlik beïnvloed het.

## 82. Beoordelingsmeganismes en -prosedures

(1) Behoudens subartikels (2)(a) en (3) kan 'n kredietverskaffer vir homself die evalueringmeganismes of -modelle en -prosedures bepaal om te gebruik om sy beoordelingsverpligtinge kragtens artikel 81 na te kom, met dien verstande dat sodanige meganisme, model of prosedure 'n billike en objektiewe beoordeling tot gevolg het.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder kan—

- (a) die evalueringmeganismes, -modelle en -prosedures wat ingevolge artikel 81 ten opsigte van voorgestelde ontwikkelingskredietooreenkoms gebruik staan te word, vooraf goedkeur; en
- (b) riglyne publiseer wat evalueringmeganismes, -modelle en -prosedures voorstel wat ingevolge artikel 81 gebruik staan te word en wat op ander kredietooreenkoms van toepassing is.

(3) Behoudens subartikels (2)(a) en (4) is 'n riglyn deur die Nasionale Kredietreguleerder gepubliseer nie bindend op 'n kredietverskaffer nie.

(4) Indien die Tribunaal bevind dat 'n kredietverskaffer herhaaldelik versuim het om sy verpligtinge kragtens artikel 81 na te kom, of gewoonlik evalueringmeganismes, -modelle of -prosedures gebruik wat nie 'n billike en objektiewe beoordeling tot gevolg het nie, kan die Tribunaal, op aansoek van die Nasionale Kredietreguleerder, van daardie kredietverskaffer vereis om—

- (a) enige riglyne te gebruik wat ingevolge subartikel (2)(b) deur die Nasionale Kredietreguleerder gepubliseer word; of
- (b) enige alternatiewe riglyne toe te pas wat bestaanbaar is met heersende bedryfspraktyke, soos deur die Tribunaal bepaal.

### 83. Hof kan roekelose kredietooreenkoms opskort

(1) Ondanks enige andersluidende bepaling van 'n wet of 'n ooreenkoms, kan die hof in enige hofverrigtinge waarin 'n kredietooreenkoms oorweeg word, verklaar dat die kredietooreenkoms roekeloos is, soos ooreenkomstig hierdie Deel bepaal.

(2) Indien 'n hof verklaar dat 'n kredietooreenkoms roekeloos is ingevolge artikel 80(1)(a) of 80(1)(b)(i), kan die hof 'n bevel uitreik—

- (a) wat al die verbruiker se regte en verpligtinge, of 'n gedeelte daarvan, kragtens daardie ooreenkoms tersyde stel, soos wat die hof in die omstandighede bepaal regverdig en redelik is; of
- (b) wat die werking en geldigheid van daardie kredietooreenkoms ooreenkomstig subartikel (3)(b)(i) opskort.

(3) Indien 'n hof ingevolge artikel 80(1)(b)(ii) verklaar dat 'n kredietooreenkoms roekeloos is—

- (a) moet die hof verder oorweging skenk of die verbruiker oorverskuldig is ten tyde van daardie hofverrigtinge; en
- (b) kan die hof, indien die hof tot die gevolgtrekking kom dat die verbruiker oorverskuldig is, 'n bevel uitreik—
  - (i) wat die werking en geldigheid van daardie kredietooreenkoms opskort tot 'n datum deur die hof bepaal op die tydstop waarop die bevel van opskorting uitgereik word; en
  - (ii) wat die verbruiker se verpligtinge kragtens enige ander kredietooreenkoms ooreenkomstig artikel 87 herstruktureer.

(4) Voordat die hof 'n bevel ingevolge subartikel (3) uitreik, moet die hof—

- (a) die verbruiker se huidige middele en vermoë oorweeg om die verbruiker se huidige finansiële verpligtinge te betaal wat bestaan het op die tydstop waarop die ooreenkoms aangegaan is; en
- (b) die verwagte datum oorweeg wanneer enige sodanige verpligting kragtens 'n kredietooreenkoms ten volle nagekom sal word, aangenome dat die verbruiker al die vereiste betalings ooreenkomstig enige voorgestelde bevel doen.

### 84. Uitwerking van opskorting van kredietooreenkoms

(1) Gedurende die tydperk dat die werking en geldigheid van 'n kredietooreenkoms ingevolge hierdie Wet opgeskort is—

- (a) word daar nie van die verbruiker verwag om enige betaling te doen wat kragtens die ooreenkoms vereis, word nie;
- (b) mag geen rente, gelde of ander heffing kragtens die ooreenkoms van die verbruiker gevra word nie; en
- (c) is die kredietverskaffer se regte kragtens die ooreenkoms, of kragtens enige wet ten opsigte van daardie ooreenkoms, nie afdwingbaar nie, ondanks enige andersluidende wetsbepaling.

(2) Nadat 'n opskorting van die werking en geldigheid van 'n kredietooreenkoms eindig—

- (a)
  - (i) word al die onderskeie regte en verpligtinge van die kredietverskaffer en die verbruiker kragtens daardie ooreenkoms weer van krag; en
  - (ii) is al sodanige regte en verpligtinge ten volle afdwingbaar behalwe in die mate waarin 'n hof anders gelas; en
- (b) ter wille van groter sekerheid, mag geen bedrag met betrekking tot enige rente, gelde of ander heffing deur die kredietverskaffer van die verbruiker gevra word wat nie gedurende die opskorting ingevolge subartikel (1)(b) gevra kon word nie.

## 85. Hof kan oorverskuldigheid verklaar en verlig

Ondanks enige andersluidende bepaling van 'n wet of 'n ooreenkoms, kan die hof in enige hofverrigtinge waarin 'n kredietooreenkoms oorweeg word, indien daar beweer word dat die verbruiker kragtens 'n kredietooreenkoms oorverskuldig is—

- (a) die aangeleentheid regstreeks na 'n skuldberader verwys met 'n versoek dat die skuldberader die verbruiker se omstandighede evalueer en 'n aanbeveling aan die hof doen ingevolge artikel 86(7); of
- (b) verklaar dat die verbruiker oorverskuldig is, soos ooreenkomstig hierdie Deel bepaal, en enige bevel beoog in artikel 87 uitreik om die verbruiker se oorverskuldigheid te verlig.

## 86. Aansoek om skuldhersiening

(1) 'n Verbruiker kan op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by 'n skuldberader aansoek doen om die verbruiker oorverskuldig te laat verklaar.

(2) 'n Aansoek ingevolge hierdie artikel mag nie ten opsigte 'n bepaalde kredietooreenkoms gedoen word nie, en is nie op 'n bepaalde kredietooreenkoms van toepassing nie, indien die kredietverskaffer, ten tyde van daardie aansoek, kragtens daardie kredietooreenkoms voortgegaan het om stappe beoog in artikel 129 te doen ten einde daardie ooreenkoms, af te dwing.

(3) 'n Skuldberader—

- (a) kan van die verbruiker vereis om aansoekgeld te betaal, wat nie die voorgeskrewe bedrag oorskry nie, voordat 'n aansoek ingevolge subartikel (1) aanvaar word; en
- (b) mag nie enige gelde van 'n kredietverskaffer vereis of aanvaar ten opsigte van 'n aansoek ingevolge hierdie artikel nie.

(4) By ontvangs van 'n aansoek ingevolge subartikel (1), moet 'n skuldberader—

- (a) bewys aan die verbruiker lewer dat die aansoek ontvang is;
- (b) (i) alle kredietverskaffers wat in die aansoek gelys is; en  
(ii) elke geregistreerde kredietburo,  
op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm in kennis stel.

(5) 'n Verbruiker wat by 'n skuldberader aansoek doen, en elke kredietverskaffer beoog in subartikel (4)(b), moet—

- (a) voldoen aan enige redelike versoeke deur die skuldberader om die evaluering van die verbruiker se staat van oorverskuldigheid en die vooruitsigte vir verantwoordelike skuldherstrukturering te fasiliteer; en
- (b) in goeie trou deelneem aan die hersiening en aan enige onderhandelinge wat verantwoordelike skuldherstrukturering ten doel het.

(6) 'n Skuldberader wat 'n aansoek ingevolge hierdie artikel aanvaar het, moet op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tyd bepaal—

- (a) of dit voorkom asof die verbruiker oorverskuldig is; en
- (b) indien die verbruiker 'n verklaring van roekelose krediet versoek, of dit voorkom asof enige van die verbruiker se kredietooreenkomste roekeloos is.

(7) Indien 'n skuldberader, as gevolg van 'n beoordeling ingevolge subartikel (6) gedoen, redelikerwys tot die gevolgtrekking kom dat—

- (a) die verbruiker nie oorverskuldig is nie, moet die skuldberader die aansoek afkeur, selfs indien die skuldberader bevind dat 'n bepaalde kredietooreenkoms roekeloos was op die tydstip waarop dit aangegaan is;
- (b) die verbruiker nie oorverskuldig is nie, maar nietemin probleme ondervind, of na alle waarskynlikheid sal ondervind, om al die verbruiker se verpligtinge kragtens kredietooreenkomste betyds na te kom, kan die skuldberader

- aanbeveel dat die verbruiker en die onderskeie kredietverskaffers vrywillig 'n skuldherstruktureringsplan oorweeg en daartoe instem; of
- (c) die verbruiker oorverskuldig is, kan die skuldberader 'n voorstel uitreik waarin aanbeveel word dat die Landdroshof óf een óf albei van die volgende bevele uitreik:
- (i) Dat verklaar word dat een of meer van die verbruiker se kredietooreenkomste roekelose krediet is, indien die skuldberader tot die gevolgtrekking gekom het dat dit voorkom asof daardie ooreenkomste roekeloos is; en
- (ii) dat een of meer van die verbruiker se verpligtinge herstruktureer word deur—
- (aa) die tydperk van die ooreenkoms te verleng en die bedrag van elke betaling verskuldig dienooreenkomstig te verminder;
- (bb) die datums waarop betalings kragtens die ooreenkoms gedurende 'n vermelde tydperk betaalbaar is, uit te stel;
- (cc) die ooreenkoms se tydperk te verleng en die datums waarop betalings kragtens die ooreenkoms gedurende 'n vermelde tydperk betaalbaar is, uit te stel; of
- (dd) die verbruiker se verpligtinge opnuut te bereken weens oortredings van Deel A of B van Hoofstuk 5, of Deel A van Hoofstuk 6.

(8) Indien 'n skuldberader 'n aanbeveling ingevolge subartikel (7)(b) doen en—

- (a) die verbruiker en elke betrokke kredietverskaffer die voorstel aanvaar, moet die skuldberader die besluit in die vorm van 'n bevel opteken, en indien die verbruiker en elke betrokke kredietverskaffer daartoe instem, dit as 'n toestemmingsbevel ingevolge artikel 138 indien; of
- (b) indien paragraaf (a) nie van toepassing is nie, moet die skuldberader die saak saam met die aanbeveling na die Landdroshof verwys.

(9) Indien 'n skuldberader 'n aansoek soos beoog in subartikel (7)(a) afkeur, kan die verbruiker met verlof van die Landdroshof, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, regstreeks by die Landdroshof aansoek doen om 'n bevel beoog in subartikel (7)(c).

(10) Indien 'n verbruiker hom of haar skuldig maak aan wanbetaling kragtens 'n kredietooreenkoms wat ingevolge hierdie artikel onder hersiening is, kan die kredietverskaffer ten opsigte van daardie kredietooreenkoms op die voorgeskrewe wyse kennis gee om die hersiening te beëindig, aan—

- (a) die verbruiker;
- (b) die skuldberader; en
- (c) die Nasionale Kredietreguleerder,

te eniger tyd minstens 60 besigheidsdae ná die datum waarop die verbruiker om die skuldherstruktureringsplan aansoek gedoen het.

(11) Indien 'n kredietverskaffer wat kennis gegee het om 'n hersiening soos beoog in subartikel (10) te beëindig, voortgaan om daardie ooreenkoms ingevolge Deel C van Hoofstuk 6 af te dwing, kan die Landdroshof wat die saak aanhoor, beveel dat die hersiening hervat word op enige voorwaardes wat die hof in die omstandighede regverdig ag.

## **87. Landdroshof kan verbruiker se verpligtinge herstruktureer**

(1) Indien 'n skuldberader ingevolge artikel 86(8)(b) 'n voorstel aan die Landdroshof doen, of 'n verbruiker ingevolge artikel 86(9) by die Landdroshof aansoek doen, moet die Landdroshof 'n verhoor hou en kan die Landdroshof, met inagneming van die voorstel en inligting voor die hof en die verbruiker se finansiële middele, vooruitsigte en verpligtinge—

- (a) die aanbeveling of aansoek, na gelang van die geval, verwerp of afkeur; of

- (b) (i) 'n bevel uitreik wat enige kredietooreenkoms as roekeloos verklaar, en 'n bevel beoog in artikel 83(2) of (3) uitreik, indien die Landdroshof tot die gevolgtrekking kom dat die ooreenkoms roekeloos is;
- (ii) 'n bevel uitreik wat die verbruiker se verpligtinge op enige wyse beoog in artikel 86(7)(c)(ii) herstruktureer; of
- (iii) albei die bevels beoog in subparagrafe (i) en (ii) uitreik.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder mag nie ingryp in 'n saak voor die Landdroshof wat ingevolge hierdie artikel na die hof verwys is nie.

## **88. Uitwerking van skuldher sienings- of skuldherstruktureringsbevel of -ooreenkoms**

(1) 'n Verbruiker wat 'n aansoek ingevolge artikel 86(1) ingedien het, of wat in die hof beweer het dat die verbruiker oorverskuldig is, mag nie enige verder koste kragtens 'n kredietfasiliteit of enige verdere kredietooreenkoms, behalwe 'n konsolideringsooreenkoms, met enige kredietverskaffer aangaan nie, totdat een van die volgende gebeurtenisse plaasgevind het:

- (a) Die skuldberader het die aansoek afgekeur en die voorgeskrewe tydperk vir regstreekse indiening ingevolge artikel 86(9) het verstryk sonder dat die verbruiker aldus aansoek gedoen het;
- (b) die hof het bepaal dat die verbruiker nie oorverskuldig is nie, of het 'n skuldberader se voorstel of die verbruiker se aansoek afgekeur; of
- (c) nadat 'n hof 'n bevel uitgereik het of die verbruiker en kredietverskaffers 'n ooreenkoms gesluit het wat die verbruiker se verpligtinge herstruktureer, word al die verbruiker se verpligtinge kragtens die kredietooreenkoms soos herstruktureer nagekom, tensy die verbruiker die verpligtinge by wyse van 'n konsolideringsooreenkoms nagekom het.

(2) Indien 'n verbruiker verpligtinge nakom by wyse van 'n konsolideringsooreenkoms soos beoog in subartikel (1)(c) of hierdie subartikel, gaan die werking van subartikel (1) voort totdat die verbruiker al die verpligtinge kragtens die konsolideringsooreenkoms nagekom het, tensy die verbruiker weer die verpligtinge by wyse van 'n konsolideringsooreenkoms nagekom het.

(3) Behoudens artikel 86(9) en (10) mag 'n kredietverskaffer wat kennis van hofverrigtinge beoog in artikel 83 of 85, of kennis ingevolge artikel 86(4)(b)(i), ontvang, nie enige reg of sekuriteit kragtens daardie kredietooreenkoms by wyse van gedingvoering of ander geregtelike proses uitoefen of afdwing nie totdat—

- (a) die verbruiker hom of haar aan wanbetaling kragtens die kredietooreenkoms skuldig maak; en
- (b) een van die volgende plaasgevind het:
  - (i) 'n Gebeurtenis beoog in subartikel (1)(a) tot (c); of
  - (ii) die verbruiker het versuim om 'n verpligting ingevolge 'n herstrukturering ooreengekom tussen die verbruiker en kredietverskaffers, of deur 'n hof of die Tribunaal gelas, na te kom.

(4) Indien 'n kredietverskaffer 'n kredietooreenkoms, behalwe 'n konsolideringsooreenkoms beoog in hierdie artikel, aangaan met 'n verbruiker wat om skuldherstrukturering aansoek gedoen het, en daardie herstrukturering bestaan nog, kan daardie hele nuwe kredietooreenkoms, of 'n gedeelte daarvan, as roekelose krediet verklaar word, ongeag of die omstandighede uiteengesit in artikel 80 van toepassing is al dan nie.

(5) Indien 'n verbruiker strydig met hierdie artikel om 'n kredietooreenkoms aansoek doen of sodanige ooreenkoms aangaan, sal die bepalings van hierdie Deel nooit op daardie ooreenkoms van toepassing wees nie.

**HOOFSTUK 5**  
**VERBRUIKERSKREDIETOOREENKOMSTE**

*Deel A*

*Onwettige ooreenkomste en bepalings*

**89. Onwettige kredietooreenkomste**

(1) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n pandtransaksie nie.

(2) Behoudens subartikels (3) en (4) is 'n kredietooreenkoms onwettig indien—

(a) die verbruiker op die tydstip waarop die ooreenkoms aangegaan is 'n minderjarige was wat nie mondig verklaar is nie en wat nie deur 'n voog bygestaan is nie, of onderworpe was aan—

(i) 'n bevel van 'n bevoegde hof wat bepaal dat daardie persoon geestelik onbevoeg is; of

(ii) 'n administrasiebevel bedoel in artikel 74(1) van die Wet op Landdroshowe, en die betrokke administrateur nie tot die ooreenkoms ingestem het nie,

en die kredietverskaffer geweet het, of redelikerwys kon vasgestel het, dat die verbruiker aan so 'n bevel onderworpe was;

(b) die ooreenkoms voortspruit uit 'n aanbod wat ingevolge artikel 74(1) verbied is;

(c) dit 'n aanvullende ooreenkoms of dokument is wat deur artikel 91(a) verbied word;

(d) die kredietverskaffer op die tydstip waarop die ooreenkoms aangegaan is, ongeregistreer was en hierdie Wet vereis dat daardie kredietverskaffer geregistreer moet wees; of

(e) die kredietverskaffer onderworpe was aan 'n kennisgewing deur die Nasionale Kredietreguleerder of 'n provinsiale kredietreguleerder wat van die kredietverskaffer vereis om te—

(i) staak om krediet kragtens enige kredietooreenkoms aan te bied, beskikbaar te stel of te verleen, of in te stem om enige van daardie dinge te doen; of

(ii) staak om krediet kragtens die bepaalde vorm van kredietooreenkoms wat deur die kredietverskaffer gebruik word, aan te bied, beskikbaar te stel of te verleen,

ongeag of hierdie Wet vereis dat daardie kredietverskaffer geregistreer moet wees al dan nie, en geen verdere appèl of hersiening ten opsigte van daardie kennisgewing beskikbaar is nie.

(3) Subartikel (2)(a) is nie van toepassing op 'n kredietooreenkoms nie indien die verbruiker, of enige persoon wat namens die verbruiker optree, regstreeks of onregstreeks, deur 'n handeling of versuim—

(a) die kredietverskaffer oorgehaal het om te glo dat die verbruiker die wetlike vermoë gehad het om 'n kontrak te sluit; of

(b) probeer het om die feit te verdoesel of te verswyg dat die verbruiker onderworpe was aan 'n bevel beoog in daardie paragraaf.

(4) Subartikel (2)(d) is nie van toepassing op 'n kredietooreenkoms nie indien—

(a) die kredietverskaffer, op die tydstip waarop die ooreenkoms aangegaan is, of binne 30 dae daarna, aansoek gedoen het om registrasie ingevolge artikel 40, en gewag het vir 'n beslissing ten opsigte van daardie aansoek; of

(b) die kredietverskaffer, op die tydstip waarop die ooreenkoms aangegaan is, 'n geldige klaringcertifikaat gehad het wat ingevolge artikel 42(3)(b) deur die Nasionale Kredietreguleerder uitgereik is.

(5) Indien 'n kredietooreenkoms onwettig is ingevolge hierdie artikel, ondanks enige gemeneregbepaling, enige ander wetgewing of enige bepaling van 'n ooreenkoms, wat strydig is daarmee, moet 'n hof bevel gee dat—

- (a) die kredietooreenkoms nietig is vanaf die datum waarop die ooreenkoms aangegaan is;
- (b) die kredietverskaffer enige geld deur die verbruiker kragtens daardie ooreenkoms aan die kredietverskaffer betaal aan die verbruiker moet terugbetaal, met rente bereken—
  - (i) teen die koers in daardie ooreenkoms uiteengesit; en
  - (ii) vir die tydperk vanaf die datum waarop die verbruiker die geld aan die kredietverskaffer betaal het, tot die datum waarop die geld aan die verbruiker terugbetaal word; en
- (c) al die beweerde regte van die kredietverskaffer kragtens daardie kredietooreenkoms ter verhaling van enige geld betaal of goedere gelewer aan of namens die verbruiker ingevolge daardie ooreenkoms—
  - (i) óf gekanselleer word, tensy die hof tot die gevolgtrekking kom dat, indien dit gedoen word, die verbruiker in die omstandighede op onregverdige wyse verryk sou word;
  - (ii) óf aan die Staat verbeur word, indien die hof tot die gevolgtrekking kom dat die verbruiker op onregverdige wyse deur die kansellering van daardie regte verryk sou word.

## 90. Onwettige bepalinge van kredietooreenkoms

(1) 'n Kredietooreenkoms mag nie 'n onwettige bepaling bevat nie.

(2) 'n Bepaling van 'n kredietooreenkoms is onwettig indien—

- (a) die algemene doelstellings of uitwerking daarvan is om—
  - (i) die doelstellings en beleidsbepalinge van hierdie Wet te verydel;
  - (ii) die verbruiker te mislei; of
  - (iii) die verbruiker aan bedrieglike optrede te onderwerp;
- (b) dit regstreeks of onregstreeks behels dat—
  - (i) 'n verbruiker 'n reg in hierdie Wet uiteengesit, prysgee, of daarvan ontnem word;
  - (ii) 'n kredietverskaffer se verpligting of plig ingevolge hierdie Wet vermy word;
  - (iii) die uitwerking van enige bepaling van hierdie Wet tersyde gestel of omvergewerp word;
  - (iv) die kredietverskaffer gemagtig word om—
    - (aa) enigiets te doen wat onwettig is ingevolge hierdie Wet; of
    - (bb) te versuim om enigiets te doen wat ingevolge hierdie Wet vereis word;
- (c) dit die afstanddoening van enige gemeneregrete behels wat—
  - (i) op die kredietooreenkoms van toepassing kan wees; en
  - (ii) ingevolge subartikel (5) voorgeskryf is;
- (d) die bepaling voortspruit uit 'n aanbod wat ingevolge artikel 74(2) of (3) verbied word;
- (e) dit behels dat die ooreenkoms onderworpe gemaak word aan 'n aanvullende ooreenkoms wat deur artikel 91(a) verbied word;
- (f) dit van die verbruiker vereis om 'n aanvullende ooreenkoms aan te gaan, of 'n dokument te onderteken, wat deur artikel 91(a) verbied word; of
- (g) dit die vrystelling behels van die kredietverskaffer van die aanspreeklikheid, of die beperking van sodanige aanspreeklikheid, ten opsigte van—
  - (i) enige handeling, versuim of voorstelling deur 'n persoon wat namens die kredietverskaffer optree; of

- (ii) enige waarborg of garansie wat, in die afwesigheid van so 'n bepaling, in die kredietooreenkoms geïmpliseer sou word;
- (h) dit 'n erkenning deur die verbruiker weergee dat—
  - (i) voordat die ooreenkoms aangegaan is, geen voorstelling of waarborge ten opsigte van die ooreenkoms deur die kredietverskaffer of 'n persoon namens die kredietverskaffer gemaak of gegee is nie; of
  - (ii) die verbruiker goedere of dienste ontvang het, of 'n dokument wat, volgens wat deur hierdie Wet vereis word, aan die verbruiker gelewer moet word, wat in werklikheid nie aan die verbruiker gelewer of gegee is nie;<sup>17</sup>
- (i) dit 'n instemming deur die verbruiker weergee om enige bedrag geld aan die kredietverskaffer te verbeur indien die verbruiker—
  - (i) die reg op herroeping ingevolge artikel 121 uitoefen, behalwe in die mate beoog in artikel 121(3)(b); of
  - (ii) versuim om aan 'n bepaling van die ooreenkoms te voldoen voordat die verbruiker enige goedere of dienste ingevolge die ooreenkoms ontvang;
- (j) dit behels dat die kredietverskaffer, of enige werknemer of agent van die kredietverskaffer, as 'n agent van die verbruiker aangestel word vir enige doel behalwe dié beoog in artikel 102, of ag dat so 'n aanstelling gedoen is;
- (k) dit namens die verbruiker—
  - (i) 'n magtiging weergee vir enige persoon wat namens die kredietverskaffer optree om enige perseel te betree met die oog daarop om beslag te lê op goedere wat met die kredietooreenkoms verband hou; of
  - (ii) vooruit 'n toekenning van prokurasie aan die kredietverskaffer weergee ten opsigte van enige aangeleentheid wat verband hou met die verlening van krediet ingevolge hierdie Wet;
  - (iii) 'n onderneming weergee om vooruit enige dokumentasie te onderteken wat verband hou met die afdwinging van die ooreenkoms, ongeag of sodanige dokumentasie volledig of onvolledig is ten tyde van die ondertekening;
  - (iv) 'n instemming tot 'n vooraf vasgestelde waarde van koste weergee wat met die afdwinging van die ooreenkoms verband hou behalwe in die mate waarin dit met Hoofstuk 6 bestaanbaar is;
  - (v) 'n beperking van die kredietverskaffer se aanspreeklikheid vir 'n handeling beoog in subparagraaf (iv) weergee; of
  - (vi) 'n instemming tot die jurisdiksie van—
    - (aa) die Hoë Hof, indien die landdroshof konkurrente jurisdiksie het; of
    - (bb) enige hof gesetel buite die jurisdiksiegebied van 'n hof wat konkurrente jurisdiksie het en waarbinne die verbruiker woon of werk of waar die betrokke goedere (indien enige) gewoonlik gehou word;

---

<sup>17</sup> Subparagraaf (ii) lui in Engels: “the consumer has received goods or services, or a document that is required by this Act to be delivered to the consumer, which have or has not in fact been delivered or rendered to the consumer;” Wat presies bedoel word, blyk nie duidelik nie. Dis óf 'n baie ingewikkelde sin óf nie korrek nie.

- (l) dit 'n toestemming deur die verbruiker weergee om—
  - (i) 'n identiteitsdokument, krediet- of debietkaart, toegangskarta tot 'n bankrekening of outomatiese tellermasjien of enige soortgelyke identifiseringsdokument of -toestel in bewaring te gee by die kredietverskaffer, of enige ander persoon volgens die voorskrif van die kredietverskaffer; of
  - (ii) 'n persoonlike identifiseringskode of -nommer te voorsien om gebruik te word om toegang tot 'n rekening te verkry;
- (m) dit 'n opdrag of magtiging behels aan enige persoon betrokke in die verwerking van betalings om voorkeur te gee aan betalings vir die kredietverskaffer bo enige ander kredietverskaffer;
- (n) dit behels dat die kredietverskaffer gemagtig of toegelaat word om 'n verpligting van die verbruiker na te kom deur 'n heffing op te lê teen 'n bate, rekening of bedrag wat deur of tot voordeel van die verbruiker gedeponeer word en wat deur die kredietverskaffer of 'n derde party gehou word, behalwe by wyse van 'n staande skuldreëling, of in die mate deur artikel 124 gemagtig; of
- (o) dit verklaar of impliseer dat die rentekoers veranderlik is, behalwe in die mate deur artikel 103(4) gemagtig.

(3) In enige kredietooreenkoms is 'n bepaling wat ingevolge hierdie artikel onwettig is, ongeldig vanaf die datum waarop die bepaling bedoel is om in werking te tree.

(4) In enige saak voor hom betreffende 'n kredietooreenkoms wat 'n bepaling beoog in subartikel (2) bevat, moet die hof—

- (a) daardie onwettige bepaling uit die ooreenkoms verwyder, of dit wysig in die mate wat nodig is om dit wettig te maak, indien dit redelik is om dit te doen met inagneming van die ooreenkoms as geheel; of
- (b) verklaar dat die volledige ooreenkoms onwettig is vanaf die datum waarop die ooreenkoms, of gewysigde ooreenkoms, van krag geword het,

en enige verdere bevel uitreik wat in die omstandighede regverdig en redelik is om uitvoering te gee aan die beginsels van artikel 89(5) met betrekking tot daardie onwettige bepaling, of die volledige ooreenkoms, na gelang van die geval.

(5) Die Minister kan bepaalde gemenereregte voorskryf waarvan nie in 'n kredietooreenkoms afstand gedoen mag word nie, op grond daarvan dat die afstanddoening van daardie regte onbestaanbaar sou wees met die doelstellings van hierdie Wet soos in artikel 3 uiteengesit.

## 91. Aanvullende vereistes en dokumente

'n Kredietverskaffer mag nie—

- (a) regstreeks of onregstreeks van 'n verbruiker vereis of 'n verbruiker oorhaal om 'n aanvullende ooreenkoms aan te gaan, of enige dokument te onderteken, wat 'n bepaling bevat wat onwettig sou wees indien dit in 'n kredietooreenkoms ingesluit sou word nie;
- (b) 'n verbruiker versoek of by 'n verbruiker aandrang om—
  - (i) die kredietverskaffer tydelike of permanente besit te gee van 'n instrument in artikel 90(2)(l)(i) bedoel nie, behalwe met die oog op identifisering, of om 'n afskrif van die instrument te maak;
  - (ii) enige persoonlike identifiseringskode of -nommer beoog in artikel 90(2)(l)(ii), openbaar te maak nie; of
- (c) opdrag gee aan enige ander persoon, of so 'n persoon toelaat om enigiets in hierdie artikel bedoel namens of vir die voordeel van die kredietverskaffer te doen nie.

## Deel B

### Openbaarmaking, vorm en uitwerking van kredietooreenkoms

#### 92. Voorooreenkomsopenbaarmaking

(1) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n kleinkredietooreenkoms aangaan nie, tensy die kredietverskaffer 'n voorooreenkomsverklaring en -kwotasie in die voorgeskrewe vorm aan die verbruiker gegee het nie.

(2) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n middelslag- of grootkredietooreenkoms aangaan nie tensy die kredietverskaffer die verbruiker voorsien het van—

- (a) 'n voorooreenkomsverklaring—
  - (i) in die vorm van die voorgestelde ooreenkoms; of
  - (ii) in 'n ander vorm wat omsien na al die aangeleenthede wat ingevolge artikel 93 vereis word; en
- (b) 'n kwotasie in die voorgeskrewe vorm wat die hoofskuld, voorgestelde verspreiding van daardie bedrag, die rentekoers en ander kredietkoste, die totale koste van die voorgestelde ooreenkoms, en die basis van enige koste wat kragtens artikel 121(3) aangeslaan kan word indien die verbruiker die kontrak nietig verklaar.

(3) Behoudens slegs subartikel (4) en artikels 81 en 101(1)(d)(ii)<sup>18</sup> moet die kredietverskaffer, vir 'n tydperk van vyf besigheidsdae ná die datum waarop 'n kwotasie ingevolge subartikel (2)(b) aangebied word—

- (a) ten opsigte van 'n kleinooreenkoms, op versoek van die verbruiker, die beoogde kredietooreenkoms aangaan teen of laer as die rentekoers of kredietkoste gekwoteer;
- (b) ten opsigte van 'n middelslag- of grootooreenkoms, op versoek van die verbruiker, die beoogde kredietooreenkoms aangaan teen 'n rentekoers of kredietkoste wat—
  - (i) dieselfde is of laer is as die rentekoers of kredietkoste wat gekwoteer is; of
  - (ii) hoër is as die rentekoers of kredietkoste wat gekwoteer is teen 'n marge wat nie groter is as die verskil tussen die onderskeie heersende bankkoerse op die datum van die kwotasie, en die datum waarop die ooreenkoms aangegaan is nie.

(4) Indien krediet verleen word vir die aankoop van 'n item met beperkte beskikbaarheid, kan die kredietverskaffer verklaar dat die kwotasie ingevolge hierdie artikel verskaf onderworpe is aan die voortgesette beskikbaarheid van die item gedurende die tydperk beoog in subartikel (3).

(5) Die Minister kan verskillende vorms voorskryf wat ingevolge hierdie artikel gebruik moet word ten opsigte van—

- (a) ontwikkelingskredietooreenkoms; en
- (b) ander kredietooreenkoms.

(6) 'n Verklaring wat, volgens wat deur hierdie artikel vereis word, aan 'n verbruiker gelewer moet word, kan in 'n papiervorm, of in 'n drukbare elektroniese vorm aan die verbruiker versend word.

(7) Hierdie artikel is nie van toepassing op enige aanbod, voorstel, voorgoedkeuringsverklaring of soortgelyke reëling ingevolge waarvan 'n kredietverskaffer slegs aan 'n voornemende verbruiker 'n gewilligheid aandui om 'n aansoek te oorweeg om 'n hipotetiese toekomstige kredietooreenkoms aan te gaan, in die algemeen of tot op 'n vermelde maksimum waarde nie.

---

<sup>18</sup> Die verwysing na artikels 81 en 101(1)(d)(ii) word in die Engelse teks (onnodiglik?) in paragraaf (a) herhaal.

### **93. Vorm van kredietooreenkoms**

(1) Die kredietverskaffer moet 'n afskrif van 'n dokument waarin die kredietooreenkoms tussen die kredietverskaffer en die verbruiker opgeteken word, sonder koste aan die verbruiker lewer, versend in 'n papiervorm, of in 'n drukbare elektroniese vorm.

(2) 'n Dokument waarin 'n kleinkredietooreenkoms opgeteken word, moet in die voorgeskrewe vorm wees.

(3) 'n Dokument waarin 'n middelslag- of grootooreenkoms opgeteken word—

(a) moet in die voorgeskrewe vorm wees, indien enige, vir die betrokke kategorie of tipe kredietooreenkoms; of

(b) kan, indien daar geen toepaslike voorgeskrewe vorm is nie, in enige vorm wees wat—

(i) deur die kredietverskaffer bepaal word; en

(ii) voldoen aan enige voorgeskrewe vereistes vir die betrokke kategorie of tipe kredietooreenkoms.

(4) Die Nasionale Kredietreguleerder kan riglyne publiseer vir metodes om te beoordeel of 'n verklaring voldoen aan enige voorgeskrewe vereistes beoog in subartikel (3).

(5) Die Minister kan verskillende vorms voorskryf wat ingevolge subartikel (2) gebruik moet word ten opsigte van—

(a) ontwikkelingskredietooreenkoms; en

(b) ander kredietooreenkoms.

### **94. Aanspreeklikheid vir verlore of gesteelde kaarte of ander identifiseringstoestelle**

(1) Indien 'n kredietfasiliteit voorsiening maak vir toegang tot daardie fasiliteit deur die gebruik van 'n kaart, persoonlike identifiseringskode of -nommer of soortgelyke identifiseringstoestel, moet die dokument waarin daardie kredietooreenkoms opgeteken word 'n kontaktelefoonnommer verstrek waar die verbruiker die verlies of diefstal van daardie kaart, persoonlike identifiseringskode of -nommer of ander toestel kan rapporteer.

(2) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n verpligting op 'n verbruiker opleë ná die tyd dat daardie verbruiker die verlies of diefstal van die geassosieerde kaart, persoonlike identifiseringskode of -nommer of ander toestel gerapporteer het nie, tensy—

(a) die verbruiker se handtekening verskyn op die ontvangsbewys, verkoopstrokie, of soortgelyke rekord wat bewys lewer van daardie bepaalde gebruik van die kredietfasiliteit; of

(b) die kredietverskaffer ander bewyse het wat genoegsaam is om te bevestig dat die verbruiker daardie bepaalde gebruik van die kredietfasiliteit gemagtig het of daarvoor verantwoordelik was.

### **95. Veranderinge, uitstel en kwytskelding**

Die verskaffing van krediet as 'n gevolg van 'n verandering aan 'n bestaande kredietooreenkoms, of 'n uitstel of kwytskelding van 'n bedrag kragtens 'n bestaande kredietooreenkoms, mag nie, by die toepassing van hierdie Wet, behandel word as die skep van 'n nuwe kredietooreenkoms indien die verandering, uitstel of kwytskelding ooreenkomstig hierdie Wet of die ooreenkoms geskied nie.

## 96. Adres vir kennisgewing

(1) Wanneer ook al van 'n party tot 'n kredietooreenkoms vereis word om 'n geregtelike kennisgewing aan die ander party te lewer, of indien die party dit graag aan die ander party wil lewer, vir enige doel beoog in die ooreenkoms, hierdie Wet of enige ander wet, moet die party wat kennis gee daardie kennisgewing aan die ander party lewer by—

- (a) die adres van daardie ander party soos uiteengesit in die ooreenkoms, tensy paragraaf (b) van toepassing is; of
- (b) die mees onlangse adres deur die ontvanger voorsien ooreenkomstig subartikel (2).

(2) 'n Party tot 'n kredietooreenkoms kan sy adres verander deur 'n skriftelike kennisgewing van die nuwe adres per hand, geregistreerde pos, of elektroniese pos aan die ander party te lewer indien daardie ander party 'n e-pos-adres verstrek het,.

## 97. Verbruiker moet plek van goedere openbaar maak

(1) Hierdie artikel is van toepassing op 'n kredietooreenkoms indien—

- (a) dit betrekking op enige goedere het, en die verbruiker op enige tydstip gedurende die ooreenkoms besit van daardie goedere het of gehad het; en
- (b) ingevolge daardie ooreenkoms—
  - (i) die eiendomsreg ten opsigte van daardie goedere nie op die verbruiker oorgegaan het nie; of
  - (ii) die kredietverskaffer 'n reg het om besit van die goedere te neem ongeag of dit deur die verbruiker of 'n ander persoon besit word.

(2) Tot met die beëindiging van 'n ooreenkoms waarop hierdie artikel van toepassing is, moet die verbruiker die kredietverskaffer binne die voorgeskrewe tyd, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm verwittig van enige verandering betreffende—

- (a) die verbruiker se woon- of sakeadres;
- (b) die adres van die perseel waar enige goedere wat aan die ooreenkoms onderworpe is gewoonlik gehou word; en
- (c) die naam en adres van enige ander persoon aan wie besit van die goedere oorgedra is.

(3) Op versoek van die kredietverskaffer, 'n onderbalju of 'n bode van die hof moet die verbruiker daardie persoon, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, verwittig van die adres van die perseel waar die goedere gewoonlik gehou word en van die naam en adres van die eienaar, indien enige, van daardie perseel.

(4) Indien die verbruiker, ten tyde van die versoek kragtens subartikel (3), nie meer in besit van die goedere is wat aan die ooreenkoms onderworpe is nie, moet die verbruiker die naam en adres verstrek van die persoon aan wie besit van daardie goedere oorgedra is.

(5) 'n Verbruiker wat wetens—

- (a) vals of misleidende inligting aan 'n kredietverskaffer, onderbalju of bode van die hof kragtens hierdie artikel verskaf; of
- (b) optree op 'n wyse strydig met hierdie artikel met die oogmerk om 'n kredietverskaffer te frustreer of te verhinder om sy regte kragtens hierdie Wet of 'n kredietooreenkoms uit te oefen,

is aan 'n misdryf skuldig.

## 98. Ooreenkoms van toepassing op vervangde goedere

Indien die verbruiker en die kredietverskaffer, ná lewering aan die verbruiker van goedere wat aan 'n kredietooreenkoms onderworpe is, ooreenkom om al die goedere aldus beskryf of sommige daarvan met ander goedere te vervang—

- (a) is die kredietooreenkoms vanaf die datum van lewering van die vervangde goedere op die vervangde goedere van toepassing eerder as op die goedere oorspronklik beskryf; en
- (b) moet die kredietverskaffer 'n hersiene kredietooreenkoms opstel en aan die verbruiker lewer wat die vervangde goedere beskryf, maar sonder om enige ander veranderinge aan die oorspronklike ooreenkoms aan te bring.

## 99. Verpligtinge van pandhouders

(1) 'n Kredietverskaffer wat 'n pandtransaksie met 'n verbruiker aangaan—

- (a) moet in die kredietooreenkoms 'n datum vermeld waarop die ooreenkoms eindig;
- (b) moet tot die einde van die kredietooreenkoms, en op risiko van die kredietverskaffer, enige eiendom van die verbruiker behou wat aan die kredietverskaffer gelewer is as sekuriteit kragtens die kredietooreenkoms; en
- (c) moet enige eiendom bedoel in paragraaf (b) aan die verbruiker lewer indien die verbruiker, te eniger tyd tot en met die datum waarop die ooreenkoms eindig, die vereffeningswaarde kragtens die ooreenkoms betaal of die geld aanbied wat nodig is om dit te betaal.

(2) Indien 'n kredietverskaffer beoog in hierdie artikel versuim om enige eiendom aan die verbruiker te lewer soos in subartikel (1)(c) vereis, kan die Tribunaal, op aansoek van die verbruiker, die kredietverskaffer gelas om die verbruiker 'n bedrag te betaal gelykstaande aan—

- (a) die billike markwaarde van die eiendom, minus die vereffeningswaarde ten tyde van die versuim om daardie eiendom te lewer, soos deur die Tribunaal bepaal, indien die rede vir die versuim om die eiendom terug te gee is dat dit beskadig of vernietig is deur 'n tussenkomende oorsaak wat buite die beheer van die kredietverskaffer was; of
- (b) dubbel die billike markwaarde van die eiendom, minus die vereffeningswaarde ten tyde van die versuim om die eiendom te lewer, soos deur die Tribunaal bepaal, indien daar 'n ander rede is vir die versuim om die eiendom terug te gee as die rede beoog in paragraaf (a).

(3) Indien eiendom beoog in subartikel (2) deur die kredietverskaffer verkoop is, kan bewys van die prys waarteen daardie eiendom verkoop is deur die Tribunaal in aanmerking geneem word, maar dit is nie beslissend nie, in die bepaling van die billike markwaarde van die eiendom.

## **Deel C**

### **Verbruikersaanspreeklikheid, rente, heffings en gelde**

## 100. Verbode heffings

(1) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n bedrag vra van, of 'n geldelike las oplê aan, die verbruiker nie ten opsigte van—

- (a) kredietgelde of -heffings wat deur hierdie Wet verbied word;
- (b) 'n bedrag aan gelde of 'n heffing wat die bedrag oorskry wat in ooreenstemming met hierdie Wet gevra kan word;
- (c) 'n renteheffing kragtens 'n kredietooreenkoms wat die bedrag oorskry wat in ooreenstemming met hierdie Wet gevra kan word; of
- (d) enige gelde, heffing, kommissie, uitgawe of ander bedrag deur die kredietverskaffer aan enige derde party betaalbaar ten opsigte van 'n kredietooreenkoms, behalwe soos beoog in artikel 102 of elders in hierdie Wet.

(2) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n hoër prys vir enige goedere of dienste vir 'n verbruiker vra as die prys deur daardie kredietverskaffer gevra vir dieselfde of wesenlik dieselfde goedere of dienste in die normale verloop van sake op die basis van 'n kontanttransaksie nie.

## 101. Koste van krediet

(1) 'n Kredietooreenkoms mag nie betaling van die verbruiker vereis van enige geld of ander vergoeding nie, behalwe—

- (a) die hoofskuld, wat die bedrag is wat ingevolge die ooreenkoms uitgestel is, plus die waarde van enige item beoog in artikel 102;
- (b) aanvangselde, wat—
  - (i) nie die voorgeskrewe bedrag met betrekking tot die hoofskuld mag oorskry nie; en
  - (ii) nie gevra mag word tensy die gevolg van die aansoek die sluiting van 'n kredietooreenkoms met daardie verbruiker is nie;
- (c) diensgelde, wat—
  - (i) in die geval van 'n kredietfasiliteit, maandeliks of jaarliks betaalbaar kan wees, of betaalbaar per transaksie of op 'n grondslag van 'n kombinasie van termyn en transaksie; of
  - (ii) in enige ander geval, maandeliks of jaarliks betaalbaar kan wees; en
  - (iii) nie die voorgeskrewe bedrag met betrekking tot die hoofskuld mag oorskry nie;
- (d) rente, wat—
  - (i) uitgedruk moet word in persentasie terme as 'n jaarlikse tarief wat op die voorgeskrewe wyse bereken word; en
  - (ii) nie die toepaslike maksimum voorgeskrewe koers ingevolge artikel 105 bepaal, mag oorskry nie;
- (e) die koste van enige kredietversekering ooreenkomstig artikel 106 voorsien;
- (f) 'n wanbetalingsadministrasieheffing, wat—
  - (i) nie die voorgeskrewe maksimum vir die betrokke kategorie kredietooreenkoms mag oorskry nie; en
  - (ii) slegs opgelê kan word in geval van wanbetaling deur die verbruiker ten opsigte van 'n betalingsverpligting kragtens die kredietooreenkoms, en slegs in die mate deur Deel C van Hoofstuk 6 toegelaat; en
- (g) invorderingskoste, wat nie die voorgeskrewe maksimum vir die kategorie van die betrokke krediettransaksie mag oorskry nie en slegs opgelê kan word in die mate deur Deel C van Hoofstuk 6 toegelaat.

(2) 'n Kredietverskaffer wat 'n party tot 'n kredietooreenkoms met 'n verbruiker is en 'n nuwe kredietooreenkoms met dieselfde verbruiker aangaan wat die vroeëre ooreenkoms in die geheel of gedeeltelik vervang, kan aanvangselde beoog in subartikel (1)(b) vir daardie verbruiker vra ten opsigte van daardie tweede kredietooreenkoms, slegs in die mate by regulasie toegelaat, met inagneming van die aard van die transaksie en die aard van die verhouding tussen die kredietverskaffer en verbruiker.

(3) Indien 'n kredietfasiliteit aan 'n finansiële diensterkening gekoppel is, of tesame met so 'n rekening in stand gehou word, is enige diensgeld ingevolge daardie rekening—

- (a) indien daardie diensgeld nie gevra sou word indien daar geen kredietfasiliteit aan die rekening gekoppel was nie, onderworpe aan die voorgeskrewe maksimum beoog in subartikel (1)(c); en
- (b) in ander gevalle, vrygestel van die voorgeskrewe maksimum beoog in subartikel (1)(c).

## 102. Gelde of heffings

(1) Indien 'n kredietooreenkoms 'n paaimentooreenkoms, 'n verband, 'n gesekureerde lening of 'n huurkontrak is, kan die kredietverskaffer enige van die volgende items insluit by die hoofskuld wat kragtens die ooreenkoms uitgestel is, in die mate waarin die items toepaslik is ten opsigte van enige goedere wat die onderwerp van die ooreenkoms is:

- (a) aanvangsgelde soos beoog in artikel 101(1)(b), indien die verbruiker die opsie gebied is, en dit van die hand gewys het, om daardie gelde afsonderlik te betaal;
- (b) die koste van 'n verlengde waarborgooreenkoms;
- (c) aflewerings-, installerings- en aanvanklike brandstofkoste;
- (d) aansluitingsgelde, -heffings of -koste;
- (e) belastings en lisensie- of registrasiegelde; of
- (f) behoudens artikel 106, die premies van enige kredietversekering betaalbaar ten opsigte van daardie kredietooreenkoms.

(2) 'n Kredietverskaffer mag nie—

- (a) 'n bedrag ingevolge subartikel (1) hef tensy die verbruiker kies dat die kredietverskaffer as die verbruiker se agent optree om vir die betrokke dienste te reël nie;
- (b) van die verbruiker vereis om die kredietverskaffer as die verbruiker se agent aan te stel met die oog daarop om enige diens in subartikel (1) vermeld te reël nie; of
- (c) 'n bedrag kragtens subartikel (1) vir die verbruiker vra nie wat meer is as—
  - (i) die werklike bedrag betaalbaar deur die kredietverskaffer vir die diens, soos bepaal nadat enige afslag of ander kortings of ander toepaslike toelaag deur die kredietverskaffer ontvang of ontvangbaar, in berekening gebring is; of
  - (ii) die billike markwaarde van 'n diens beoog in subartikel (1), indien die kredietverskaffer daardie diens regstreeks lewer sonder om 'n heffing aan 'n derde party te betaal.

(3) Indien die werklike bedrag deur 'n kredietverskaffer aan 'n ander persoon betaal nie bepaalbaar is wanneer die verbruiker 'n bedrag aan die kredietverskaffer betaal vir gelde of 'n heffing beoog in subartikel (1) nie, en indien dit, wanneer dit bepaal is, minder is as die bedrag deur die verbruiker betaal, moet die kredietverskaffer die verskil aan die verbruiker terugbetaal of die verbruiker daarmee krediteer.

## 103. Rente

(1) Behoudens subartikel (5) mag die rentekoers van toepassing op 'n wanbetalingsbedrag of 'n agterstallige betaling kragtens 'n kredietooreenkoms nie die hoogste rentekoers van toepassing op enige deel van die hoofskuld kragtens daardie ooreenkoms oorskry nie.

(2) 'n Kredietooreenkoms kan voorsiening maak vir 'n renteheffing wat betaalbaar word of gedebiteer word te eniger tyd ná die dag waarop dit betrekking het.

(3) 'n Kredietverskaffer mag nie, te eniger tyd voor die einde van 'n dag waarop 'n renteheffing van toepassing is, betaling van die renteheffing vereis of dit debiteer nie.

(4) 'n Kredietooreenkoms kan daarvoor voorsiening maak dat die rentekoers gedurende die termyn van die ooreenkoms verander, slegs indien die verandering volgens 'n vaste verhouding tot 'n verwysingstarief is wat in die ooreenkoms gestipuleer word, welke verwysingstarief dieselfde moet wees as dié wat deur daardie kredietverskaffer gebruik word ten opsigte van enige soortgelyke kredietooreenkoms wat tans deur hom uitgereik word.

(5) Ondanks enige andersluidende bepaling van die gemenerereg of 'n kredietooreenkoms, mag die bedrae beoog in artikel 101(1)(b) tot (g) wat ooploop gedurende die tydperk wat 'n verbruiker aan wanbetaling kragtens die kredietooreenkoms skuldig is, in totaal nie die onbetaalde balans van die hoofskuld kragtens daardie kredietooreenkoms op die tydstip waarop die wanbetaling plaasvind, oorskry nie.

(6) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat die wyse voorskryf waarop rente by die toepassing van hierdie Wet bereken en verklaar moet word.

(7) Behoudens die hersiening en goedkeuring van die Nasionale Kredietreguleerder is subartikel (4) nie van toepassing op ontwikkelingskredietooreenkoms nie.

#### **104. Veranderinge aan rente, kredietgelde of heffings**

(1) 'n Kredietverskaffer mag nie—

(a) die periodieke of bykomstige diensgelde, of die metode waarvolgens sodanige gelde bereken word, wat kragtens die kredietooreenkoms gehef kan word; of

(b) die rentekoers op 'n kredietooreenkoms van toepassing, behalwe met betrekking tot 'n kredietooreenkoms met 'n veranderlike rentekoers, eensydig verhoog nie.

(2) Behalwe soos anders in hierdie artikel bepaal, moet 'n kredietverskaffer minstens vyf besigheidsdae skriftelike kennis aan die verbruiker gee wat die besonderhede van 'n verandering uiteensit betreffende—

(a) die rentekoers;

(b) die bedrag van kredietgelde of 'n kredietheffing; of

(c) 'n verandering in die frekwensie of tyd om kredietgelde of 'n kredietheffing te betaal.

(3) Ten opsigte van 'n kredietooreenkoms met 'n veranderlike rentekoers, moet die kredietverskaffer skriftelike kennis aan die verbruiker gee, nie later nie as 30 besigheidsdae ná die dag waarop 'n verandering in die veranderlike rentekoers in werking tree, wat—

(a) die nuwe koers en enige verdere voorgeskrewe inligting uiteensit; of

(b) indien 'n koers bepaal word deur te verwys na 'n verwysingskoers soos beoog in artikel 103(4), die nuwe verwysingskoers uiteensit.

#### **105. Maksimum rentekoerse, gelde en heffings**

(1) Die Minister mag, nadat met die Nasionale Kredietreguleerder oorleg gepleeg is, 'n metode voorskryf vir die berekening van—

(a) 'n maksimum rentekoers; en

(b) die maksimum gelde beoog in hierdie Deel,

op elke subsektor van die verbruikerskredietmark van toepassing, soos deur die Minister bepaal.

(2) Wanneer 'n aangeleentheid beoog in subartikel (1) voorgeskryf word, moet die Minister onder meer die volgende oorweeg:

(a) Die behoefte om krediet aan persone beoog in artikel 13(a) beskikbaar te stel;

(b) toestande wat in die kredietmark heers, met inbegrip van die koste van krediet en die optimale funksionering van die verbruikerskredietmark; en

(c) die maatskaplike impak op lae-inkomsteverbruikers.

(3) Wanneer regulasies beoog in hierdie artikel ingestel word—

(a) moet die Minister verskillende maksimums vir kredietooreenkoms binne elke subsektor van die verbruikerskredietmark instel; en

- (b) kan die Minister die metode voorskryf, bestaanbaar met artikel 101(3), vir die toewysing van diensgelde tussen die verskaffing van krediet en die verskaffing van verwante finansiële dienste, in omstandighede waar 'n kredietverskaffer veelvuldige finansiële dienste kragtens 'n enkele ooreenkoms bied.

## 106. Kredietversekering

(1) 'n Kredietverskaffer kan van 'n verbruiker vereis om vir die termyn van hul kredietooreenkoms—

- (a) kredietlebensversekering in stand te hou wat te eniger tyd gedurende die termyn van die kredietooreenkoms, nie die totaal van die verbruiker se uitstaande verpligtinge aan die kredietverskaffer ingevolge hul ooreenkoms oorskry nie; en
- (b) versekeringsdekking in een van die volgende twee subparagraawe bedoel, in stand te hou:
- (i) In die geval van 'n verbandooreenkoms, versekeringsdekking ten opsigte van onroerende eiendom wat aan die verband onderworpe is, wat nie die volle batewaarde van daardie eiendom oorskry nie; of
- (ii) in enige ander geval, versekeringsdekking teen skade of verlies van enige eiendom behalwe eiendom bedoel in subparagraaf (i), wat te eniger tyd gedurende die termyn van die kredietooreenkoms, nie die totaal van die verbruiker se uitstaande verpligtinge aan die kredietverskaffer ingevolge hul ooreenkoms, oorskry nie.

(2) Ondanks subartikel (1) mag 'n kredietverskaffer nie versekering aanbied of eis dat die verbruiker versekering koop of in stand hou—

- (a) wat onredelik is nie; of
- (b) indien die koste daarvan vir die verbruiker onredelik is nie,

met inagneming van die werklike risiko en verpligtinge aan die kredietooreenkoms verbonde.

(3) Benewens versekering wat ingevolge subartikel (1) vereis kan word, kan 'n kredietverskaffer opsionele versekering aan 'n verbruiker bied met betrekking tot die verbruiker se verpligtinge kragtens die kredietooreenkoms of wat verband hou met die besit, gebruik, eiendomsreg of voordele van die goedere of dienste wat ingevolge die kredietooreenkoms gelewer word.

(4) Indien die kredietverskaffer die aankoop van 'n bepaalde kredietversekeringspolis aan die verbruiker voorstel soos beoog in subartikel (1) of (3)—

- (a) moet die verbruiker die reg verleen word, en in kennis gestel word van die reg, om daardie voorgestelde polis van die hand te wys en met 'n polis van die verbruiker se eie keuse te vervang, behoudens subartikel (6);
- (b) moet sodanige polis voorsiening maak vir betaling van premies deur die verbruiker—
- (i) op 'n maandelikse grondslag in die geval van klein- en middelslagooreenkoms; of
- (ii) op 'n maandelikse of jaarlikse grondslag in die geval van grootooreenkoms, vir die termyn van die kredietooreenkoms; en
- (c) in die geval van 'n jaarlikse premie moet die premie binne die toepaslike jaar van die verbruiker verhaal word.

(5) Met betrekking tot enige versekeringspolis deur 'n kredietverskaffer gereël soos beoog in subartikel (4)—

- (a) mag die kredietverskaffer nie enige ander toeslag, gelde of addisionele premie toevoeg tot die werklike koste van versekering deur daardie kredietverskaffer gereël nie;

- (b) moet die kredietverskaffer aan die verbruiker op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm—
  - (i) die koste vir die verbruiker van enige versekering wat verskaf is; en
  - (ii) die bedrag van enige gelde, kommissie, vergoeding of voordeel ontvangbaar deur die kredietverskaffer, met betrekking tot daardie versekering,
 openbaar maak.
- (c) moet die kredietverskaffer die bepalinge en voorwaardes van die versekeringspolis aan die verbruiker verduidelik en die verbruiker voorsien van 'n afskrif van daardie polis; en
- (d) moet die kredietverskaffer 'n verliesbegunstigde kragtens die polis wees slegs tot met die vereffeningswaarde by die plaasvind van 'n versekerde gebeurlikheid en moet enige oorblywende opbrengs van die polis aan die verbruiker betaal word.

(6) Indien die verbruiker die reg kragtens subartikel (4)(a) uitoefen om 'n versekeringspolis van die verbruiker se eie keuse te vervang, kan die kredietverskaffer van die verbruiker vereis om die kredietverskaffer te voorsien van die volgende skriftelike voorskrifte:

- (a) 'n Geldige voorskrif op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm wat van die kredietverskaffer vereis en die kredietverskaffer toelaat om enige premies wat kragtens daardie polis betaalbaar is, namens die verbruiker te betaal gedurende die termyn van die kredietooreenkoms soos wat die premies betaalbaar word, en om die verbruiker—
  - (i) op 'n maandelikse grondslag vir klein- en middelslagooreenkomste; en
  - (ii) op 'n maandelikse of jaarlikse grondslag vir grootooreenkomste,
 met die bedrag van sodanige premies te debiteer; en
- (b) 'n geldige voorskrif aan die versekeraar op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, wat die kredietverskaffer as die verliesbegunstigde kragtens die polis benoem tot die vereffeningswaarde by die plaasvind van 'n versekerde gebeurlikheid, en van die versekeraar vereis, indien 'n versekerde gebeurtenis plaasvind, om die verbruiker se verpligting kragtens die kredietooreenkoms te vereffen as 'n eerste heffing teen die opbrengs van daardie polis te eniger tyd gedurende die termyn van die kredietooreenkoms.

(7) Indien die premies kragtens 'n versekeringspolis beoog in hierdie artikel jaarliks betaal word, is die verbruiker geregtig om by vereffening van die kredietooreenkoms, 'n terugbetaling van die ongebruikte gedeelte van die finale jaar se premie te ontvang.

## **Deel D**

### **Rekeningstate**

#### **107. Beperkte toepassing van hierdie Deel**

(1) Hierdie Deel is nie van toepassing op 'n kredietwaarborg tot op die tydstip waarop die kredietverskaffer die eerste maal die waarborggewer genader het om die verpligtinge ten opsigte van daardie waarborg na te kom nie.

(2) Artikels 108, 109, en 110 is nie van toepassing nie ten opsigte van—

- (a) 'n pandtransaksie; of
- (b) 'n afslagtransaksie of 'n insidentele kredietooreenkoms, tot op die tydstip waarop rente die eerste maal op die hoofskuld aan die kredietverskaffer verskuldig gehef word.

(3) In die geval van gesamentlike verbruikers of waarborggewers hoef 'n staat kragtens hierdie artikel vereis slegs aan een van hulle verskaf te word, maar 'n gesamentlike verbruiker of waarborggewer wat nie sodanige staat ontvang nie, kan van die kredietverskaffer vereis om 'n duplikaat van daardie staat sonder koste te lewer.

(4) Artikels 108 tot 114 is nie van toepassing nie op 'n ontwikkelingskredietooreenkoms in die mate waarin—

- (a) die Nasionale Kredietreguleerder die vorm van alle dokumente en die prosedures wat deur die kredietverskaffer vir sodanige kredietooreenkomste ingevolge hierdie Deel gebruik moet word, vooraf goedgekeur het; en
- (b) die kredietverskaffer slegs daardie vooraf goedgekeurde vorms gebruik en daardie vooraf goedgekeurde prosedures gevolg het in sy handeling met die betrokke verbruiker.

(5) Wanneer enige vorm van dokumente of prosedures soos beoog in subartikel (4) vooraf goedgekeur word, moet die Nasionale Kredietreguleerder die behoefte aan doeltreffendheid van die kredietverskaffer opweeg teen die beginsels van hierdie Deel.

### **108. Rekeningstaat**

(1) 'n Kredietverskaffer moet aanbied om aan elke verbruiker periodieke rekeningstate ooreenkomstig hierdie artikel te lewer.

(2) Die maksimum tydperk tussen die uitreiking van rekeningstate is—

- (a) een maand, behalwe soos anders bepaal word in hierdie subartikel;
- (b) twee maande, ten opsigte van 'n paaientooreenkoms, huurkontrak of gesekureerde lening; of
- (c) ses maande ten opsigte van 'n verbandooreenkoms.

(3) Ondanks subartikel (2) —

- (a) kan 'n verbruiker en kredietverskaffer ooreenkom om die frekwensie van rekeningstate bedoel in subartikel (2)(a) of (b) te verminder, maar geen sodanige ooreenkoms mag voorsiening maak vir meer as drie maande tussen lewering van opeenvolgende rekeningstate nie; en
- (b) hoef 'n rekeningstaat nie gelewer te word ten opsigte van 'n kredietfasiliteit indien geen bedrag gedurende die rekeningstaattydperk teen die rekening gedebiteer of daarop gekrediteer is nie.

### **109. Vorm en inhoud van rekeningstaat**

(1) Die beginsaldo in elke opvolgende rekeningstaat aangedui moet dieselfde wees as die eindsaldo aangedui op die onmiddellik voorafgaande rekeningstaat.

(2) 'n Rekeningstaat ten opsigte van 'n kleinkredietooreenkoms moet in die voorgeskrewe vorm wees.

(3) 'n Rekeningstaat ten opsigte van 'n middelslag- of grootooreenkoms kan—

- (a) in die voorgeskrewe vorm, indien enige, vir die betrokke kategorie of soort kredietooreenkoms wees; of
- (b) wees in 'n vorm vasgestel deur die kredietverskaffer, en wat voldoen aan enige voorgeskrewe vereistes vir die betrokke kategorie of soort kredietooreenkoms.

(4) Die Nasionale Kredietreguleerder kan riglyne publiseer vir metodes om te bepaal of 'n staat voldoen aan enige voorgeskrewe vereistes beoog in subartikel (3).

### **110. Staat van bedrag verskuldig en verwante sake**

(1) Op die versoek van 'n verbruiker moet 'n kredietverskaffer sonder koste 'n staat van al die volgende of van sommige daarvan aan die verbruiker lewer:

- (a) Die huidige saldo van die verbruiker se rekening;
  - (b) enige bedrae gekrediteer of gedebiteer gedurende 'n tydperk in die versoek vermeld;
  - (c) enige bedrae tans agterstallig en wanneer elke sodanige bedrag betaalbaar geword het; en
  - (d) enige bedrag tans betaalbaar en die datum waarop dit betaalbaar geword het.
- (2) 'n Staat ingevolge subartikel (1) versoek moet gelewer word—
- (a) binne 10 besigheidsdae, indien al die aangevraagde inligting betrekking het op 'n tydperk van een jaar of minder voordat die versoek gerig is; of
  - (b) binne 20 besigheidsdae, indien enige deel van die aangevraagde inligting betrekking het op 'n tydperk van meer as een jaar voordat die versoek gerig is.
- (3) 'n Staat ingevolge hierdie artikel kan—
- (a) mondelings, persoonlik of telefonies; of
  - (b) skriftelik, óf persoonlik aan die verbruiker óf per sms, pos, faks, e-pos of ander elektroniese vorm van kommunikasie, in die mate waarin die kredietverskaffer toegerus is om sodanige fasiliteite aan te bied,
- gelewer word, soos deur die verbruiker voorgeskryf toe die versoek gerig is.
- (4) Daar word nie van 'n kredietverskaffer vereis om—
- (a) 'n verdere skriftelike staat kragtens hierdie artikel te verskaf indien hy binne die drie maande voordat die versoek gerig is, so 'n staat gegee het aan die persoon wat dit versoek het nie; of
  - (b) inligting te verskaf in 'n staat kragtens hierdie artikel meer as drie jaar nadat die rekening gesluit is nie.
- (5) Op aansoek deur 'n kredietverskaffer kan die Tribunaal 'n bevel uitreik wat die kredietverskaffer se verpligtinge teenoor 'n verbruiker ingevolge hierdie artikel beperk indien die Tribunaal oortuig is dat die verbruiker se versoeke beuselagtig of kwelsugtig is.

## 111. Betwiste inskrywings in rekeninge

(1) 'n Verbruiker kan die geheel van enige bepaalde krediet of debiet wat kragtens 'n kredietooreenkoms aangeteken is, of 'n gedeelte daarvan, betwis deur 'n skriftelike kennisgewing aan die kredietverskaffer te lewer.

(2) 'n Kredietverskaffer wat ingevolge subartikel (1) 'n kennisgewing van 'n geskil ontvang—

- (a) moet 'n skriftelike kennisgewing aan die verbruiker gee wat—
  - (i) óf die inskrywing tot in redelike besonderhede verduidelik;
  - (ii) óf bevestig dat die staat in die geheel of gedeeltelik foutief was, en 'n uiteensetting gee van die gewysigde inskrywing; en
- (b) mag nie afdwingingstappe doen op grond van 'n wanbetaling wat uit die betwiste inskrywing voortspruit—
  - (i) totdat die kredietverskaffer aan paragraaf (a) voldoen het nie; of
  - (ii) op enige tydstip waarop die aangeleentheid onder alternatiewe geskilbeslegtingsprosedures, of ingevolge artikel 115 voor die Tribunaal, is nie.

## 112. Datering en aanpassing van debiete en krediete in rekeninge

(1) 'n Debiet teen 'n verbruiker se rekening word van krag met ingang van die datum waarop die verbruiker daardie debiet aangegaan het.

(2) 'n Krediet op 'n verbruiker se rekening word van krag op die datum waarop die verbruiker 'n betaling aan die kredietverskaffer doen, of op 'n ander wyse die reg verkry om die rekening te laat krediteer.

(3) 'n Kredietverskaffer kan daarna debiete teen of krediete op 'n verbruiker se rekening, en die rekeningsaldo's, aanpas ten einde die wetlike verpligtinge van die verbruiker en die kredietverskaffer korrek weer te gee.

### **113. Staat van vereffeningsbedrag**

(1) Op versoek van 'n verbruiker of waarborggewer moet 'n kredietverskaffer sonder koste vir die verbruiker 'n staat lewer van die bedrag benodig om 'n kredietooreenkoms te vereffen, soos bereken ooreenkomstig artikel 125 vanaf 'n datum in die versoek vermeld.

(2) 'n Staat ingevolge subartikel (1) versoek—

(a) moet binne vyf besigheidsdae gelewer word;

(b) kan—

(i) mondelings, persoonlik of telefonies; of

(ii) skriftelik, óf persoonlik aan die verbruiker óf per sms, pos, faks of e-pos of ander elektroniese vorm van kommunikasie, in die mate waarin die kredietverskaffer toegerus is om sodanige fasiliteite aan te bied, gelewer word, soos deur die verbruiker voorgeskryf toe die versoek gerig is.

(c) is, behoudens subartikel (3), bindend vir 'n tydperk van vyf besigheidsdae ná lewering.

(3) 'n Staat ingevolge 'n kredietfasiliteit gelewer is nie bindend nie, in die mate van enige krediete teen daardie rekening, of koste teen daardie rekening aangegaan deur of namens die verbruiker, ná die datum waarop die staat opgestel is.

(4) Op aansoek deur 'n kredietverskaffer kan die Tribunaal 'n bevel uitreik wat die kredietverskaffer se verpligtinge teenoor 'n verbruiker ingevolge hierdie artikel beperk indien die Tribunaal oortuig is dat die verbruiker se versoeke beuselagtig en kwelsugtig is.

### **114. Tribunaal kan bevel gee dat staat verskaf word**

Indien 'n staat nie aangebied of gelewer word binne die tyd deur hierdie Deel vereis nie, kan die Tribunaal, op aansoek deur die verbruiker—

(a) die kredietverskaffer gelas om die staat te lewer; of

(b) die bedrae bepaal met betrekking waartoe die staat verlang is.

### **115. Geskille betreffende state**

(1) 'n Verbruiker wat onsuksesvol probeer het om 'n betwiste inskrywing regstreeks ingevolge artikel 111 met die kredietverskaffer, en deur alternatiewe geskilbeslegting ingevolge Deel A van Hoofstuk 4, te besleg, kan by die Tribunaal aansoek doen om—

(a) 'n betwiste inskrywing op 'n staat of rekening aangedui; of

(b) 'n geskil betreffende 'n staat van die vereffeningsbedrag, te besleg.

(2) Indien die Tribunaal oortuig is dat 'n inskrywing, of die vereffeningsbedrag, soos op 'n staat aangedui foutief is, kan die Tribunaal beslis oor die aangeleenthede wat betwis word en enige toepaslike bevel uitreik om die staat wat tot die geskil aanleiding gegee het, reg te stel.

## ***Deel E***

### ***Wysiging van kredietooreenkoms***

### **116. Wysiging van oorspronklike of gewysigde ooreenkomsdokument**

Enige verandering aan 'n dokument waarin 'n kredietooreenkoms of 'n gewysigde kredietooreenkoms opgeteken word nadat dit deur die verbruiker onderteken is, indien toepaslik, of aan die verbruiker gelewer, is ongeldig tensy—

- (a) die verandering die verbruiker se verpligtinge kragtens die ooreenkoms verminder;
- (b) die verbruiker, nadat die verandering aangebring is en tensy die verandering ingevolge artikel 119(1)(c) aangebring is, in die kantruimte oorkant die verandering teken of parafeer;
- (c) die verandering skriftelik opgeteken en deur die partye onderteken word; of
- (d) enige mondelinge verandering elektromagneties opgeteken en daarna op skrif gestel word.

### **117. Veranderinge volgens ooreenkoms**

(1) Indien die partye tot 'n kredietooreenkoms instem om die bepalings daarvan te verander, moet die kredietverskaffer, nie later nie as 20 besigheidsdae ná die datum van die ooreenkoms, 'n dokument aan die verbruiker lewer wat—

- (a) hulle gewysigde ooreenkoms weergee; en
- (b) voldoen aan die vereistes in artikel 93 uiteengesit.

(2) Hierdie artikel is, behoudens artikel 119(6), nie van toepassing ten opsigte van 'n verhoging of verlaging van die kredietperk kragtens 'n kredietfasiliteit nie.

### **118. Verlagings in kredietperk kragtens kredietfasiliteit**

(1) Die verbruiker kragtens 'n kredietfasiliteit kan te eniger tyd by skriftelike kennisgewing aan die kredietverskaffer—

- (a) van die kredietverskaffer vereis om die kredietperk kragtens daardie kredietfasiliteit te verlaag; en
- (b) 'n maksimum kredietperk bepaal wat die verbruiker bereid is om te aanvaar.

(2) Nadat 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) ontvang is, moet die kredietverskaffer skriftelike bevestiging aan die verbruiker gee van—

- (a) die nuwe kredietperk, wat nie die maksimum perk, indien enige deur die verbruiker bepaal, mag oorskry nie; en
- (b) die datum waarop die nuwe kredietperk van krag word, wat nie meer as 30 besigheidsdae mag wees ná die datum van die kennisgewing van die verbruiker nie.

(3) Behoudens artikels 61 en 66 kan die kredietverskaffer kragtens 'n kredietfasiliteit, by skriftelike kennisgewing aan die verbruiker, die kredietperk kragtens daardie kredietfasiliteit verlaag om by lewering van die kennisgewing van krag te word.

(4) Indien die vereffeningswaarde kragtens daardie kredietfasiliteit, op die tydstip waarop die nuwe kredietperk ingevolge hierdie artikel van krag word, hoër is as die nuut bepaalde kredietperk, mag die kredietverskaffer nie daardie oorskryding behandel as 'n oorverlening van krediet vir die doeleindes van die berekening van die minimum betaling wat te eniger tyd betaalbaar is nie.

(5) 'n Kredietverskaffer mag nie die verbruiker enige gelde vra om 'n kredietperk te verlaag nie.

### **119. Verhogings in kredietperk kragtens kredietfasiliteit**

(1) 'n Kredietverskaffer kan die kredietperk kragtens 'n kredietfasiliteit—

- (a) tydelik verhoog, maar slegs soos beoog in subartikel (2);
- (b) volgens ooreenkoms met die verbruiker en behoudens subartikel (3) verhoog, maar slegs—
  - (i) in reaksie op 'n skriftelike of mondelinge versoek te eniger tyd deur die verbruiker voorgelê; of
  - (ii) met die skriftelike instemming van die verbruiker in antwoord op 'n geskrewe voorstel deur die kredietverskaffer, wat te eniger tyd aan die verbruiker gelewer kan word; of

(c) eensydig verhoog, maar slegs ooreenkomstig, en behoudens die beperkings uiteengesit in, subartikel (4).

(2) 'n Verhoging in die kredietperk kragtens 'n kredietfasiliteit is tydelik indien—

(a) die kredietverskaffer 'n dokument honoreer wat deur die verbruiker uitgereik is, ondanks die feit dat dit lei tot 'n skuld wat die kredietperk wat bepaal is, oorskry; of

(b) die kredietverskaffer, in reaksie op 'n versoek van die verbruiker, instem om die kredietperk te verhoog ten einde 'n bepaalde transaksie te akkommodeer, op voorwaarde dat die voorafgaande kredietperk weer binne 'n vermelde tydperk, of nadat 'n vermelde gebeurtenis plaasgevind het van toepassing sal wees.

(3) Voordat 'n kredietperk ingevolge subartikel (1)(b) verhoog word, moet die kredietverskaffer, soos vereis deur artikel 81, 'n nuwe beoordeling doen van die verbruiker se vermoë om die verpligtinge na te kom wat moontlik kragtens daardie kredietfasiliteit kan ontstaan.

(4) Indien die verbruiker, wanneer om die kredietfasiliteit aansoek gedoen word of te eniger tyd daarna, spesifiek die opsie skriftelik versoek dat die kredietperk van tyd tot tyd outomaties verhoog word, kan 'n kredietverskaffer die kredietperk kragtens daardie kredietfasiliteit eensydig verhoog—

(a) een keer gedurende elke jaar, soos gemeet vanaf—

(i) die datum waarop die kredietfasiliteit ingestel is; of

(ii) die mees onlangse datum waarop die kredietperk ooreenkomstig subartikel (1)(b) gewysig is,

watter datum ook al die jongste is; en

(b) met 'n bedrag wat nie—

(i) die gemiddelde maandelikse aankope of kontantvoorskotte deur die verbruiker van die kredietfasiliteit gevra; of

(ii) die gemiddelde maandelikse betalings deur die verbruiker gedoen, wat ook al die minste is, gedurende die 12 maande wat die datum waarop die kredietperk verhoog word onmiddellik voorafgaan, oorskry nie.

(5) By die toepassing van subartikel (4) sluit 'n spesifieke versoek—

(a) nie—

(i) 'n mondelinge versoek of instemming deur die verbruiker in nie; of

(ii) 'n standaard bepaling van 'n ooreenkoms, waarvan die geheel deur die verbruiker aanvaar word, in nie; maar

(b) wel—

(i) 'n skriftelike versoek in wat te eniger tyd in enige vorm deur die verbruiker geskryf en onderteken en aan die kredietverskaffer gelewer is; of

(ii) 'n standaardvormopsie in—

(aa) wat deur die kredietverskaffer geskryf en vir oorweging deur die verbruiker aangebied is tesame met die alternatief om kredietperke te verhoog slegs soos beoog in subartikel (1)(b); en

(bb) waartoe deur die verbruiker ingestem is deur dit te parafeer of te onderteken.

(6) Indien die kredietverskaffer, wanneer die kredietperk kragtens 'n kredietfasiliteit verhoog word, enige ander bepaling van die kredietooreenkoms wysig, moet die kredietverskaffer voldoen aan die vereistes uiteengesit in artikels 93 en 117.

(7) 'n Verhoging in 'n kredietperk ingevolge subartikel (4) is nie ingevolge artikel 74(2) onwettig nie.

## **120. Eensydige veranderinge deur kredietverskaffer**

(1) Ondanks enige andersluidende bepalings in 'n kredietooreenkoms mag 'n kredietverskaffer nie—

- (a) die tydperk vir die terugbetaling van die hoofskuld, behalwe om dit te verleng; of
- (b) die wyse waarvolgens die minimum betaling wat periodiek kragtens 'n kredietfasiliteit verskuldig is, behoudens artikel 118(4), bereken word,

eensydig verander nie.

(2) Behalwe soos anders in artikel 104 bepaal, moet 'n kredietverskaffer die verbruiker minstens vyf besigheidsdae skriftelike kennis gee van 'n eensydige verandering aan 'n kredietooreenkoms en in daardie kennisgewing moet die besonderhede van die verandering uiteengesit word.

### ***Deel F***

#### ***Nietigverklaring en beëindiging van kredietooreenkomste***

## **121. Verbruiker se reg om kredietooreenkoms nietig te verklaar**

(1) Hierdie artikel geld slegs ten opsigte van 'n huurkontrak of 'n paaientooreenkoms aangegaan by enige ander plek as die geregistreerde sakeperseel van die kredietverskaffer.

(2) 'n Verbruiker kan 'n kredietooreenkoms binne vyf besigheidsdae ná die datum waarop die ooreenkoms deur die verbruiker onderteken is, beëindig deur—

- (a) 'n kennisgewing op die voorgeskrewe wyse aan die kredietverskaffer te lewer; en
- (b) aan te bied om enige geld of goedere terug te gee, of ten volle te betaal vir enige dienste, deur die verbruiker ten opsigte van die ooreenkoms ontvang.

(3) Wanneer 'n kredietooreenkoms ingevolge hierdie artikel beëindig word—

- (a) moet die kredietverskaffer enige geld wat die verbruiker kragtens die ooreenkoms betaal het binne sewe werksdae terugbetaal nadat die kennisgewing van beëindiging gelewer is; en
- (b) kan die kredietverskaffer betaling van die verbruiker eis vir—
  - (i) die redelike koste daaraan verbonde om enige goedere aan die kredietverskaffer terug te besorg en om dit tot 'n verkoopbare toestand te herstel; en
  - (ii) 'n redelike huur vir die gebruik van daardie goedere vir die tydperk wat die goedere in die verbruiker se besit was, tensy daardie goedere in hul oorspronklike verpakking is en dit duidelik is dat hulle ongebruik gebly het.

(4) 'n Kredietverskaffer aan wie eiendom ingevolge hierdie artikel terugbesorg is, en wat onsuksesvol gepoog het om enige geskil oor waardevermindering van daardie eiendom regstreeks met die verbruiker, en deur alternatiewe geskilbeslegting kragtens Deel A van Hoofstuk 7, te besleg, kan by 'n hof aansoek doen om 'n bevel ingevolge subartikel (5).

(5) Indien 'n hof, by 'n aansoek ingevolge subartikel (4), tot die gevolgtrekking kom dat die werklike billike markwaarde van die goedere gedurende die tyd dat dit in die verbruiker se besit was, gedeprimeer het, kan die hof die verbruiker beveel om die kredietverskaffer 'n verdere bedrag te betaal wat nie groter is nie as die verskil tussen—

- (a) die waardevermindering in werklike billike markwaarde, soos deur die hof bepaal; en

- (b) die bedrag wat die kredietverskaffer geregtig is om die verbruiker te vra ingevolge subartikel (3)(b).

## **122. Wanneer verbruiker ooreenkoms kan beëindig**

(1) 'n Verbruiker kan 'n kredietooreenkoms te eniger tyd beëindig deur die vereffeningsbedrag ooreenkomstig artikel 125 aan die kredietverskaffer te betaal.

(2) Benewens subartikel (1) kan 'n verbruiker 'n paaientooreenkoms, gesekureerde lening of huurkontrak van roerende eiendom beëindig deur—

- (a) die goedere wat die onderwerp van daardie ooreenkoms is ooreenkomstig artikel 127 aan die kredietverskaffer terug te gee; en
- (b) enige oorblywende bedrag ooreenkomstig artikel 127(7) geëis aan die kredietverskaffer te betaal.

## **123. Beëindiging van ooreenkoms deur kredietverskaffer**

(1) 'n Kredietverskaffer mag 'n kredietooreenkoms slegs ooreenkomstig hierdie artikel voor die tyd in daardie ooreenkoms bepaal, beëindig.

(2) Indien 'n verbruiker aan wanbetaling kragtens 'n kredietooreenkoms skuldig is, kan die kredietverskaffer die stappe doen in Deel C van Hoofstuk 6 uiteengesit om daardie ooreenkoms af te dwing en te beëindig.

(3) 'n Kredietverskaffer ten opsigte van 'n kredietfasiliteit kan—

- (a) daardie kredietfasiliteit te eniger tyd opskort wanneer die verbruiker aan wanbetaling kragtens die ooreenkoms skuldig is; of
- (b) daardie kredietfasiliteit sluit deur skriftelike kennis aan die verbruiker te gee minstens 10 besigheidsdae voordat die kredietfasiliteit gesluit gaan word.

(4) 'n Kredietooreenkoms bedoel in subartikel (3) bly van krag in die mate wat nodig is totdat die verbruiker alle bedrae betaal het wat wettiglik teen daardie rekening gehef is.

(5) 'n Kredietverskaffer mag nie 'n kredietfasiliteit sluit of beëindig uitsluitlik op grond daarvan dat—

- (a) die kredietverskaffer 'n verbruiker se versoek om die kredietperk te verhoog geweier het nie;
- (b) die verbruiker die kredietverskaffer se aanbod om die kredietperk te verhoog, van die hand gewys het nie;
- (c) die verbruiker 'n verlaging in die kredietperk versoek het nie, tensy daardie verlaging die kredietperk sou verlaag tot 'n vlak waarop die kredietverskaffer nie gewoonlik kredietfasiliteite aanbied of instel nie; of
- (d) die kaart, persoonlike identifiseringskode of -nommer of ander identifiseringstoestel wat gebruik word om toegang tot daardie fasiliteit te verkry, verval het nie.

(6) Die eensydige beëindiging van 'n kredietooreenkoms deur 'n kredietverskaffer soos beoog in hierdie artikel, skort nie enige oorblywende verpligtinge van die kredietverskaffer aan die verbruiker kragtens daardie ooreenkoms of hierdie Wet op of beëindig dit nie.

## HOOFSTUK 6 INVORDERING, TERUGBETALING, TERUGGAWE EN SKULDAFDWINGING

### *Deel A*

#### *Invorderings- en terugbetalingspraktyke*

#### **124. Heffings teen ander rekeninge**

(1) Dit is wettig vir 'n verbruiker om magtiging aan 'n kredietverskaffer te verskaf, 'n kredietverskaffer om sodanige magtiging te versoek of 'n ooreenkoms om sodanige magtiging in te sluit om 'n heffing of reeks heffings op te lê soos beoog in artikel 90(2)(n), indien sodanige heffing aan al die volgende vereistes voldoen:

- (a) Die heffing of reeks heffings mag slegs opgelê word teen 'n bate, rekening, of bedrag wat—
  - (i) deur of vir die voordeel van die verbruiker gedeponeer word en deur daardie kredietverskaffer of daardie derde party gehou word; en
  - (ii) spesifiek deur die verbruiker in die magtiging genoem word;
- (b) die heffing of reeks heffings mag slegs opgelê word om—
  - (i) 'n enkele verpligting kragtens die kredietooreenkoms; of
  - (ii) 'n reeks herhalende verpligtinge kragtens die kredietooreenkoms, wat spesifiek in die magtiging uiteengesit word, na te kom;
- (c) die heffing of reeks heffings mag slegs opgelê word vir 'n bedrag wat—
  - (i) bereken word met verwysing na die verpligting wat dit kragtens die kredietooreenkoms bedoel is om na te kom; en
  - (ii) spesifiek in die magtiging uiteengesit word.
- (d) die heffing of reeks heffings mag slegs opgelê word op of ná die vermelde datum, of reeks vermelde datums—
  - (i) wat ooreenstem met die datum waarop 'n verpligting, of die datums waarop 'n reeks herhalende verpligtinge, kragtens die kredietooreenkoms ontstaan; en
  - (ii) spesifiek in die magtiging uiteengesit word; en
- (e) enige magtiging wat nie skriftelik gegee word nie, moet elektromagneties opgeneem en daarna op skrif gestel word.

(2) Voordat 'n enkele heffing, of die eerste heffing van 'n reeks heffings wat kragtens 'n bepaalde magtiging opgelê staan te word, opgelê word, moet die kredietverskaffer, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm, kennis aan die verbruiker gee waarin, soos deur hierdie subartikel vereis word, die besonderhede van die heffing of heffings wat kragtens daardie magtiging opgelê staan te word, uiteengesit word.

(3) Indien daar 'n teenstrydigheid is tussen 'n bepaling van hierdie artikel en 'n bepaling van die Nasionale Betalingstelselwet, 1998 (Wet No. 78 van 1998), geniet die bepalings van daardie Wet voorrang.

#### **125. Verbruiker of waarborggewer se reg om ooreenkoms te vereffen**

(1) 'n Verbruiker of waarborggewer is geregtig om die kredietooreenkoms te eniger tyd te vereffen, met of sonder vooraf kennisgewing aan die kredietverskaffer.

(2) Die bedrag wat nodig is om 'n kredietooreenkoms te vereffen, is die totaal van die volgende bedrae:

- (a) Die onbetaalde saldo van die hoofskuld op daardie tydstip;
- (b) die onbetaalde renteheffings en alle ander gelde en heffings deur die verbruiker aan die kredietverskaffer betaalbaar tot op die vereffeningsdatum; en
- (c) in die geval van 'n grootooreenkoms—
  - (i) teen 'n vaste rentekoers, 'n vroeëbeëindigingsheffing van hoogstens 'n voorgeskrewe heffing of, indien geen heffing voorgeskryf word nie, 'n heffing bereken ooreenkomstig subparagraaf (ii); of
  - (ii) waar daar nie 'n vaste rentekoers geld nie, 'n vroeëbeëindigingsheffing gelyk aan hoogstens die rente wat kragtens die ooreenkoms betaalbaar sou wees vir 'n tydperk gelyk aan die verskil tussen—
    - (aa) drie maande; en
    - (bb) die tydperk van kennis van vereffening, indien enige, deur die verbruiker gegee.

## **126. Vroeë betalings en kreditering van betalings**

(1) 'n Verbruiker kan te eniger tyd, sonder kennisgewing of boete, enige bedrag kragtens 'n kredietooreenkoms aan 'n kredietverskaffer verskuldig, vooruitbetaal.

(2) 'n Kredietverskaffer moet enige betaling ingevolge 'n kredietooreenkoms aanvaar wanneer dit aangebied word, selfs indien dit geskied voor die datum waarop die betaling verskuldig is.

(3) 'n Kredietverskaffer moet elke betaling kragtens 'n kredietooreenkoms gemaak as volg aan die verbruiker krediteer vanaf die datum van ontvangs van die betaling:

- (a) Eerstens, om enige verskuldigde of onbetaalde renteheffings te betaal;
- (b) tweedens, om enige verskuldigde of onbetaalde gelde of heffings te betaal; en
- (c) derdens, om die bedrag van hoofskuld te verminder.

## ***Deel B*** ***Teruggawe van goedere***

### **127. Teruggawe van goedere**

(1) 'n Verbruiker ingevolge 'n paaientooreenkoms, gesekureerde lening of huurkontrak kan—

- (a) skriftelike kennis aan die kredietverskaffer gee om die ooreenkoms te beëindig; en
- (b) indien—
  - (i) die goedere in die kredietverskaffer se besit is, van die kredietverskaffer vereis om die goedere te verkoop; of
  - (ii) andersins, die goedere wat die onderwerp van daardie ooreenkoms is, terugbesorg aan die kredietverskaffer se plek van besigheid gedurende gewone sake-ure binne vyf besigheidsdae ná die datum van die kennisgewing of binne die ander tydperk, op die ander plek of teen die ander tyd wat met die kredietverskaffer ooreengekom word.

(2) Binne 10 besigheidsdae ná ontvangs van—

- (a) 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1)(b)(i); of
- (b) goedere aangebied ingevolge subartikel (1)(b)(ii),

wat ook al die laaste gebeur het, moet 'n kredietverskaffer die verbruiker skriftelike kennis gee wat die geraamde waarde van die goedere en enige ander voorgeskrewe inligting uiteensit.

(3) Binne 10 besigheidsdae ná ontvangs van 'n kennisgewing kragtens subartikel (2) kan die verbruiker die kennisgewing om die ooreenkoms ingevolge subartikel (1)(a) te beëindig, onvoorwaardelik terugtrek en enige goedere wat in die kredietverskaffer se besit is, weer in besit neem tensy die verbruiker aan wanbetaling kragtens die kredietooreenkoms skuldig is.

(4) Indien die verbruiker—

- (a) reageer op 'n kennisgewing soos beoog in subartikel (3), moet die kredietverskaffer die goedere aan die verbruiker terugbesorg tensy die verbruiker aan wanbetaling ingevolge die kredietooreenkoms skuldig is; of
- (b) nie reageer op 'n kennisgewing soos beoog in subartikel (3) nie, moet die kredietverskaffer die goedere so gou doenlik verkoop teen die beste prys wat redelikerwys behaal kan word.

(5) Na die verkoop van enige goedere ingevolge hierdie artikel moet 'n kredietverskaffer—

- (a) die verbruiker met 'n betaling of heffing krediteer of debiteer wat gelyk is aan die opbrengs van die verkope minus enige uitgawes redelikerwys aangegaan deur die kredietverskaffer in verband met die verkoop van die goedere; en
- (b) die verbruiker skriftelike kennis gee met vermelding van die volgende:
  - (i) Die vereffeningswaarde van die ooreenkoms onmiddellik voor die verkoop;
  - (ii) die bruto bedrag gerealiseer met die verkoop;
  - (iii) die netto opbrengs van die verkoop nadat die kredietverskaffer se toegelate wanbetalingsadministrasieheffings<sup>19</sup>, indien toepaslik, en redelike koste toegelaat kragtens paragraaf (a), afgetrek is; en
  - (iv) die bedrag op die verbruiker se rekening gekrediteer of daarteen gedebiteer.

(6) Indien 'n bedrag op die verbruiker se rekening gekrediteer word en dit oorskry die vereffeningswaarde onmiddellik voor die verkope, en—

- (a) 'n ander kredietverskaffer 'n geregistreerde kredietooreenkoms met dieselfde verbruiker ten opsigte van dieselfde goedere het, moet die kredietverskaffer daardie bedrag aan die Tribunaal oorbetaal, wat 'n bevel kan uitreik vir die verdeling van die bedrag op 'n wyse wat regverdig en redelik is; of
- (b) geen ander kredietverskaffer 'n geregistreerde kredietooreenkoms met dieselfde verbruiker ten opsigte van dieselfde goedere het nie, moet die kredietverskaffer daardie bedrag aan die verbruiker terugbetaal met die kennisgewing vereis deur subartikel (5)(b), en die ooreenkoms word beëindig met die terugbetaling van daardie bedrag.

(7) Indien 'n bedrag op die verbruiker se rekening gekrediteer word en dit minder is as die vereffeningswaarde onmiddellik voor die verkoop, of 'n bedrag teen die verbruiker se rekening gedebiteer word, kan die kredietverskaffer, wanneer die kennisgewing wat deur subartikel (5)(b) vereis word, uitgereik word, betaling van die verbruiker eis vir die oorblywende vereffeningswaarde.

(8) Indien 'n verbruiker—

- (a) versuim om 'n bedrag ingevolge subartikel (7) geëis binne 10 besigheidsdae na ontvangs van 'n kennisgewing van die eis te betaal, kan die kredietverskaffer geregtelike stappe ingevolge die Wet op Landdroshowe doen vir 'n uitspraak om die kredietooreenkoms af te dwing; of

---

<sup>19</sup> Engels lui (verkeerdelik?): “default charges” (en nie die omskrewe “default administration charges” nie).

- (b) die bedrag wat geëis word, ná ontvangs van 'n kennisgewing van die eis te eniger tyd betaal voordat uitspraak kragtens paragraaf (a) verkry word, word die ooreenkoms by die betaling van daardie bedrag beëindig.

(9) In albei gevalle beoog in subartikel (8) is rente deur die verbruiker betaalbaar teen die koers van toepassing op die kredietooreenkoms op enige uitstaande bedrag ingevolge subartikel (7) deur die kredietverskaffer geëis vanaf die datum van die eis tot op die datum waarop die uitstaande bedrag betaal word.

(10) 'n Kredietverskaffer wat op 'n wyse wat teenstrydig is met hierdie artikel optree, is aan 'n misdryf skuldig.

## **128. Vergoeding vir verbruiker**

(1) 'n Verbruiker wat onsuksesvol probeer het om 'n betwiste verkoop van goedere ingevolge artikel 127 regstreeks met die kredietverskaffer, of deur alternatiewe geskilbeslegting ingevolge Deel A van Hoofstuk 7, te besleg, kan by die Tribunaal aansoek doen om die verkoop te hersien.

(2) Indien die Tribunaal wat 'n aansoek ingevolge hierdie artikel oorweeg, nie oortuig is dat die kredietverskaffer die goedere so gou as redelikerwys doenlik, of teen die beste prys redelikerwys verkrygbaar, verkoop het nie, kan die Tribunaal die kredietverskaffer beveel om die verbruiker met 'n bykomende bedrag, wat die netto opbrengs van die verkoop oortref, te krediteer en dit te betaal.

(3) 'n Beslissing deur die Tribunaal ingevolge hierdie artikel is onderworpe aan appèl na, of hersiening deur, die Hoë Hof in die mate toegelaat deur artikel 148.

## **Deel C**

### ***Skuldafdwinging deur terugneming of vonnis***

## **129. Vereiste prosedures voor skuldafdwinging**

(1) Indien die verbruiker aan wanbetaling kragtens 'n kredietooreenkoms skuldig is—

- (a) kan die kredietverskaffer die wanbetaling skriftelik onder die verbruiker se aandag bring en voorstel dat die verbruiker die kredietooreenkoms na 'n skuldberader, alternatiewegekilbeslegtingsagent, verbruikershof of ombud met jurisdiksie verwys, met die oog daarop dat die partye enige geskil kragtens die ooreenkoms besleg of 'n plan opstel en daarin ooreenkom oor hoe die betalings kragtens die ooreenkoms aangesuiwer kan word; en
- (b) mag die kredietverskaffer, behoudens artikel 130(2), nie regstappe doen om die ooreenkoms af te dwing voordat—

- (i) kennis eers aan die verbruiker gegee is nie, soos beoog in paragraaf (a) of artikel 86(10), na gelang van die geval; en
- (ii) aan enige verdere vereistes in artikel 130 uiteengesit, voldoen is nie.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing op 'n kredietooreenkoms wat aan 'n skuldherstruktureringbevel onderworpe is of op verrigtinge in 'n hof wat sodanige bevel tot gevolg kan hê nie.

(3) Behoudens subartikel (4) kan 'n verbruiker—

- (a) te eniger tyd 'n ooreenkoms waar die verbruiker aan wanbetaling skuldig is, herstel voordat die kredietverskaffer die ooreenkoms kanselleer deur alle bedrae wat agterstallig is, tesame met die kredietverskaffer se toegelate wanbetalingsadministrasieheffings<sup>20</sup> en redelike koste met betrekking tot die afdwinging van die ooreenkoms te betaal tot en met die tyd van herstel; en

---

<sup>20</sup> Engels lui (verkeerdelik?): “default charges” (en nie die omskrewe “default administration charges” nie).

- (b) na voldoening aan paragraaf (a), enige eiendom wat ooreenkomstig 'n beslagleggingsbevel deur die kredietverskaffer teruggeneem is, weer in besit neem.
- (4) 'n Verbruiker mag nie 'n kredietooreenkoms herstel—
  - (a) na die verkoop van enige eiendom ooreenkomstig—
    - (i) 'n beslagleggingsbevel nie; of
    - (ii) teruggawe van eiendom ingevolge artikel 127 nie;
  - (b) nadat enige hofbevel wat die ooreenkoms afdwing, ten uitvoer gebring is nie; of
  - (c) ná die beëindiging daarvan ooreenkomstig artikel 123 nie.

### 130. Skuldprosedures in 'n hof

(1) Behoudens subartikel (2) kan 'n kredietverskaffer die hof nader vir 'n bevel om 'n kredietooreenkoms af te dwing slegs indien, op daardie tydstip, die verbruiker aan wanbetaling kragtens die kredietooreenkoms skuldig is en reeds minstens 20 besigheidsdae lank aan sodanige wanbetaling skuldig was en—

- (a) minstens 10 besigheidsdae verloop het sedert die kredietverskaffer 'n kennisgewing aan die verbruiker gelewer het, soos beoog in artikel 86(9) of artikel 129(1), na gelang van die geval;
- (b) die verbruiker, in die geval van 'n kennisgewing beoog in artikel 129(1)—
  - (i) nie op daardie kennisgewing gereageer het nie; of
  - (ii) op die kennisgewing gereageer het deur die kredietverskaffer se voorstelle te verwerp; en
- (c) die verbruiker, in die geval van 'n paaientooreenkoms, gesekureerde lening of huurkontrak, nie, soos beoog in artikel 127, die toepaslike eiendom aan die kredietverskaffer teruggegee het nie.

(2) Benewens die omstandighede beoog in subartikel (1), in die geval van 'n paaientooreenkoms, gesekureerde lening of huurkontrak, kan 'n kredietverskaffer die hof te eniger tyd nader vir 'n bevel om die oorblywende verpligtinge van 'n verbruiker kragtens 'n kredietooreenkoms af te dwing indien—

- (a) alle toepaslike eiendom verkoop is ooreenkomstig—
  - (i) 'n beslagleggingsbevel; of
  - (ii) teruggawe van eiendom ingevolge artikel 127; en
- (b) die netto opbrengs van verkope onvoldoende was om al die verbruiker se finansiële verpligtinge kragtens die ooreenkoms te vereffen.

(3) Ondanks enige andersluidende bepaling in 'n wet of 'n kontrak mag die hof in enige verrigtinge in 'n hof aanhangig gemaak ten opsigte van 'n kredietooreenkoms waarop hierdie Wet van toepassing is, die saak slegs beslis indien die hof oortuig is dat—

- (a) in die geval van verrigtinge waarop artikel 127, 129 of 131 van toepassing is, daar aan die prosedures deur daardie artikels vereis voldoen is;
- (b) daar geen aangeleentheid is wat kragtens daardie kredietooreenkoms ontstaan het, en wat voor die Tribunaal hangende is, wat 'n bevel tot gevolg kan hê wat 'n invloed het op die aangeleenthede wat deur die hof beslis staan te word nie; en
- (c) die kredietverskaffer nie die hof genader het nie—
  - (i) gedurende die tyd wat die saak voor 'n skuldberader, alternatiewegeskilbeslegtingsagent, verbruikershof of ombud met jurisdiksie was nie; of

- (ii) ondanks die feit dat die verbruiker—
    - (aa) eiendom aan die kredietverskaffer teruggegee het, en voordat daardie eiendom verkoop is<sup>21</sup>;
    - (bb) ingestem het tot 'n voorstel ingevolge artikel 129(1)(a) gedoen en te goeder trou opgetree het ter nakoming van daardie ooreenkoms;
    - (cc) voldoen het aan 'n ooreengekome plan soos beoog in artikel 129(1)(a); of
    - (dd) die betalings kragtens die kredietooreenkoms aangesuiwer het, soos beoog in artikel 129(1)(a).
- (4) In enige verrigtinge beoog in hierdie artikel, indien die hof beslis dat—
- (a) die kredietooreenkoms roekeloos was soos beskryf in artikel 80, moet die hof 'n bevel uitreik beoog in artikel 83;
  - (b) die kredietverskaffer nie aan die toepaslike bepalinge van hierdie Wet, soos beoog in subartikel (3)(a), voldoen het nie, of die hof in omstandighede beoog in subartikel (3)(c) genader het, moet die hof—
    - (i) die saak voor hom verdaag; en
    - (ii) 'n gepaste bevel uitreik wat die stappe uiteensit wat deur die kredietverskaffer afgehandel moet word voordat die saak hervat kan word;
  - (c) die kredietverskaffer aan 'n hangende skuldher siening ingevolge Deel D van Hoofstuk 4 onderworpe is, kan die hof—
    - (i) die saak verdaag, hangende 'n finale beslissing van die skuldher sieningsverrigtinge;
    - (ii) die skuldberader beveel om regstreeks aan die hof verslag te doen, en daarna 'n bevel beoog in artikel 85(b) uitreik; of
    - (iii) indien die kredietooreenkoms die enigste kredietooreenkoms is waartoe die verbruiker 'n party is, die skuldberader beveel om die skuldher sieningsverrigtinge te staak, en 'n bevel beoog in artikel 85(b) uitreik;
  - (d) daar 'n saak hangende voor die Tribunaal is, soos beoog in subartikel (3)(b), kan die hof—
    - (i) die saak voor hom verdaag, hangende 'n beslissing van die verrigtinge voor die Tribunaal; of
    - (ii) die Tribunaal beveel om die verrigtinge voor hom te verdaag, en die saak vir 'n beslissing na die hof te verwys; of
  - (e) die kredietooreenkoms óf opgeskort is óf aan 'n skuldherstruktureringbevel of -ooreenkoms onderworpe is, en die verbruiker aan daardie bevel of ooreenkoms voldoen het, moet die hof die saak afwys.

### 131. Terugneming van goedere

Indien 'n hof 'n beslagleggingsbevel uitreik ten opsigte van eiendom wat die onderwerp is van 'n kredietooreenkoms, is artikel 127(2) tot (9) en artikel 128, saamgelees met die veranderinge deur die konteks vereis, van toepassing op enige goedere waarop ingevolge daardie bevel beslag gelê is.

---

<sup>21</sup> Dit wil voorkom of hierdie gedeelte ( miskien die hele paragraaf (c)?) verbeter kan word (in die oorspronklike Engels, en dan kan die Afrikaans ook dienooreenkomstig verander word).

### 132. Vergoeding vir kredietverskaffer

(1) 'n Kredietverskaffer wat onsuksesvol probeer het om 'n geskil oor die koste van die beslaglegging van eiendom ingevolge artikels 129 tot 131 regstreeks met die verbruiker, en deur alternatiewe geskilbeslegting kragtens Deel A van Hoofstuk 7, te besleg, kan by die hof aansoek doen om vergoeding van die verbruiker ten opsigte van enige koste van terugneming van eiendom wat die koste oorskry wat ingevolge artikel 131 toegelaat word.

(2) Die hof kan 'n bevel beoog in subartikel (1) toestaan indien hy oortuig is dat—

- (a) die verbruiker wetens—
  - (i) vals of misleidende inligting aan die kredietverskaffer verskaf het ingevolge artikel 97; of
  - (ii) betrokke was in 'n gedragspatroon wat die uitoefening van die kredietverskaffer se reg om eiendom kragtens artikels 129 tot 131 terug te neem, redelikerwys waarskynlik sou verydel of belemmer; en
- (b) die kredietverskaffer gevolglik onredelike vertraging ondervind of buitengewone onkoste aangegaan het in die uitoefening van daardie regte.

### 133. Verbode invorderings- en afdwingingspraktyke

(1) 'n Kredietverskaffer mag nie—

- (a) gebruik maak van enige dokument, nommer of instrument bedoel in artikel 90(2)(l) wanneer invordering ten opsigte van, of die afdwinging van, 'n kredietooreenkoms uitgevoer word nie; of
- (b) enige ander persoon opdrag gee of toelaat om enigiets beoog in hierdie subartikel, namens, of as 'n agent van, die kredietverskaffer te doen nie.

(2) Wanneer geld ingevorder word wat kragtens 'n kredietooreenkoms deur 'n verbruiker verskuldig is, of wanneer probeer word om 'n kredietooreenkoms af te dwing, mag 'n kredietverskaffer nie enige dokument, instrument of kontrakbepaling bedoel in artikel 90(2)(l) gebruik of daarop staatmaak, of enige persoon toelaat om dit te gebruik of daarop staat te maak nie.

(3) 'n Persoon wat hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig.

## HOOFSTUK 7 ANDER GESKILBESLEGTING AS SKULDAFDWINGING

### *Deel A*

#### *Alternatiewe geskilbeslegting*

#### **134. Alternatiewe geskilbeslegting**

(1) As 'n alternatief om 'n klagte ingevolge artikel 136 by die Nasionale Kredietreguleerder in te dien, kan 'n persoon 'n aangeleentheid wat moontlik die onderwerp van so 'n klagte kan wees as volg verwys:

- (a) Indien die betrokke kredietverskaffer 'n finansiële instelling is soos in die Wet op Ombudskemas vir Finansiële Dienste<sup>22</sup>, 2004 (Wet No. 37 van 2004), omskryf—
  - (i) kan die aangeleentheid verwys word slegs na die ombud met jurisdiksie om 'n klagte by te lê of 'n saak rakende daardie kredietverskaffer te besleg, soos bepaal ooreenkomstig artikels 13 en 14 van daardie Wet; en
  - (ii) moet die saak prosedureel besleg word asof dit 'n klagte ingevolge daardie Wet was; of
- (b) indien die kredietverskaffer nie 'n finansiële instelling is soos in die Wet op Ombudskemas vir Finansiële Dienste, 2004 (Wet No. 37 van 2004), omskryf nie, kan die saak verwys word na—
  - (i) óf 'n verbruikershof, vir beslegting ooreenkomstig hierdie Wet en die provinsiale wetgewing wat daardie verbruikershof ingestel het;
  - (ii) óf 'n alternatiewegeskilbeslegtingsagent, vir beslegting deur versoening, bemiddeling of arbitrasie.

(2) Die respondent in 'n aangeleentheid kragtens subartikel (1)(b)(ii) na 'n alternatiewegeskilbeslegtingsagent verwys, kan binne 10 besigheidsdae skriftelik beswaar teen daardie verwysing aanteken, in welke geval—

- (a) die aangeleentheid nie deur 'n alternatiewegeskilbeslegtingsagent besleg mag word nie;
- (b) indien die aangeleentheid die gepaste onderwerp van 'n klagte aan die Nasionale Kredietreguleerder is, die aangeleentheid geag word 'n klagte ingevolge artikel 136 ingedien te wees; of
- (c) indien die aangeleentheid die gepaste onderwerp van 'n aansoek aan die Tribunaal is, die aangeleentheid geag word 'n aansoek regstreeks aan die Tribunaal te wees ingevolge artikel 137.

(3) Na oorweging van 'n aangeleentheid ingevolge 'n kragtens subartikel (2)(c) geagte aansoek<sup>23</sup>, kan die Tribunaal 'n buitengewone kostebevel teen die respondent maak indien die Tribunaal besluit dat die saak op gepaste wyse deur versoening, bemiddeling of arbitrasie in goeie trou uitgevoer, besleg kon gewees het.

(4) Ten opsigte van enige geskil tussen 'n kredietverskaffer en 'n verbruiker wat die onderwerp van 'n aansoek aan die Tribunaal ingevolge hierdie Wet kan wees, behalwe Deel C van hierdie Hoofstuk, moet die verbruiker of kredietverskaffer, voordat enigeen van hulle regstreeks by die Tribunaal kan aansoek doen—

- (a) probeer om daardie saak regstreeks tussen hulleself op te los; en
- (b) indien hulle nie in staat om dit te doen nie, die saak verwys—

---

<sup>22</sup> "Financial Services Ombud Schemes Act" – Daar is nie 'n amptelike vertaling in Afrikaans van dié Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer nie.

<sup>23</sup> Dis 'n poging om die Engels: "The Tribunal, after considering a matter in terms of a deemed application under subsection (2)(c), ..." te vertaal. Miskien kan die Engels verbeter word.

- (i) na die ombud met jurisdiksie, vir beslegting ooreenkomstig hierdie Wet en ingevolge die Wet op Ombudskemas vir Finansiële Dienste, 2004 (Wet No. 37 van 2004), indien die betrokke kredietverskaffer 'n finansiële instelling en 'n deelnemer is aan 'n erkende skema soos in daardie Wet omskryf; of
- (ii) in enige ander geval, na—
  - (aa) óf 'n verbruikershof, vir beslegting ooreenkomstig hierdie Wet en die provinsiale wetgewing wat daardie verbruikershof ingestel het; of
  - (bb) óf 'n alternatiewegeskilbeslegtingsagent, vir beslegting deur versoening, bemiddeling of arbitrasie.

(5) Indien 'n alternatiewegeskilbeslegtingsagent tot die gevolgtrekking kom dat enige party by versoening, bemiddeling of arbitrasie ingevolge subartikel (4)(b)(ii)(bb) nie in goeie trou aan daardie proses deelneem nie, of dat daar geen redelike waarskynlikheid is dat die partye hul geskil deur daardie proses sal besleg nie, moet die alternatiewegeskilbeslegtingsagent 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik wat verklaar dat die proses misluk het.

### **135. Geskilbeslegting kan toestemmingsbevel tot gevolg hê**

(1) Die ombud met jurisdiksie, verbruikershof of alternatiewegeskilbeslegtingsagent wat 'n geskil ingevolge hierdie Deel besleg het, of partye gesteun het om so 'n geskil te besleg, kan—

- (a) die beslegting van daardie geskil in die vorm van 'n bevel opteken; en
- (b) indien die partye by die geskil tot daardie bevel toestem, die bevel voorlê aan—
  - (i) 'n hof sodat dit ingevolge die reëls van die hof as 'n toestemmingsbevel verklaar kan word; of
  - (ii) die Tribunaal sodat dit ingevolge artikel 138 as 'n toestemmingsbevel verklaar kan word.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder mag nie voor die Tribunaal ingryp ten opsigte van 'n toestemmingsbevel wat ingevolge hierdie artikel voorgelê word nie.

## ***Deel B***

### ***Indiening van klagtes of aansoeke***

#### **136. Indiening van 'n klagte by Nasionale Kredietreguleerder**

(1) Enige persoon kan op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm 'n klagte aangaande 'n beweerde oortreding van hierdie Wet by die Nasionale Kredietreguleerder indien.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder kan 'n klagte in sy eie naam indien.

#### **137. Indiening van aansoeke by Tribunaal**

(1) Die Nasionale Kredietreguleerder kan op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by die Tribunaal aansoek doen—

- (a) om 'n bevel wat 'n geskil betreffende inligting deur 'n kredietburo gehou ingevolge Deel B van Hoofstuk 4 besleg;
- (b) om 'n bevel wat die lewering van 'n rekeningstaat of 'n hersiening van 'n staat ingevolge Deel D van Hoofstuk 5 verplig;

- (c) om die uitvoering van 'n verkoop van goedere ingevolge artikel 127 of die verdeling van die opbrengs van so 'n verkoop te hersien;
- (d) om verlof om 'n klagte regstreeks aan die Tribunaal voor te lê; of
- (e) om 'n bevel wat laat indiening kondoneer.

(2) 'n Geregistreeerde, of aansoeker om registrasie, kan te eniger tyd 'n aansoek ingevolge artikel 59 indien binne—

- (a) 20 besigheidsdae nadat die Nasionale Kredietreguleerder die besluit neem wat die onderwerp van die aansoek is; of
- (b) die langer tydperk wat die Tribunaal by aanvoering van gegronde redes toelaat.

(3) 'n Verbruiker of kredietverskaffer wat onsuksesvol probeer het om 'n geskil regstreeks met die ander party, en deur alternatiewe geskilbeslegting ingevolge artikel 134(4), te besleg, kan te eniger tyd 'n aansoek beoog in hierdie Wet, indien binne—

- (a) 20 besigheidsdae ná die mislukking van die poging tot alternatiewe geskilbeslegting; of
- (b) die langer tydperk wat die Tribunaal by aanvoering van gegronde redes toelaat.

(4) Die Nasionale Kredietreguleerder kan voor die Tribunaal ingryp ten opsigte van 'n aansoek beoog in hierdie artikel waartoe die Nasionale Kredietreguleerder nie reeds 'n party is nie.

### **138. Toestemmingsbevele**

(1) Indien 'n aangeleentheid—

- (a) deur die ombud met jurisdiksie, verbruikershof of alternatiewegeskilbeslegtingsagent besleg is; of
- (b) deur die Nasionale Kredietreguleerder ondersoek is, en die Nasionale Kredietreguleerder en die respondent saamstem oor die voorgestelde bepaling van 'n gepaste bevel,

kan die Tribunaal of 'n hof daardie besluit of ooreenkoms as 'n toestemmingsbevel bekragtig sonder om enige getuienis aan te hoor.

(2) Met die toestemming van 'n klaer kan 'n toestemmingsbevel wat ingevolge subartikel (1)(b) bekragtig is 'n toekenning van skadevergoeding aan die klaer insluit.

## ***Deel C***

### ***Informeel beslegting of ondersoek van klagtes***

### **139. Ondersoek deur Nasionale Kredietreguleerder**

(1) Wanneer 'n klagte ingevolge artikel 136 deur die Nasionale Kredietreguleerder ingedien of aanvaar word, kan hy—

- (a) 'n kennisgewing van nieverwysing in die voorgeskrewe vorm aan die klaer uitreik indien die klagte beuselagtig of kwelsugtig skyn te wees, of geen feite aanvoer wat, indien waar, gronde sou uitmaak vir 'n regsmiddel kragtens hierdie Wet nie;
- (b) die klagte verwys na—
  - (i) 'n skuldberader, indien dit blyk dat die aangeleentheid óf roekelose krediet óf moontlike oorverskuldigheid van die verbruiker behels; of
  - (ii) die ombud met jurisdiksie, verbruikershof of 'n alternatiewegeskilbeslegtingsagent met die oog daarop om bystand aan die partye te verleen om die geskil ingevolge artikel 134 te besleg; of

(c) in enige ander geval 'n inspekteur opdrag gee om die klagte so spoedig doenlik te ondersoek.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder kan te eniger tyd gedurende 'n ondersoek een of meer persone aanwys om bystand aan die inspekteur te verleen wat die ondersoek beoog in subartikel (1) uitvoer.

(3) Die Nasionale Kredietreguleerder kan te eniger tyd gedurende 'n ondersoek enige persoon dagvaar wat vermoedelik in staat sal wees om enige inligting oor die onderwerp van die ondersoek te verstrek, of in besit is van of beheer het oor enige boek, dokument of ander voorwerp wat betrekking op daardie onderwerp het—

(a) om voor die Nasionale Kredietreguleerder te verskyn om ondervra te word; of

(b) om sodanige boek, dokument of ander voorwerp aan die Nasionale Kredietreguleerder te lewer of voor te lê,

op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld.

(4) 'n Persoon wat ondervra word deur 'n inspekteur wat 'n ondersoek uitvoer, moet elke vraag eerlik en na die beste van sy of haar vermoë beantwoord, maar—

(a) die persoon is nie verplig om enige vraag te beantwoord indien die antwoord self-inkriminerend is nie; en

(b) die inspekteur wat so 'n persoon ondervra, moet daardie persoon inlig omtrent die reg in paragraaf (a) uiteengesit.

(5) Geen self-inkriminerende antwoord verstrek of verklaring gedoen deur enige persoon aan 'n inspekteur wat enige bevoegdheid ingevolge hierdie artikel uitoefen, is as getuienis in strafverrigtinge in enige hof toelaatbaar teen die persoon wat die antwoord verstrek het of verklaring gedoen het nie, behalwe in strafverrigtinge weens meened of waarin die persoon verhoor word weens 'n misdryf beoog in artikel 159, en dan slegs in die mate waarin die antwoord of verklaring ter sake is om die misdryf waarvan die persoon aangekla word, te bewys.

#### **140. Uitslag van klagte**

(1) Na afhandeling van 'n ondersoek na 'n klagte kan die Nasionale Kredietreguleerder—

(a) 'n kennisgewing van nieverwysing aan die klaer in die voorgeskrewe vorm uitreik;

(b) 'n verwysing ooreenkomstig subartikel (2) doen indien die Nasionale Kredietreguleerder van mening is dat 'n persoon in verbode optrede betrokke is;

(c) 'n aansoek aan die Tribunaal rig indien die klagte betrekking het op 'n aangeleentheid wat die Tribunaal op aansoek ingevolge enige bepaling van hierdie Wet kan oorweeg; of

(d) indien die klagte op 'n misdryf ingevolge hierdie Wet betrekking het, die aangeleentheid na die Nasionale Vervolgingsgesag verwys; of

(2) Onder die omstandighede beoog in subartikel (1)(b), kan die Nasionale Kredietreguleerder die aangeleentheid verwys—

(a) na die verbruikershof van die provinsie waarin die verbruiker woonagtig is, of die verbruikershof van die provinsie waar die kredietverskaffer sy vernaamste besigheidsplek in die Republiek het, indien daar 'n verbruikershof in so 'n provinsie is en indien die Nasionale Kredietreguleerder van mening is dat snel en volledig gehandel kan word met die geskilpunte deur die klagte aangevoer deur so 'n verwysing; of

(b) na die Tribunaal.

(3) Indien daar, ten opsigte van 'n aangeleentheid beoog in subartikel (2), geen verbruikershof binne enige van die toepaslike provinsies is nie, kan die Nasionale Kredietreguleerder die saak verwys na—

(a) óf 'n verbruikershof in 'n ander provinsie, indien die oorwig van gerief of belang van geregtigheid dit toelaat; of

(b) óf die Tribunaal.

(4) Indien die Nasionale Kredietreguleerder 'n aangeleentheid ingevolge subartikel (2) of (3)(a) na 'n verbruikershof verwys, kan enige party by daardie verwysing op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm en binne die voorgeskrewe tyd by die Tribunaal aansoek doen om 'n bevel dat die saak verwys word na—

(a) 'n ander verbruikershof; of

(b) die Tribunaal.

(5) Indien 'n aansoek by die Tribunaal gedoen is—

(a) ingevolge subartikel (4)(a), kan die Tribunaal gelas dat die aangeleentheid na 'n ander verbruikershof verwys word, indien die oorwig van gerief of belang van geregtigheid dit vereis;

(b) ingevolge subartikel (4)(b), kan die Tribunaal gelas dat die aangeleentheid na hom, in plaas van na die verbruikershof, verwys word indien die oorwig van gerief of belang van geregtigheid dit vereis;

(6) 'n Verbruikershof wat 'n aangeleentheid bedoel in hierdie afdeling aanhoor —

(a) moet sy eie verrigtinge behartig op 'n wyse bestaanbaar met die vereistes van Deel D van hierdie Hoofstuk; en

(b) kan enige bevel uitreik wat die Tribunaal ingevolge hierdie Wet sou kon uitreik nadat die aangeleentheid aangehoor is.

(7) 'n Bevel van 'n verbruikershof uitgereik ná die aanhoor van 'n aangeleentheid wat ingevolge hierdie artikel verwys is, het dieselfde werking en geldigheid asof dit deur die Tribunaal uitgereik is.

#### **141. Verwysing na Tribunaal**

(1) Indien die Nasionale Kredietreguleerder 'n kennisgewing van nieverwysing uitreik in reaksie op 'n ander klagte as 'n klagte met betrekking tot artikel 61 of 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, kan die betrokke klaer die klagte regstreeks verwys na—

(a) die verbruikershof van die provinsie waarbinne die klaer woonagtig is of waar die respondent sy vernaamste besigheidsplek in die Republiek het, behoudens die provinsiale wetgewing wat die werking van daardie verbruikershof reël; of

(b) die Tribunaal, met die verlot van die Tribunaal.

(2) Indien die saak regstreeks na 'n verbruikershof verwys word ingevolge subartikel (1)—

(a) kan die respondent, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm en binne die voorgeskrewe tyd, by die Tribunaal aansoek doen om 'n bevel dat die aangeleentheid verwys word na—

(i) 'n ander verbruikershof; of

(ii) die Tribunaal;

(b) is die bepalinge van artikel 140(6) en (7), saamgelees met die veranderinge deur die konteks vereis, van toepassing op 'n aansoek gedoen ingevolge paragraaf (a); en

(c) en indien die aangeleentheid na 'n verbruikershof verwys bly, is die bepalinge van Dele D en E van hierdie Hoofstuk, elkeen saamgelees met die veranderinge deur die konteks vereis, van toepassing op die verhoor van die aangeleentheid deur die verbruikershof.

(3) 'n Verwysing na die Tribunaal, hetsy deur die Nasionale Kredietreguleerder ingevolge artikel 140(1) of deur 'n klaer ingevolge subartikel (1), moet in die voorgeskrewe vorm wees.

(4) Die Tribunaal moet 'n verhoor van enige aangeleentheid kragtens hierdie Hoofstuk na hom verwys, behartig ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wet.

## **Deel D**

### **Oorweging deur Tribunaal van klagtes, aansoeke en verwysings**

#### **142. Verhore voor Tribunaal**

(1) Die Tribunaal moet sy verhore in die openbaar behartig—

- (a) op 'n inkwisitoriese wyse;
- (b) so spoedig as moontlik;
- (c) so informeel as moontlik; en
- (d) ooreenkomstig die beginsels van natuurlike geregtigheid.

(2) Ondanks subartikel (1) kan die lid van die Tribunaal wat by 'n verhoor as voorsitter optree, lede van die publiek, of spesifieke persone of kategorieë persone, uitsluit van die bywoning van die verrigtinge—

- (a) indien getuienis wat gelewer staan te word vertroulike inligting is, maar slegs in die mate waarin die inligting nie op 'n ander wyse beskerm kan word nie;
- (b) indien die behoorlike behartiging van die verhoor dit vereis; of
- (c) om enige ander rede wat regverdigbaar sou wees in siviele verrigtinge in 'n Hoë Hof.

(3) Die Voorsitter van die Tribunaal moet enige van die volgende aangeleenthede toewys om deur 'n enkele lid van die Tribunaal, wat alleen optree, aangehoor te word:

- (a) Enige aansoek deur 'n verbruiker of kredietverskaffer ingevolge artikel 137(3);
- (b) toestemmingsbevele ingevolge hierdie Wet;
- (c) aansoeke om laat indienings toe te laat;
- (d) hersiening van versoeke vir bykomende inligting, ingevolge artikel 45(2);
- (e) hersiening van 'n bevel om betrokkenheid in 'n aktiwiteit ingevolge artikel 54, te staak;
- (f) aansoeke om 'n bevel om verbruikersversoeke ingevolge artikel 62, 65, 72, 110 of 113 te beperk; of
- (g) aansoeke om 'n bevel aangaande die oorbetaling van opbrengs uit verkope, ingevolge artikel 127 of 131.

(4) Aan die einde van 'n verhoor moet die Tribunaal enige bevel uitreik wat in die omstandighede ingevolge hierdie Wet toelaatbaar is en skriftelike redes vir sy besluit verstrek.

(5) Die Tribunaal moet die deelnemers en lede van die publiek redelike toegang tot die rekord van elke verhoor verleen, behoudens enige beslissing wat ingevolge subartikel (2)(a) gemaak is om vertroulike inligting te beskerm.

#### **143. Reg om aan verhoor deel te neem**

Die volgende persone kan óf self óf deur 'n verteenwoordiger deelneem aan 'n verhoor beoog in hierdie Deel, en kan vrae aan getuies stel en enige boeke, dokumente of items ondersoek wat by die verhoor aangebied word:

- (a) Die Nasionale Kredietreguleerder;
- (b) die aansoeker of klaer, en in die geval van 'n klagte betreffende 'n beweerde oortreding van artikel 61, die verbruiker of voornemende verbruiker, indien daardie persoon nie die klaer is nie;
- (c) die respondent; en
- (d) enige ander persoon wat 'n wesentliche belang in die verhoor het, tensy, na die mening van die lid van die Tribunaal wat as voorsitter optree, daardie belang op toereikende wyse deur 'n ander deelnemer behartig word.

#### **144. Bevoegdhele van lid wat by verhoor voorsit**

Die lid van die Tribunaal wat by 'n verhoor voorsit, kan—

- (a) enige persoon beveel of dagvaar om op enige vermelde tyd en plek te verskyn;
- (b) enige persoon onder eed of by wyse van plegtige verklaring ondervra;
- (c) enige persoon dagvaar of beveel—
  - (i) om enige boek, dokument of item nodig vir die doeleindes van die verhoor voor te lê.
  - (ii) om enige ander handeling met betrekking tot hierdie Wet uit te voer; en
- (d) opdragte gee wat die publisering van enige getuienis aan die Tribunaal gelewer verbied of beperk.

#### **145. Prosedurereëls**

Behoudens die prosedurereëls van die Tribunaal kan die voorsittende lid van Tribunaal by 'n verhoor enige prosedureaangeleentheid vir daardie verhoor bepaal, met behoorlike inagneming van die omstandighede van die aangeleentheid en die vereistes van die toepaslike artikels van hierdie Wet.

#### **146. Getuies**

(1) Elke persoon wat getuienis lewer by 'n verhoor van die Tribunaal moet enige tersaaklike vraag beantwoord.

(2) Die reg betreffende 'n getuie se privilegie in 'n strafsak in 'n geregshof geld in dieselfde mate vir 'n persoon wat inligting verstrek tydens 'n verhoor.

(3) Die Tribunaal kan 'n persoon beveel om enige vraag te beantwoord of om enige artikel of dokument voor te lê, selfs indien dit self-inkriminerend is om dit te doen.

(4) Artikel 139(5) is van toepassing op getuienis gelewer deur 'n getuie ingevolge hierdie artikel.

#### **147. Koste**

(1) Behoudens subartikel (2) moet elke party wat aan 'n verhoor deelneem sy eie koste dra.

(2) Indien die Tribunaal—

- (a) nie 'n uitspraak teen 'n respondent gelewer het nie, kan die voorsittende lid van die Tribunaal by 'n verhoor die koste toeken aan die respondent en 'n klaer wat die klagte ingevolge artikel 141(1) verwys het, beveel om die koste te betaal; of
- (b) 'n uitspraak teen 'n respondent gelewer het, kan die voorsittende lid van die Tribunaal by 'n verhoor die respondent beveel om die koste te betaal en die koste toeken aan 'n klaer wat die klagte ingevolge artikel 141(1) verwys het.

#### **148. Appelle en hersienings**

(1) 'n Deelnemer aan 'n verhoor voor 'n enkele lid van die Tribunaal kan teen 'n beslissing deur daardie lid na 'n volle paneel van die Tribunaal appelleer.

(2) Behoudens die reëls van die Hoë Hof kan 'n deelnemer aan 'n verhoor voor 'n volle paneel van die Tribunaal—

- (a) by die Hoë Hof aansoek doen om die beslissing van die Tribunaal in daardie saak te hersien; of
- (b) na die Hoë Hof appelleer teen die beslissing van die Tribunaal in daardie saak, behalwe 'n beslissing ingevolge artikel 138.

**Deel E**  
**Tribunaalbevele**

**149. Tussentydse regsmitdele**

(1) Ongeag of 'n verhoor oor 'n klagte al 'n aanvang geneem het of nie, kan 'n klaer te eniger tyd by die Tribunaal, aansoek doen om 'n tussentydse bevel ten opsigte van daardie klagte, en die Tribunaal kan so 'n bevel toestaan indien—

- (a) daar getuienis is dat die bewerings waar kan wees; en
  - (b) 'n tussentydse bevel redelikerwys nodig is om—
    - (i) ernstige, onherstelbare skade aan daardie persoon te voorkom; of
    - (ii) te voorkom dat die doelstellings van hierdie Wet verydel word;
  - (c) die respondent 'n redelike geleentheid gebied is om aangehoor te word, met inagneming van die dringendheid van die verrigtinge; en
  - (d) die oorwig van gerief voorkeur gee aan die toestaan van die bevel.
- (2) 'n Tussentydse bevel van hierdie artikel mag nie langer duur nie as—
- (a) die afhandeling van 'n verhoor na die klagte; of
  - (b) die datum wat ses maande ná die datum van uitreiking van die tussentydse bevel is,

watter een van dié ook al eerste plaasvind.

(3) Indien 'n tussentydse bevel toegestaan is, en 'n verhoor betreffende daardie saak nie binne ses maande ná die datum van daardie bevel afgehandel word nie, kan die Tribunaal by aanvoering van gegronde redes die tussentydse bevel met 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

**150. Bevele van Tribunaal**

Benewens sy ander bevoegdhede ingevolge hierdie Wet, kan die Tribunaal 'n gepaste bevel uitreik met betrekking tot verbode optrede of optrede wat ingevolge hierdie Wet vereis word, met inbegrip—

- (a) daarvan om, ingevolge hierdie Wet, optrede verbode te verklaar;
- (b) daarvan om enige verbode optrede by interdik te verbied;
- (c) daarvan om 'n administratiewe boete ingevolge artikel 151, met of sonder die toevoeging van enige bevel ingevolge hierdie artikel, op te lê;
- (d) daarvan om 'n toestemmingsooreenkoms<sup>24</sup> ingevolge hierdie Wet as 'n bevel van die Tribunaal te bevestig;
- (e) daarvan om enige nienakoming van sy reëls en prosedures by aanvoering van gegronde redes te kondoneer;
- (f) daarvan om 'n bevel te bevestig teen 'n ongeregistreerde persoon om betrokkenheid te staak in enige aktiwiteit wat, soos ingevolge hierdie Wet vereis, geregistreer moet wees;
- (g) daarvan om, behoudens artikel 57(2) en (3), die geregistreerde se registrasie op te skort of te kanselleer;
- (h) daarvan om terugbetaling aan die verbruiker te vereis van enige bedrag wat te veel gevra is, tesame met rente teen die koers wat in die ooreenkoms uiteengesit word; of
- (i) van enige ander gepaste bevel wat nodig is om uitwerking te gee aan 'n reg, soos beoog in hierdie Wet.

---

<sup>24</sup> Die Engels lui “consent agreement”. Wat bedoel word, is waarskynlik “consent order” (“toestemmingsbevel”), 'n omskrewe begrip; die Afrikaans is egter 'n letterlike vertaling van die Engels soos dit tans lui.

## 151. Administratiewe boetes

(1) Die Tribunaal kan 'n administratiewe boete slegs in die omstandighede waarvoor uitdruklik in hierdie Wet voorsiening gemaak word, oplê.

(2) 'n Administratiewe boete ingevolge hierdie Wet opgelê mag nie—

(a) 10 persent van die respondent se jaarlikse omset gedurende die voorafgaande boekjaar; of

(b) R1 000 000,

watter ook al die grootste is, oorskry nie.

(3) Wanneer 'n gepaste boete bepaal word, moet die Tribunaal die volgende faktore in aanmerking neem:

(a) Die aard, duur, erns en omvang van die oortreding;

(b) enige verlies of skade gelyk as gevolg van die oortreding;

(c) die respondent se gedrag;

(d) die markomstandighede waaronder die oortreding plaasgevind het;

(e) die vlak van wins wat uit die oortreding voortgespruit het;

(f) die mate waarin die respondent met die Nasionale Kredietreguleerder en die Tribunaal saamgewerk het; en

(g) of daar voorheen bevind is dat die respondent in stryd met hierdie Wet opgetree het.

(4) By die toepassing van hierdie artikel, is die jaarlikse omset van—

(a) 'n kredietverskaffer, op die tydstip waarop 'n administratiewe boete bereken word, die totale inkomste van daardie kredietverskaffer gedurende die onmiddellik voorafgaande jaar kragtens alle kredietooreenkomste waarop hierdie Wet van toepassing is, minus die bedrag van daardie inkomste wat terugbetaling van hoofskuld kragtens daardie kredietooreenkomste verteenwoordig; of

(b) enige ander persoon, die bedrag op die voorgeskrewe wyse bepaal.

(5) 'n Boete betaalbaar ingevolge hierdie artikel moet in die Nasionale Inkomstefonds, bedoel in artikel 213 van die Grondwet, inbetaal word.

## 152. Regsposisie en afdwinging van bevel

(1) Enige beslissing, vonnis of bevel van die Tribunaal kan beteken, uitgevoer en afgedwing word asof dit 'n bevel van die Hoë Hof is, en is bindend op—

(a) die Nasionale Kredietreguleerder;

(b) provinsiale kredietreguleerders;

(c) 'n verbruikershof;

(d) 'n alternatiewegeskilbeslegtingsagent of die ombud met jurisdiksie;

(e) 'n skuldberader; en

(f) 'n landdroshof.

(2) Die Nasionale Kredietreguleerder kan om eie ontwil geregtelike stappe in die Hoë Hof instel vir die verhaling van 'n administratiewe boete deur die Tribunaal opgelê.

(3) Stappe ingevolge subartikel (2) mag nie ingestel word meer as drie jaar nadat die administratiewe boete opgelê is nie.

**HOOFSTUK 8**  
**AFDWINGING VAN WET**  
*Deel A*  
*Deursoekings*

**153. Magtiging om kragtens lasbrief te betree en te deursoek**

(1) 'n Regter van die Hoë Hof, 'n streeklanddros of 'n landdros kan 'n lasbrief uitreik om enige perseel te betree en te deursoek wat binne die jurisdiksie van daardie regter of landdros is, indien, uit inligting onder eed of by wyse van plegtige verklaring afgelê, daar redelike gronde is om te glo dat—

- (a) verbode optrede op of binne daardie perseel plaasgevind het, plaasvind of waarskynlik sal plaasvind; of
- (b) enigiets wat verband hou met 'n ondersoek na moontlike verbode optrede in die besit of onder die beheer is van 'n persoon wat op of binne daardie perseel is.

(2) 'n Lasbrief om te betree en te deursoek kan te eniger tyd uitgereik word en moet spesifiek—

- (a) die perseel identifiseer wat betree en deursoek kan word; en
- (b) 'n inspekteur of 'n polisiebeampte magtig om die perseel te betree en te deursoek en enigiets te doen wat in artikel 154 gelys word.

(3) 'n Lasbrief om te betree en te deursoek is geldig totdat een van die volgende gebeurtenisse plaasvind:

- (a) Die lasbrief word uitgevoer;
- (b) die lasbrief word gekanselleer deur die persoon wat dit uitgereik het of, in daardie persoon se afwesigheid, deur 'n persoon met soortgelyke gesag;
- (c) die doel waarvoor dit uitgereik is, het verval; of
- (d) een maand het verloop vanaf die datum waarop dit uitgereik is.

(4) 'n Lasbrief om te betree en te deursoek kan slegs gedurende die dag uitgevoer word, tensy die regter, streeklanddros of landdros wat dit uitgereik het, magtiging verleen dat dit in die nag op 'n tyd wat in die omstandighede redelik is, uitgevoer kan word.

(5) 'n Persoon deur 'n lasbrief gemagtig wat ingevolge subartikel (2) uitgereik is, kan 'n perseel wat in daardie lasbrief vermeld word, betree en deursoek.

(6) Onmiddellik voordat begin word met die uitvoer van 'n lasbrief, moet 'n persoon wat daardie lasbrief uitvoer een van die volgende dinge doen:

- (a) Die persoon wat die lasbrief uitvoer, moet, indien die eienaar of die persoon in beheer van die perseel wat deursoek staan te word, teenwoordig is—
  - (i) identifikasie aan daardie persoon verskaf en aan daardie persoon verduidelik op watter gesag die lasbrief uitgevoer word; en
  - (ii) 'n afskrif van die lasbrief oorhandig aan daardie persoon of aan die persoon wat in die lasbrief vermeld word; of
- (b) die persoon wat die lasbrief uitvoer, moet, indien geeneen van daardie persone teenwoordig is nie, 'n afskrif van die lasbrief op 'n prominente en sigbare plek op die perseel aanbring.

**154. Bevoegdhede om te betree en te deursoek**

(1) 'n Persoon wat kragtens artikel 153 gemagtig word om 'n perseel te betree en te deursoek, kan—

- (a) daardie perseel betree of dit binnegaan;
- (b) daardie perseel deursoek;

- (c) enige persoon op daardie perseel deursoek indien daar redelike gronde bestaan om te glo dat die persoon persoonlik in besit is van 'n artikel of dokument wat met die ondersoek verband hou;
- (d) enige artikel of dokument op of binne daardie perseel deursoek wat met die ondersoek verband hou;
- (e) inligting met betrekking tot enige artikel of dokument versoek van die eienaar van die perseel, van die persoon in beheer van die perseel, van enige persoon wat beheer het oor die artikel of dokument, of van enige ander persoon wat moontlik die inligting kan hê;
- (f) uittreksels maak uit, of afskrifte maak van, enige boek of dokument op of binne die perseel wat met die ondersoek verband hou;
- (g) enige rekenaarsstelsel op die perseel gebruik, of bystand van enige persoon op die perseel versoek om daardie rekenaarsstelsel te gebruik, om—
  - (i) deur enige data bevat in of beskikbaar vir daardie rekenaarsstelsel te soek; en
  - (ii) enige rekord vanaf daardie data te reproduseer;
- (h) beslag lê op enige afvoer van daardie rekenaar vir ondersoek en kopiëring; en
- (i) beslag lê op enigiets wat met die ondersoek verband hou en dit, indien nodig, vir ondersoek en veilige bewaring van die perseel verwyder.

(2) Artikel 139(5) is van toepassing op 'n antwoord verstrek of verklaring gedoen aan 'n inspekteur ingevolge hierdie artikel.

(3) 'n Inspekteur wat gemagtig is om 'n betreding en deursoeking ingevolge artikel 153 uit te voer, kan vergesel wees van en bygestaan word deur 'n polisiebeampte.

## 155. Uitvoering van betreding en deursoeking

(1) 'n Persoon wat enige perseel kragtens artikel 154 betree en deursoek moet die betreding en deursoeking uitvoer met streng inagneming van fatsoenlikheid en orde, en met inagneming van elke persoon se reg op waardigheid, vryheid, sekuriteit en privaatheid.

(2) Gedurende enige deursoeking kragtens artikel 154(1)(c), mag slegs 'n vroulike inspekteur of polisiebeampte 'n vroulike persoon, en slegs 'n manlike inspekteur of polisiebeampte 'n manlike persoon deursoek.

(3) Voordat 'n persoon wat 'n perseel kragtens artikel 154 betree en deursoek enige ander persoon ondervra, moet daardie ander persoon—

- (a) in kennis gestel word van die reg om op daardie tydstip deur 'n advokaat of prokureur bygestaan te word; en
- (b) toegelaat word om daardie reg uit te oefen.

(4) 'n Persoon wat enigiets verwyder van 'n perseel wat deursoek word, moet—

- (a) 'n kwitansie daarvoor uitreik aan die eienaar van, of persoon in beheer van, die perseel; en
- (b) dit terugbesorg so spoedig doenlik nadat die doel waarvoor dit verwyder is bereik is.

(5) Gedurende 'n deursoeking kan 'n persoon weier om die ondersoek of verwydering van 'n artikel of dokument toe te laat op grond daarvan dat dit geprivilegieerde inligting bevat.

(6) Indien die eienaar of persoon in beheer van 'n artikel of dokument ingevolge subartikel (5) weier om daardie artikel of dokument te oorhandig aan die persoon wat die ondersoek uitvoer, kan die persoon wat die ondersoek uitvoer die registrateur of balju van die Hoë Hof wat jurisdiksie het, versoek om beslag te lê op die artikel of dokument en om dit te verwyder vir veilige bewaring totdat daardie hof bepaal het of die inligting geprivilegieerd is of nie.

(7) 'n Polisiebeampte wat kragtens artikel 154 gemagtig is om 'n perseel te betree en te deursoek, of wat 'n inspekteur bystaan wat kragtens artikel 154 gemagtig is om 'n perseel te betree en te deursoek, kan weerstand teen die betreding en deursoeking oorkom deur soveel geweld te gebruik as wat redelikerwys nodig is, met inbegrip daarvan om 'n deur of venster van die perseel te breek.

(8) Voordat enige geweld ingevolge subartikel (7) gebruik word, moet 'n polisiebeampte hoorbaar aandrang op toegang en moet die doel van die betreding aangekondig word, tensy dit redelik is om te glo dat, deur dit te doen, iemand oorgehaal kan word om 'n artikel of dokument wat die oogmerk van die deursoeking is te vernietig of om daarvan ontslae te raak.

(9) Die Nasionale Kredietreguleerder kan enigiemand vergoed wat skade ly as gevolg van 'n gedwonge betreding gedurende 'n deursoeking wanneer niemand verantwoordelik vir die perseel teenwoordig is nie.

## **Deel B**

### **Misdrywe**

#### **156. Vertrouensbreuk**

(1) Dit is 'n misdryf om enige vertroulike inligting te openbaar aangaande die sake van enige persoon of regspersoon wat bekom is—

- (a) in die verrigting van enige werksaamheid ingevolge hierdie Wet; of
- (b) as gevolg van die indiening van 'n klagte of die deelname aan enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op inligting geopenbaar—

- (a) met die oog op die behoorlike administrasie en afdwinging van hierdie Wet;
- (b) vir die doeleindes van regspleging; of
- (c) op die versoek van 'n inspekteur, reguleerder of lid van die Tribunaal wat geregtig is om inligting te ontvang.

#### **157. Belemmering van toepassing van Wet**

Dit is 'n misdryf om enige persoon wat 'n bevoegdheid uitoefen of 'n plig uitvoer wat deur hierdie Wet aan hom of haar gedelegeer of toegeken is of hom of haar opgelê is, te belemmer, teen te staan, te dwarsboom, of onbehoorlik te beïnvloed.

#### **158. Versuim om teenwoordig te wees by verhoor indien gedagvaar**

'n Persoon pleeg 'n misdryf indien daardie persoon, nadat hy of sy aangesê of gedagvaar is om 'n verhoor by te woon—

- (a) sonder genoegsame rede versuim om teen die tyd en op die plek wat vermeld word, te verskyn of om teenwoordig te bly totdat hy of sy verskoon word; of
- (b) wel teenwoordig is soos vereis word, maar—
  - (i) weier om die eed of plegtige verklaring af te lê; of
  - (ii) versuim om 'n boek, dokument of ander item voor te lê soos beveel indien dit in daardie persoon se besit of onder sy of haar beheer is.

### **159. Versuim om volledig of eerlik te antwoord**

'n Persoon pleeg 'n misdryf indien daardie persoon, nadat hy of sy die eed of plegtige verklaring afgelê het—

- (a) behoudens artikel 139(5), versuim om enige vrae volledig en na die beste van daardie persoon se vermoë te beantwoord; of
- (b) onwaar getuienis lewer, terwyl hy of sy weet of van mening is dat dit onwaar is.

### **160. Misdrywe in verband met reguleerder en Tribunaal**

(1) 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien daardie persoon 'n bevel van die Tribunaal oortree of versuim om daaraan te voldoen.

(2) 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien daardie persoon—

- (a) enigiets doen wat daarop bereken is om die Tribunaal of 'n reguleerder onbehoorlik te beïnvloed betreffende enige saak wat met 'n ondersoek verband hou;
- (b) enige bevindings van die Tribunaal of 'n reguleerder wat met 'n ondersoek verband hou, vooruit loop op 'n wyse wat daarop bereken is om die verrigtinge of bevindings te beïnvloed;
- (c) enigiets doen in verband met 'n ondersoek wat minagting van die hof sou uitmaak indien die verrigtinge in 'n geregshof plaasgevind het;
- (d) wetens onwaar inligting aan 'n reguleerder verstrek;
- (e) die Tribunaal of 'n lid van die Tribunaal, in hul onderskeie amptelike hoedanighede, belaster;
- (f) opsetlik die verrigtinge van 'n verhoor onderbreek of hom of haar wangedra by die plek waar 'n verhoor gehou word;
- (g) strydig met 'n lasbrief om te betree en te deursoek optree; of
- (h) sonder magtiging, hoewel hy of sy daarop aanspraak maak om ingevolge artikel 153 oor magtiging te beskik—
  - (i) 'n perseel betree of deursoek; of
  - (ii) op 'n artikel of dokument beslag lê of dit verwyder.

### **161. Strawwe**

Enige persoon wat aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind is, is—

- (a) in die geval van 'n oortreding van artikel 160(1), strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, of met sowel 'n boete as gevangenisstraf; of
- (b) in enige ander geval, strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met sowel 'n boete as gevangenisstraf.

### **162. Landdroshof se jurisdiksie om strawwe op te lê**

Ondanks enige andersluidende bepalings in enige ander wet vervat, het 'n landdroshof jurisdiksie om enige straf op te lê waarvoor in artikel 161 voorsiening gemaak word.

**Deel C**  
**Diverse aangeleenthede**

**163. Agente**

(1) 'n Kredietverskaffer moet verseker dat sy werknemers of agente opgelei is ten opsigte van die sake waarop hierdie Wet betrekking het.

(2) Indien 'n kredietverskaffer gebruik maak van agente met die oog op werwing ten opsigte van kredietooreenkomste of met die oog op die afhandeling of sluiting van kredietooreenkomste—

- (a) moet die agente 'n identifikasiekaart op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm vertoon aan enige persoon met wie die agent in interaksie is in die werwing, afhandeling of sluiting van kredietooreenkomste; en
- (b) moet die kredietverskaffer 'n register van alle agente op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm in stand hou.

(3) Indien 'n persoon wat nie 'n werknemer of agent van 'n kredietverskaffer is nie, 'n kredietooreenkoms vir of namens 'n kredietverskaffer of 'n verbruiker werf, afhandel of sluit—

- (a) moet daardie persoon by naam en identiteitsnommer in die kredietooreenkoms geïdentifiseer word;
- (b) moet daardie persoon aan die verbruiker die bedrag van enige gelde of kommissie wat betaal sal word indien die ooreenkoms gesluit word, verklaar; en
- (c) mag gelde of kommissie wat van die verbruiker gevra word—
  - (i) nie die voorgeskrewe bedrag oorskry nie; en
  - (ii) slegs aan daardie persoon betaal word indien die ooreenkoms gesluit word.

**164. Siviele gedinge en jurisdiksie**

(1) Niks in hierdie Wet maak 'n kredietooreenkoms of 'n bepaling van 'n kredietooreenkoms nietig wat, ingevolge hierdie Wet, verbode is of onwettig verklaar kan word nie, tensy 'n hof daardie ooreenkoms of bepaling onwettig verklaar.

(2) Indien 'n persoon, in enige geding in 'n siviele hof, behalwe 'n Hoë Hof, 'n saak betreffende hierdie Wet of kredietooreenkoms opper—

- (a) wat die Tribunaal voorheen oorweeg het en waaroor die Tribunaal voorheen beslis het—
  - (i) mag daardie hof nie die meriete van daardie saak oorweeg nie; en
  - (ii) moet daardie hof die besluit van die Tribunaal toepas ten opsigte van die saak; of
- (b) waaroor die Tribunaal nie voorheen beslis het nie, kan daardie hof—
  - (i) die meriete van daardie saak oorweeg; of
  - (ii) die saak na die Tribunaal verwys vir oorweging en beslissing.

(3) 'n Persoon wat verlies of skade gely het as gevolg van verbode optrede of pligsversuim met betrekking tot vereiste optrede—

- (a) mag nie 'n geding in 'n siviele hof instel vir die bepaling van die waarde van die bedrag of die toekenning van skadevergoeding indien daardie persoon ingestem het tot skadevergoeding in 'n toestemmingsbevel nie; of

- (b) moet, indien daardie persoon geregtig is om 'n geding bedoel in paragraaf (a) in te stel, wanneer die geregtelike stappe gedoen word, 'n kennisgewing van die Voorsitter van die Tribunaal in die voorgeskrewe vorm by die registrateur of klerk van die hof indien—
  - (i) wat sertifiseer dat die optrede wat die grondslag vir die geding uitmaak, bevind is 'n verbode of vereiste optrede ingevolge hierdie Wet te wees;
  - (ii) wat die datum van die Tribunaal se bevinding vermeld; en
  - (iii) die toepaslike artikel van hierdie Wet uiteensit ingevolge waarvan die Tribunaal sy bevinding gemaak het.

(4) 'n Sertifikaat bedoel in subartikel (3)(b) is afdoende bewys van sy inhoud en is bindend op 'n siviele hof.

(5) 'n Appèl of aansoek om hersiening teen 'n bevel ingevolge artikel 148 deur die Tribunaal uitgereik, skort enige reg op om 'n geding in 'n siviele hof in te stel ten opsigte van dieselfde saak.

(6) 'n Persoon se reg op skadevergoeding wat voortspruit uit verbode of vereiste optrede tree in werking—

- (a) op die datum waarop die Tribunaal 'n beslissing maak ten opsigte van 'n saak wat daardie persoon raak; of
- (b) in die geval van 'n appèl, op die datum waarop die appèlproses ten opsigte van daardie saak afgehandel word.

(7) By die toepassing van artikel 2A(2)(a) van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoerse, 1975 (Wet No. 55 van 1975), sal rente op 'n skuld met betrekking tot 'n eis vir skadevergoeding ingevolge hierdie Wet 'n aanvang neem op die datum waarop die sertifikaat bedoel in subartikel (3)(b) uitgereik word.

## **165. Wysiging van bevel**

Die Tribunaal, handelende uit eie beweging of op aansoek deur 'n persoon geraak deur 'n beslissing of bevel, kan sy beslissing of bevel wysig of herroep indien—

- (a) dit foutiewelik aangevra of toegestaan is in die afwesigheid van 'n party wat daardeur geraak word;
- (b) daar dubbelsinnigheid daarin voorkom, of indien daar 'n ooglopende fout of weglating is, maar slegs in die mate nodig om daardie dubbelsinnigheid, fout of weglating reg te stel; of
- (c) dit gemaak of toegestaan is as gevolg van 'n fout gemeen aan al die partye by die verrigtinge.

## **166. Beperkings op instel van geding**

(1) 'n Klage ingevolge hierdie Wet mag nie verwys word na of gerig word aan die Tribunaal of 'n verbruikershof meer as drie jaar ná—

- (a) die handeling of versuim wat die oorsaak van die klage is nie; of
- (a) in die geval van optrede wat oor 'n tydperk strek of van 'n voortgesette praktyk, die datum waarop die optrede of praktyk tot 'n einde gekom het nie.

(2) 'n Klage ingevolge hierdie Wet mag nie na die Tribunaal of na 'n verbruikershof verwys word ingevolge hierdie Wet teen enige persoon wat 'n respondent is, of 'n respondent was, in verrigtinge kragtens 'n ander artikel van hierdie Wet wat wesenlik met dieselfde optrede verband hou nie.

## 167. Bewysmaatstaf

In enige verrigtinge voor die Tribunaal, of voor 'n verbruikershof, is die bewysmaatstaf ingevolge hierdie Wet volgens oorwig van waarskynlikheid.

## 168. Betekening van dokumente

Tensy anders bepaal in hierdie Wet is 'n kennisgewing, bevel of ander dokument wat ingevolge hierdie Wet op 'n persoon beteken moet word, behoorlik beteken wanneer dit—

- (a) aan daardie persoon gelewer is; of
- (b) per geregistreerde pos aan daardie persoon se laaste bekende adres gestuur is.

## 169. Bewys van feite

(1) In enige verrigtinge in enige hof vir die verhaling van skuld ingevolge 'n kredietooreenkoms, indien die verbruiker—

- (a) beweer dat die koste van krediet geëis deur, of gemaak teenoor, die kredietverskaffer, die maksimum oorskry wat ingevolge hierdie Wet toegelaat word; en
- (b) versoek dat die kredietverskaffer as 'n getuie geroep word om die skuldbedrag volgens aanspraak verskuldig, te bewys,

mag die hof nie uitspraak lewer nie totdat hy die verbruiker geleentheid gegee het om die verbruiker te ondervra met betrekking tot die skuld wat volgens aanspraak verskuldig is, tensy dit vir die hof blyk dat die verbruiker se bewering *prima facie* ongegrond is of dat ondervraging van die kredietverskaffer onprakties is.

(2) In enige strafverrigtinge ingevolge hierdie Wet—

- (a) indien daar bewys word dat 'n bedrieglike verklaring, inskrywing of rekord of bedrieglike inligting verskyn in of op 'n boek, dokument, plan, tekening of rekenaarbewaringsmedium, moet die persoon wat daardie item gehou het, geag word die verklaring, inskrywing, rekord of inligting te gedoen, gemaak, opgeteken of geberg het, tensy die teendeel bewys word; en
- (b) is 'n bevel gewaarmerk deur die Voorsitter van die Tribunaal afdoende bewys van die inhoud van die Tribunaal se bevel.

(3) 'n Verklaring, inskrywing of rekord, of inligting, in of op enige boek, dokument, plan, tekening of rekenaarbewaringsmedium, is toelaatbaar in getuienis as 'n erkenning van die feite daarin of daarop deur die persoon wat lyk asof hy of sy dit gedoen, gemaak, opgeteken of geberg het, tensy daar bewys word dat daardie persoon dit nie gedoen, gemaak, opgeteken of geberg het nie.

## 170. Kredietverskaffer moet rekords hou

'n Kredietverskaffer moet, op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm en vir die voorgeskrewe tydperk, rekords in stand hou van alle aansoeke om krediet, kredietooreenkomste en kredietrekeninge.

## HOOFSTUK 9 ALGEMENE BEPALINGS

### 171. Regulasies

- (1) Die Minister—
- (a) kan, ooreenkomstig subartikel (2), enige regulasies uitvaardig wat elders in hierdie Wet uitdruklik gemagtig of beoog word;
  - (b) kan in oorleg met die Nasionale Kredietreguleerder, regulasies uitvaardig vir aangeleenthede wat met die werksaamhede van die Nasionale Kredietreguleerder verband hou, met inbegrip van—
    - (i) vorms;
    - (ii) tydperke;
    - (iii) inligting wat verlang word;
    - (iv) bykomende omskrywings op daardie regulasies van toepassing;
    - (v) indieningsgelde;
    - (vi) toegang tot vertroulike inligting; en
    - (vii) die wyse en vorm van deelname aan prosedures van die Nasionale Kredietreguleerder;
  - (c) kan in oorleg met die Voorsitter van die Tribunaal, en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, regulasies uitvaardig oor aangeleenthede wat met die werksaamhede van die Tribunaal en reëls vir die behartiging van aangeleenthede voor die Tribunaal verband hou; en
  - (d) kan regulasies uitvaardig betreffende—
    - (i) enige vorms wat nodig is om by die toepassing van hierdie Wet gebruik te word; en
    - (ii) in die algemeen, enige bykomstige of insidentele aangeleentheid wat nodig is vir die behoorlike toepassing en administrasie van hierdie Wet.
- (2) Voordat enige regulasie ingevolge subartikel (1)(a) uitgevaardig word—
- (a) moet die Minister die voorgestelde regulasies vir openbare kommentaar publiseer; en
  - (b) kan die Minister die Nasionale Kredietreguleerder en provinsiale reguleringsowerhede raadpleeg.
- (3) 'n Regulasie ingevolge hierdie Wet moet by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant* uitgevaardig word.

### 172. Teenstrydige wetgewing, gevolglike wysigings, herroeping van wette en oorgangsreëlings

(1) Indien daar 'n teenstrydigheid is tussen 'n bepaling van hierdie Wet genoem in die eerste kolom van die tabel wat in Bylae 1 uiteengesit word, en 'n bepaling van 'n ander Wet wat in die tweede kolom van daardie tabel uiteengesit word, moet die teenstrydigheid opgelos word ooreenkomstig die reël uiteengesit in die derde kolom van daardie tabel.

(2) Die wette bedoel in Bylae 2 word hierby gewysig op die wyse uiteengesit in daardie Bylae.

(3) Die herroeping van die wette in hierdie artikel vermeld, raak nie die oorgangsreëlings wat in Bylae 3 uiteengesit word nie.

(4) Behoudens subartikel (3) en die bepalings van Bylae 3 word die volgende Wette hierby herroep:

- (a) Die Woekerwet, 1968 (Wet No. 73 van 1968);
- (b) die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet No. 75 van 1980); en
- (c) die Wet op die Integrasie van Woekerwette, 1996 (Wet No. 57 van 1996).

### **173. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie Wet word die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet No. 34 van 2005), genoem, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

**Bylae 1**  
**REÛLS BETREFFENDE TEENSTRYDIGE WETGEWING**  
 (Artikel 172(1))

<b>Bepalings van hierdie Wet</b>	<b>Teenstrydige wetgewing</b>	<b>Reël oor oplossing van teenstrydigheid</b>
Die geheel	Hoofstuk II van die Wet op Vervreemding van Grond, 1981 (Wet No. 68 of 1981)	Die bepalinge van hierdie Wet geniet voorrang in die mate van die teenstrydigheid.
Die geheel, vir sover dit op 'n kredietooreenkoms van toepassing is	Die Wet op Strafbedinge, 1962 (Wet No. 15 van 1962)	Die bepalinge van hierdie Wet geniet voorrang in die mate van die teenstrydigheid.
Die geheel, vir sover dit op 'n kredietburo van toepassing is	'n Kennisgewing uitgereik ingevolge die Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 1988 (Wet No. 71 van 1988)	Die bepalinge van hierdie Wet geniet voorrang in die mate van die teenstrydigheid.
Hoofstuk 2	Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999)	Die bepalinge van daardie Wet geniet voorrang in die mate van die teenstrydigheid.
Hoofstuk 2	Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994)	Die bepalinge van daardie Wet geniet voorrang in die mate van die teenstrydigheid.
Deel D van Hoofstuk 4 Artikel 127 Artikel 129 Artikel 131 Artikel 132 Hoofstuk 7 Artikel 164	Artikel 57 of 58 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)	Die bepalinge van hierdie Wet geniet voorrang in die mate van die teenstrydigheid.
Deel D van Hoofstuk 4 Artikel 127 Artikel 129 Artikel 131 Artikel 132 Hoofstuk 7 Artikel 164	Hoofstuk IX van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944)	Die bepalinge van hierdie Wet geniet voorrang in die mate van die teenstrydigheid.

## Bylae 2 WYSIGING VAN WETTE

(Artikel 172(2))

No en jaar van Wet	Kort titel	Omvang van wysiging
Wet 24 van 1936	Insolvensiewet, 1936	<p>Die wysiging van artikel 84 deur –</p> <p>(a) die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">'Spesiale bepalings in geval van goedere gelewer aan 'n skuldenaar ingevolge 'n paaientooreenkoms'; en</p> <p>(b) die openingswoorde van subartikel (1) deur die volgende woorde te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">'Indien enige eiendom gelewer is aan 'n persoon (hierna die skuldenaar genoem) kragtens 'n transaksie wat 'n paaientooreenkoms is wat beoog word in paragrawe (a), (b) en (c)(i) van die omskrywing van 'paaientooreenkoms' uiteengesit in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005.'</p>
Wet 32 van 1944	Wet op Landdroshowe, 1944	<p>1 Die wysiging van subartikel (1) van artikel 29 deur –</p> <p>(a) die woorde 'en die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' na die uitdrukking 'Behoudens die bepalings van hierdie Wet' in te voeg; en</p> <p>(b) paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">'(e) optrede na aanleiding van of voortspruitend uit enige kredietooreenkoms, soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005.'</p> <p>2 Die wysiging van artikel 60 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p style="padding-left: 40px;">'(1) Tensy uitdruklik anders bepaal in hierdie Wet of die reëls en die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005, en behoudens die bepalings van artikel 19 van die Wet op Skuldinvorderaars, 1998, is geen persoon behalwe 'n prokureur, 'n agent bedoel in artikel 22 of 'n persoon wat by of kragtens die bepalings van die Nasionale Kredietwet, 2005, gemagtig word om dit te doen, geregtig om enige gelde of vergoeding in verband met die invordering van enige skuld van die skuldenaar te verhaal nie.'</p> <p>3 Die wysiging van subartikel (5) van artikel 65D deur die woord 'huurkoop-ooreenkoms' deur die uitdrukking 'kredietooreenkoms, soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' te vervang. '</p> <p>4 Die wysiging van subartikel (2) van artikel 74A deur –</p> <p>(a) in paragraaf (b) die woorde –</p> <p style="padding-left: 40px;">(i) 'die krediettransaksie omskryf in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkoms, 1980 (Wet No. 75 van 1980)' deur die woorde 'die kredietooreenkoms omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' te vervang; en</p> <p style="padding-left: 40px;">(ii) 'aangekoop kragtens sodanige krediettransaksie' deur die woorde 'aangekoop</p>

		<p>kragtens daardie kredietooreenkoms' te vervang; en</p> <p>(b) in paragraaf (i) die woorde 'behalwe 'n krediettransaksie' deur die woorde 'behalwe 'n kredietooreenkoms' te vervang.<sup>25</sup></p> <p>5 Die wysiging van artikel 74C deur –</p> <p>(a) in paragraaf (b) van subartikel (1) die woorde 'enige krediettransaksie gereël deur die Wet op Kredietooreenkoms, 1980' deur die woorde 'n kredietooreenkoms gereël deur die Nasionale Kredietwet (“National Credit Act”), 2005' te vervang; en</p> <p>(b) in paragraaf (b) van subartikel (2) die woorde ' 'n krediettransaksie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkoms, 1980 (Wet No. 75 van 1980)' deur die woorde ' 'n kredietooreenkoms soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet (“National Credit Act”), 2005' te vervang.</p> <p>6 Die wysiging van subartikel (7) van artikel 74G deur –</p> <p>(a) die woorde ' 'n krediettransaksie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkoms, 1980 (Wet No. 75 van 1980)' deur die woorde ' 'n kredietooreenkoms soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet (“National Credit Act”), 2005' te vervang; en</p> <p>(b) deur oral in die subartikel die woord 'transaksie' deur die woord 'ooreenkoms' te vervang.</p> <p>7 Die wysiging van subartikel (4) van artikel 74H deur die woorde ' 'n krediettransaksie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkoms, 1980 (Wet No. 75 van 1980)' deur die woorde ' 'n kredietooreenkoms soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet (“National Credit Act”), 2005' te vervang.</p> <p>8 Die wysiging van artikel 74K deur –</p> <p>(a) in subartikel (2)–</p> <p>(i) die woorde ' 'n krediettransaksie gereël deur die Wet op Kredietooreenkoms, 1980 (Wet No. 75 van 1980)' deur die woorde ' 'n kredietooreenkoms gereël deur die Nasionale Kredietwet (“National Credit Act”), 2005' te vervang'; en</p> <p>(ii) die woord 'verkoper', in elke geval, deur die woord 'kredietverskaffer' te vervang; en</p> <p>(b) in subartikel (3) die woorde ' van artikel 15' te skrap; en</p> <p>(c) in subartikel (3) die woorde 'kredietgewer soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Kredietooreenkoms, 1980' deur die woorde 'kredietverskaffer soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet (“National Credit Act”), 2005' te vervang.</p>
Wet 15 van 1962	Wet op Strafbedinge, 1962	Die herroeping van artikel 5.

<sup>25</sup> Was die bedoeling eintlik om paras (b) en (g) te vervang?

Wet 25 van 1964	Wet op Verkoop- en Diensaangeleenthede, 1964	<p>1 Die wysiging van die omskrywing van 'verkoop' in artikel 1 deur die uitdrukking 'soos omskryf in die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet No 75 van 1980' te vervang deur die uitdrukking 'soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005'.</p> <p>2 Die wysiging van artikel 2 deur die woorde 'en behoudens die bepalings van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' na die woorde 'die beheer van die Minister' in te voeg.</p>
Wet 91 van 1964	Doeane- en Aksynswet, 1964	<p>Die wysiging van subartikel (1) van artikel 114 deur –</p> <p>(a) in paragraaf (a)(iv)(bb) die uitdrukking 'Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet No. 75 van 1980)' deur die uitdrukking 'Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' te vervang;</p> <p>(b) in paragraaf (a)(v)(aa) die –</p> <p>(i) uitdrukking 'Wet op Kredietooreenkomste' deur die uitdrukking 'Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' te vervang; en</p> <p>(ii) woord 'kredietgewer' deur die woord 'kredietverskaffer' te vervang;</p> <p>(c) in paragraaf (a)(v)(bb) die uitdrukking 'Woekerwet, 1968 (Wet No. 73 van 1968)' deur die uitdrukking 'Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' te vervang;</p> <p>(d) in paragraaf (a)(vi)(aa) die woord 'kredietgewer' deur die woord 'kredietverskaffer' te vervang;</p> <p>(e) in paragraaf (a)(vi)(aa)<sup>26</sup> die woord 'kredietgewer' deur die woord 'kredietverskaffer' te vervang;</p> <p>(f) in paragraaf (a)(vi)(cc) die woord 'kredietgewer' deur die woord 'kredietverskaffer' te vervang; en</p> <p>(g) in paragraaf (b)(ii) die woord 'kredietgewer' deur die woord 'kredietverskaffer' te vervang.</p>
Wet 55 van 1975	Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975	Die wysiging van subartikel (2) van artikel 2A deur die woorde 'en die bepalings van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' na die uitdrukking 'tussen die partye' in paragraaf (a) in te voeg.
Wet 88 van 1984	Wet op Huweliksgoedere, 1984	Die wysiging van subartikel (2) van artikel 15 deur paragraaf (f) deur die volgende paragraaf te vervang: '(f) as 'n verbruiker 'n kredietooreenkoms aangaan waarop die bepalings van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005, van toepassing is, soos onderskeidelik 'verbruiker' en 'kredietooreenkoms' in daardie Wet omskryf is, maar hierdie paragraaf vereis nie die skriftelike toestemming van 'n gade nie voor die aangaan van elke opeenvolgende koste kragtens 'n kredietfasiliteit, soos omskryf in daardie Wet.'
Wet 61 van 1984	Wet op Howe vir Klein Eise, 1984	Die wysiging van artikel 15 deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang: '(d) stappe gegrond op of voortspruitend uit 'n kredietooreenkoms, soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005, waar die eis of waarde van die eiendom in geskil nie die bedrag oorskry wat van tyd tot tyd by kennisgewing in die <i>Staatskoerant</i> deur die Minister bepaal word nie;'
Wet 71 van 1988	Wet op Verbruikersake	1 Die wysiging van subartikel (1) van artikel 4 deur die

<sup>26</sup> Paragraaf (e) se bewoording is dieselfde as dié van paragraaf (d). Moes dit miskien "(a)(vi)(bb)" gelui het?

	(Onbillike Sakepraktyke), 1988	woorde 'en die Nasionale Kredietreguleerder, ingestel ingevolge die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005, indien die aangeleentheid binne die jurisdiksie van die Nasionale Kredietreguleerder ressorteer,' na die woorde 'met enige belanghebbende party' in paragraaf (c) in te voeg,' 2 Die wysiging van subartikel (1) van artikel 9 deur die woorde 'of die Nasionale Kredietreguleerder ingestel ingevolge die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005' na die uitdrukking 'met of sonder regs persoonlikheid' in te voeg.
Wet 52 van 1998	Langtermyn-versekeringswet, 1998	Die wysiging van artikel 44 deur 'n nuwe subartikel (5) by te voeg: '(5) Hierdie artikel is nie van toepassing nie indien die langtermynpolis of die polisvoordele daarvan soos beoog in subartikel (1), met die oog op die beskerming van die belange van 'n krediteur kragtens 'n kredietooreenkoms waarop die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005, van toepassing is, beskikbaar gestel word.'
Wet 53 van 1998	Korttermyn-versekeringswet, 1998	Die wysiging van artikel 43 deur 'n nuwe subartikel (6) by te voeg: '(6) Hierdie artikel is nie van toepassing nie indien die korttermynpolis of die polisvoordele daarvan soos beoog in subartikel (1), met die oog op die beskerming van die belange van 'n krediteur kragtens 'n kredietooreenkoms waarop die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005, van toepassing is, beskikbaar gestel word.'
Wet 78 van 1998	Nasionale Betalingstelselwet, 1998	1 Deur die volgende artikel ná artikel 6 in te voeg: <b>6A Effektiwiteit en doeltreffendheid van die Nasionale Betalingstelsel</b>  (1) Met ingang van 1 Julie 2006 mag 'n persoon nie 'n betalingstelsel op enige wyse verander, manipuleer, in stand hou of aanwend wat voorkeurbehandeling gee aan 'n betalingsinstruksie bo enige ander betalingsinstruksie in daardie stelsel, tensy sodanige voorkeurbehandeling by wet voorgeskryf word nie.  (2) Met betrekking tot enige kredietooreenkoms aangegaan op of voor 30 Junie 2006, wat onderworpe is aan 'n betalingstelsel wat voorkeurbehandeling gee aan 'n betalingsinstruksie bo enige ander betalingsinstruksie in daardie stelsel, behalwe voorkeurbehandeling by wet voorgeskryf, moet op of voor 31 Desember 2007 beëindig word.  (3) 'n Persoon wat toegang tot 'n betalingstelsel verskaf of deelname daaraan toelaat, mag nie enige persoon toegang tot of deelname aan daardie betalingstelsel weier indien daardie tweede persoon voldoen aan die maatstawwe gestel deur eersgenoemde persoon nie.  (4) Die maatstawwe bedoel in subartikel (3) vir toegang tot of deelname aan 'n betalingstelsel moet regverdig, deursigtig en billik wees.  (5) 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie artikel oortree, is skuldig aan 'n misdryf.'  2 Deur paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 14 deur die volgende paragraaf te vervang:  '(a) artikels 6(2), 6A(4) of 12(8) is strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 miljoen, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, of met sowel so 'n boete as sodanige gevangenisstraf;'
Wet 64 van 1990	Wysigingswet op Finansiële Instellings, 1990	Die herroeping van paragraaf (i) van artikel 17.

Wet 89 van 1991	Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991	<p>1 (a) Artikel 8 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:</p> <p>'(3) By die toepassing van hierdie Wet word 'n kredietooreenkoms waarop artikel 121 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005, van toepassing is, nie geag 'n lewering van goedere of dienste te wees nie tensy die kredietopnemer die reg uitgeoefen het om daardie ooreenkoms nietig te verklaar op die wyse en binne die tydperk wat deur daardie artikel toegelaat word.'</p> <p>(b) Artikel 9 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>'(b) waar daardie lewering 'n lewering is waarop artikel 8(3) betrekking het, op die dag ná die laaste dag van die tydperk waarin die ontvanger die reg kragtens artikel 121 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005 (Wet No. 34 van 2005), om die ooreenkoms nietig te verklaar, kan uitoefen;'</p>
Wet 57 van 1993	Wet op Sekerheidstelling deur Middel van Roerende Goed, 1993	<p>Die wysiging van subartikel (1) van artikel 2 deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:</p> <p>'(b) waarop 'n paaiementooreenkoms, soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet ("National Credit Act"), 2005, betrekking het.'</p>
Wet 63 van 2000	Wet op Openbaarmaking van Huislenings en -verbande, 2000 ("Home Loan and Mortgage Disclosure Act")	Die herroeping van artikel 13.

## Bylae 3 OORGANGSBEPALINGS

### 1 Woordomskrywing

(1) In hierdie Bylae beteken –  
“**effektiewe datum**” die datum waarop hierdie Wet, of enige tersaaklike bepaling daarvan, ingevolge artikel 173 in werking getree het;  
“**voorafbestaande kredietooreenkoms**” ’n ooreenkoms wat voor die effektiewe datum aangegaan is, en waarop hierdie Wet van toepassing is; en  
“**vorige Wet**” ’n wet deur artikel 172 herroep.

(2) ’n Verwysing in hierdie Bylae –

- (a) na ’n artikel, by wyse van ’n nommer, is ’n verwysing na die ooreenstemmende artikel van –
  - (i) die vorige Wet, indien die nommer deur die woorde ‘van die vorige Wet’ gevolg word; of
  - (ii) hierdie Wet, in enige ander geval;
- (b) na ’n item of subitem, by wyse van ’n nommer, is ’n verwysing na die ooreenstemmende item of subitem van hierdie Bylae.

### 2 Vertraagde toepassing van vereiste registrasie

Ondanks artikel 40 –

- (a) word die vereiste ingevolge hierdie Wet vir ’n kredietverskaffer of ’n kredietburo om geregistreer te word, 40 besigheidsdae ná die effektiewe datum van krag; en
- (b) word daar tydelik voldoen aan daardie vereiste gedurende die eerste jaar ná die effektiewe datum vanaf die tyd dat ’n persoon aansoek doen om registrasie as ’n kredietverskaffer totdat ’n reguleerder ’n finale besluit met betrekking tot daardie aansoek geneem het.

### 3 Nasionale register van kredietooreenkoms

(1) Ondanks artikel 69 tree die vereistes van artikel 69(2), (3), (4) en (5) nie in werking nie tot op ’n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, nadat –

- (a) die Nasionale Kredietreguleerder die register van kredietooreenkoms ingestel het, soos vereis deur artikel 69(1); en
- (b) die Minister advies van ’n onafhanklike ouditeur ontvang het dat die Nasionale Kredietreguleerder redelike en effektiewe middele tot stand gebring het om inligting waaroor ingevolge artikel 69 aan die Nasionale Kredietreguleerder verslag gedoen staan te word, te ontvang en saam te stel.

(2) Die Minister kan die inligting voorskryf wat deur ’n kredietverskaffer geregistreer moet word ten opsigte van ’n voorafbestaande kredietooreenkoms, in plaas van die inligting vereis deur artikel 69(2).

### 4 Toepassing van Wet op voorafbestaande ooreenkoms

(1) Hierdie Wet is van toepassing op ’n kredietooreenkoms wat voor die effektiewe datum aangegaan is, indien daardie kredietooreenkoms binne die toepassing van hierdie Wet sou geressorteer het ingevolge Hoofstuk 1 indien hierdie Wet, behoudens subitems (2) tot (5), reeds van krag was toe die ooreenkoms aangegaan is.

(2) Die bepaling van hierdie Wet bedoel in die eerste kolom van die volgende tabel is op ’n voorafbestaande kredietooreenkoms van toepassing slegs in die mate in die tweede kolom van die tabel aangedui.

Bepalings van die Wet	Mate waarin die bepalings op 'n voorafbestaande kredietooreenkoms van toepassing is
Hoofstuk 1 Hoofstuk 2 Hoofstuk 3 Artikels 67 en 68 Artikels 70 tot 72 Artikels 95 tot 98 Hoofstuk 5 – Deel E Artikels 122 en 123 Hoofstuks 6 tot 9 Bylaes 1 en 2	Is volledig van toepassing op 'n voorafbestaande kredietooreenkoms vanaf die effektiewe datum, behalwe dat artikel 5(3) nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n voorafbestaande insidentele kredietooreenkoms.
Hoofstuk 4 – Deel D	Is op 'n voorafbestaande ooreenkoms van toepassing maar slegs in die mate waarin dit nie op roekelose krediet betrekking het nie.
Hoofstuk 4 - Deel A Artikel 91	Is op 'n voorafbestaande kredietooreenkoms van toepassing maar slegs ten opsigte van handeling of versuime wat op of ná die effektiewe datum plaasvind.
Artikel 69	Is van toepassing op 'n voorafbestaande kredietooreenkoms maar slegs ná die datum ingevolge item 3 deur die Minister verklaar.
Artikels 89 en 90	Is van toepassing op 'n voorafbestaande kredietooreenkoms maar slegs in die mate waarin die gemeneereg of nasionale of provinsiale wetgewing, in dieselfde mate op so 'n ooreenkoms of bepaling van toepassing was, soos op die datum waarop die ooreenkoms aangegaan is.
Artikel 93 Hoofstuk 5 - Deel D	Is van toepassing op 'n voorafbestaande kredietooreenkoms vanaf die effektiewe datum, behoudens subitem (3).
Hoofstuk 4 - Deel C Artikels 92, 94, 99 en 121 Hoofstuk 5 - Deel C	Is, behoudens subitem (3), nie van toepassing op voorafbestaande kredietooreenkoms nie.

(3) Met betrekking tot enige kredietooreenkoms, behalwe 'n pandtransaksie, binne een jaar voor die effektiewe datum aangegaan, moet die kredietverskaffer binne ses maande ná die effektiewe datum –

(a) die verbruiker voorsien van –

(i) 'n staat wat aan die vereistes van artikel 92 voldoen; en

(ii) 'n dokument wat aan die vereistes van artikel 93 voldoen,

in die mate waarin 'n dokument of staat beoog ingevolge subparagrafe (i) of (ii) hierbo, nie voor die effektiewe datum reeds deur die kredietverskaffer aan die verbruiker verskaf is nie; en

(b) 'n vorm van periodieke staat wat aan die vereiste van artikel 108 voldoen invoer.

(4) Op aansoek deur 'n kredietverskaffer kan die Nasionale Kredietreguleerder, indien oortuig dat, hoewel die kredietverskaffer te goeder trou sy bes probeer, dit nie vir hom doenlik is om aan die hele subitem (3) of 'n gedeelte daarvan te voldoen nie –

(a) die tyd verleng waarbinne die kredietverskaffer aan die verpligtinge van subitem (3) moet voldoen; of

(b) 'n voldoeningsooreenkoms met die kredietverskaffer aangaan wat 'n plan en skedule instel vir voldoening aan die vereistes van subitem (3).

(5) Ondanks artikel 95, by die toepassing van hierdie item, maak 'n verandering ná die effektiewe datum aan enige kredietooreenkoms wat voor die effektiewe datum aangegaan is, die aangaan van 'n nuwe kredietooreenkoms uit, tensy dit 'n verandering is aan –

(a) die rentekoers kragtens 'n veranderlike koersooreenkoms; of

(b) die rentekoers of die kredietperk kragtens 'n kredietfasiliteit.

## 5 Maksimum rentekoers

Die maksimum jaarlikse finansieringskostekoers vasgestel ingevolge die Woekerwet, 1968 (Wet No. 73 van 1968), en van krag onmiddellik voor die effektiewe datum, bly, ondanks die herroeping van daardie Wet, van krag as die maksimum rentekoers totdat die Minister vir die eerste maal 'n maksimum rentekoers ingevolge artikel 105 voorskryf.

## 6 Spesifieke behoud van regte, opdragte, registrasie en soortgelyke regsposisie

(1) Behoudens item 7(1) word 'n persoon wat onmiddellik voor die effektiewe datum deur 'n entiteit beoog in item 8 as 'n skuldberader geregistreer was, geag met ingang van die effektiewe datum ingevolge hierdie Wet as sodanig geregistreer te wees.

(2) Ondanks die herroeping van die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet No. 75 van 1980), is die bepalings van artikel 24 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), van toepassing op 'n kredietooreenkoms waarop hierdie Wet van toepassing is, in die mate waarin daardie bepalings op sodanige kredietooreenkoms van toepassing sou gewees het indien die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet No. 75 van 1980), nie herroep is nie.

## 7 Algemene behoud van regulasies, regte, pligte, kennisgewings en ander instrumente

(1) 'n Registrasie wat ingevolge artikel 15A van die Woekerwet, 1968 (Wet No. 73 van 1968), deur 'n owerheid wat vrystellings kragtens daardie artikel administreer, uitgereik is vir 'n onbepaalde termyn en wat onmiddellik voor die effektiewe datum van krag was, duur, vanaf die effektiewe datum, vir die tydperk by regulasie bepaal vir daardie kategorie registrasie.

(2) Enige ander reg of geregtigheid geniet deur, of verpligting opgelê aan, enige persoon ingevolge enige bepaling van die vorige Wet, wat nie onmiddellik voor die effektiewe datum benut of nagekom is nie, moet, behoudens die bepalings van hierdie Wet, geag word 'n geldige reg of geregtigheid van, of verpligting opgelê aan, daardie persoon te wees ingevolge enige vergelykbare bepaling van hierdie Wet, met ingang van die datum waarop daardie reg, geregtigheid of verpligting die eerste maal ontstaan het.

(3) 'n Kennisgewing deur enige persoon aan 'n ander persoon gegee ingevolge enige bepaling van 'n vorige Wet moet geag word 'n kennisgewing te wees gegee ingevolge enige vergelykbare bepaling van hierdie Wet, met ingang van die datum waarop kennis kragtens die vorige Wet gegee is.

(4) 'n Dokument wat voor die effektiewe datum ooreenkomstig 'n vorige Wet beteken is, moet geag word bevredigend beteken te wees vir enige vergelykbare doel van hierdie Wet.

(5) 'n Bevel gegee deur 'n inspekteur ingevolge enige bepaling van 'n vorige Wet, en van krag onmiddellik voor die effektiewe datum, bly van krag, behoudens die bepalings van hierdie Wet.

## 8 Nasionale Kredietreguleerder

Met ingang van die effektiewe datum –

- (a) word die bates, laste en werknemers van 'n regulatoriese instelling ingevolge artikel 15A van die Woekerwet, 1968 (Wet No. 73 van 1968), deur die Minister aangewys, oorgedra word aan, en is hulle onderskeidelik bates, laste en werknemers van die Nasionale Kredietreguleerder; en
- (b) kan enige persoon aangestel as 'n inspekteur of in enige ander hoedanigheid ingevolge die Woekerwet, 1968 (Wet No 73 van 1968), na die Nasionale Kredietreguleerder oorgeplaas word.

## 9 Provinsiale reguleringskapasiteit

Totdat provinsiale wetgewing in 'n provinsie verorden is wat 'n provinsiale kredietreguleerder vir daardie provinsie instel soos beoog in Deel D van Hoofstuk 2, kan die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, al die werksaamhede van die Nasionale Kredietreguleerder wat binne daardie provinsie en ooreenkomstig hierdie Wet uitgeoefen moet word, aan die betrokke LUR van daardie provinsie delegeer.

## 10 Voortgesette afdwinging van herroepe wette

Ondanks die herroeping van die vorige Wette, vir 'n tydperk van drie jaar ná die effektiewe datum en ten opsigte van 'n aangeleentheid wat gedurende die tydperk van drie jaar onmiddellik voor die effektiewe datum plaasgevind het –

- (a) kan die Nasionale Kredietreguleerder enige bevoegdheid van die Minister ingevolge enige sodanige vorige Wet uitoefen om enige oortreding van daardie Wet te ondersoek en om te vervolg, asof dit na aanleiding van 'n klagte ingevolge hierdie Wet stappe doen; en
- (b) kan die Tribunaal 'n bevel uitreik wat dit gemagtig is om ingevolge hierdie Wet uit te reik en wat in die omstandighede kragtens enige vorige Wet deur 'n hof uitgereik sou kon word asof dit na aanleiding van 'n klagte ingevolge hierdie Wet stappe doen.

## 11 Regulasies

Op die effektiewe datum, en vir 'n tydperk van 60 besigheidsdae ná die effektiewe datum, kan die Minister enige regulasie beoog in die Wet uitvaardig sonder om te voldoen aan die prosedurevereistes uiteengesit in artikel 171 of elders in hierdie Wet, op voorwaarde dat die Minister sodanige voorgestelde regulasies in die *Staatskoerant* gepubliseer het, en dat 'n tydperk van minstens 30 besigheidsdae vir kommentaar toegelaat word.